

VERVANGINGSWAARDE EN VERVANGINGSPRYS;
'N STELSELANALISE EN KRITIESE LITERA=
TUUROORSIG

deur

T. ELOFF (M.COMM.) 27

Proefskrif ingelewer ter voldoening
aan die vereistes vir die graad

DOKTOR COMMERCII (BEDRYFSREKENINGKUNDE)

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys

PROMOTOR : PROF. DR. A.J.E. SORGDRAGER

Potchefstroom
Januarie 1976.

Opgedra aan my gesin en ons ouers

DANKBETUIGING

Graag wens ek langs hierdie weg die volgende persone hartlik te bedank vir hulle hulp met hierdie studie.

Aan prof. dr. A.J.E. Sorgdrager my opregte dank en waardering vir al die hulp, raad en leiding wat ek van hom ontvang het. Dit was vir my 'n voorreg om onder sy bekwame leiding te kon studeer, en te put uit sy kennis.

Aan prof. W.D. Hamman my opregte dank vir sy bereidwilligheid om my, ten spyte van sy druk program, te help. Sy aanbevelings en positiewe kritiek was van besondere waarde vir my.

Aan mnr. H.J. Swanepoel my opregte dank vir sy aanmoediging en belangstelling, dit word hoog op prys gestel.

Aan mev. Elza de Wet my hartlike dank vir die netjiese tikwerk, asook aan mev. Coetzee my dank vir die taalkundige versorging.

Aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek my dank vir hulle onbaatsugtige diens en hulpvaardigheid.

Aan my eggenote wat my in die afgelope jare van studie gedurig aangemoedig, geïnspireer en bygestaan het, my opregte dank.

SOLI DEO GLORIA!

T. ELOFF

Potchefstroom
Januarie 1976.

INLEIDING, DOEL EN MOTIVERING VAN DIE STUDIE	2
1 : DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDEGEDAGTE	28
2 : DIE VERVANGINGSWAARDETEORIE	97
3 : PROBLEME BY DIE TOEPASSING VAN PRYSPEILVERANDERING IN DIE PRAKTYK	166
4 : DIE VERVANGINGSWAARDELEER KRITIESE BEOORDEEL	187
5 : VERGELYKING VAN DIE VERVANGINGS= WAARDESTELSEL MET ANDER STELSLS	209
6 : VEREISTES WAARAAN 'N BEDRYFSREKE= NINGKUNDIGE STELSEL MOET VOLDOEN	269
7 : GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE OPLOSSING	286
AANHANGSELS	317
BRONNELYS	340
SUMMARY	357

INLEIDING	Bls.
INLEIDING	2
1. PROBLEEMSTELLING.	5
2. VERVANGINGSWAARDE.	5
3. VERVANGINGSPRYS.	12
4. OPBRENGSWAARDE.	13
5. BEGRIPPE.	15
6. OORSIG VAN BEHANDELING VAN ONDERWERP.	24

INLEIDING

Ondernemings in Suid-Afrika het vandag voor heelwat koste en finansiële probleme te staan gekom. Die belangrikste hiervan is die volgende:

- (a) 'n Groot gedeelte van die winste van ondernemings is afkomstig van die revaluasie van ongerealiseerde voorrade. Sulke winste verskaf geen bykomende kontantinvloei nie, aangesien hierdie wins vasgevang is in die so nodige voorrade wat vir die normale ondernemingsaktiwiteite onontbeerlik is.
- (b) Die waardevermindering wat toegelaat word op die historiese kosprys van slytende produksiemiddele in 'n tydperk van pryspeilverandering is onvoldoende om te voorsien in die vervangingskoste van hierdie produksiemiddele.
- (c) Die finale resultate van 'n onderneming soos vervat in die finale rekeninge is nie 'n ware en getroue weergawe van die stand van die onderneming ten tye van pryspeilverandering nie.

Die rede vir hierdie probleme lê opgesluit in die inflasiekoers en veranderde pryspeile wat ons vandag in Suid-Afrika en ook in die res van die

Westerse Wêreld ondervind, en wat al hoe groter en gevaarliker afmetings aanneem.

Die inflasie soos gemeet deur jaarlikse stygings in verbruiksprysindekse is soos volg: (Vergelyk Hamman, W.D. : Winsbepaling tydens veranderde pryspeile : Bedryfsleiding, Maart 1975, p.37).

PERSENTASIE STYGING PER JAAR

	SUID-AFRIKA	ENGELAND	V.S.A.
1968	2,7%	4,7%	4,2%
1969	3,9%	5,3%	5,4%
1970	5,0%	6,4%	5,9%
1971	6,9%	9,4%	4,3%
1972	7,3%	7,1%	3,3%
1973	10,0%	9,2%	6,2%
1974	14,4%	16,5%	11,5%

As gevolg van inflasie kry ons kostestygings. Vir hierdie kostestygings word daar tradisioneel nie voorsiening gemaak in die inkomstestaat van 'n onderneming nie. Dit het tot gevolg dat 'n onderneming op sy beskikbare kapitaal inteer byvoorbeeld:

- (a) Waardevermindering op bates is onvoldoende om die bate aan die einde van sy leeftyd te vervang.

- (b) Meer kapitaal wat onproduktief in voorrade opgesluit lê d.w.s. nie slegs voorraad ru-materiaal nie maar ook voorrade onvoltooide goedere en voltooide goedere wat meer kapitaal vereis om die voorrade op dieselfde vlakke te kan hou.

Met die beskikbare kapitaal kan 'n onderneming dus nie sy produksie van die verlede handhaaf nie en kry ons 'n afplatting van die ekonomie wat, as dit lank genoeg aanhou, kan oorgaan in 'n negatiewe groei en ook in 'n resessie toestand.

Die doel van elke produksie- en diensonderneming is om die behoeftes van die gemeenskap wat dit bedien te bevredig teen die laags moontlike prys. Die prikkel hiertoe is die winsmotief sowel as die motief om voortbestaan.

Die doel van hierdie studie vloei dan ook voort uit die voorafgaande prentjie wat geskilder is naamlik om die verskillende bedryfsrekeningkundige metodes, -stelsels en -tegnieke te evalueer ten einde 'n geskikte stelsel te vind wat ten tye van inflasie en veranderde pryspeile met vrug toegepas kan word, om die nadele van inflasie vir die ondernemer sowel as verbruiker uit te skakel of tot 'n minimum te beperk.

1. PROBLEEMSTELLING

Verskillende metodes van kosprysberekening en winsbepaling word in die literatuur en praktyk aanbeveel. Veral die vervangingswaardegedagte, wat weer eens onder die inflasionistiese toestande van vandag heelwat aandag geniet, vereis verdere ondersoek veral ten opsigte van die praktiese toepassing daarvan, asook 'n analise van die verskillende bedryfsrekeningkundige tegnieke en -stelsels om te bepaal wat onder toestande hier in Suid-Afrika die grootste praktiese voordele inhou vir die produsent sowel as die verbruiker.

Die probleem kan ook soos volg opgesom word: Dat 'n metode of metodes ontwikkel moet word waarby die bedryfsrekeningkunde uitgebrei moet word sodat die resultate van die aktiwiteite van 'n onderneming, gemeet kan word in eenhede van gelyke koopkrag.

2. VERVANGINGSWAARDE

Daar bestaan sekerlik min begrippe wat met soveel benaminge soos die vervangingswaarde aangedui word. Daarna word verwys as: (Vergelyk Batty, J. Management accountancy. MacDonald and Evans Ltd. London, 1966. Bakker, O. Bedrijfshuishoudkunde;

deel III. J. Muusses N.V., Purmerend, 1948
en Hamman, W.D.: Kapitaalbepaling, winsbepaling
en bestuursverantwoording ten tyde van prys=
veranderings. Proefskrif. Stellenbosch, Desember
1971).

"Replacement value accounting
Replacement value depreciation
Stabilized accounting
Economic depreciation
Replacement cost accounting
Revaluation accounting
Fair value depreciation
Current cost
Current dollar accounting
Price-level accounting
Constant dollar accounting
Uniform dollar accounting
Aktuele koste
Vervangingskoste."

Hierdie spraakverwarring was dan ook daarvoor
verantwoordelik dat nog geen algemeen bruikbare

stelsel of tegniek uit die vervangingswaardege= dagte voortgevloei het nie.

Die begrip waarde kan omskrywe word as die kwantitatiewe voorstelling van die betekenis van goedere vir die besitter daarvan. Vir die onderneming dui die begrip waarde die mate aan waarin die ekonomiese posisie van die onderneming van die besit van die goedere afhanglik is. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J.: Schoonheidsgebreke in de teorie van de vervangingswaarde; 'n antwoord aan prof. van Muiswinkel. M.A.B. Mei, 1964, p.172).

Volgens A. Mey (Bedrijfseconomische monographieën Deel V; Bedrijfsbegroting en bedrijfsbeleid, Leiden, 1951) is die waarde-oordeel self 'n maatskaplike verskynsel en die leer waaruit die insig ontstaan wat daardie oordeel moet vorm moet die waarde as maatskaplike verskynsel beskou. Die noodsaaklikheid om deur die waarde-oordeel geleite word geld nie alleen vir die produsent nie, maar elke menslike handeling wat voortvloei uit die welvaartstrewe word deur waarde-oordele beheers.

Vir doeleindes van hierdie studie sal slegs aandag geskenk word aan die bepaling van waarde volgens

die vervangingswaardegedagte.

Vervanging het as betekenis in die bedryfsrekening= kunde die voortsetting van die produksieproses dit wil sê die vervanging van die verbruikte produksiemiddele en koste om uitholling van kapi= taal te voorkom. Die vervangingswaarde is 'n metode om die hoogte van die waarde van die produk of diens te bepaal en is geen dogma soos baie skrywers dit sien nie.

Die vervangingswaarde is nie onder alle omstandig= hede bepalend vir die hoogte van die waarde nie, maar slegs in die gevalle waarin vervanging op grond van die verhouding van opbrengswaarde tot vervangingswaarde doelmatig is. In sommige geval= le sal ruil moet plaasvind indien die opbrengs= waarde laer is as die vervangingswaarde as gevolg van kapasiteitskoste wat in elk geval as 'n ver= lies gesien moet word. (Vergelyk van der Schroeff, H.J.: Kosten en kostprijs : Agste druk, Kosmos, Amsterdam, 1974, p.13/14).

Vervanging hoef egter nie net te beteken die substitusie of vervanging deur identiese goedere nie. Van der Schroeff sê dat ons nie die produk= siemiddel vervang nie, maar die prestasie van die

produksiemiddel.

Daar moet egter aan twee voorwaardes voldoen word voordat die bepaling van die waarde-oordeel volgens die vervangingswaarde kan geskied naamlik:

- (a) Die vervanging moet moontlik wees.
- (b) Die vervanging moet doelmatig wees.

Indien die goedere onvervangbaar is, val die waarde-oordeel volgens die vervangingswaarde weg. Dit gaan hier om 'n ekonomiese onvervangbaarheid.

Die uitgangspunt van die vervangingswaardegedagte soos deur Limperg en sy volgelinge uiteengesit, is dat daar twee waarde-oordele bestaan naamlik: 'n opbrengswaarde wat die waarde meet aan die opbrengs aan behoeftebevredigingsmiddele wat die objek kan verskaf en vervangingswaarde wat die waarde is gemeet aan die koste van vervanging, dit wil sê, gemeet aan die offers aan behoeftebevredigingsmiddele nodig om die objek te vervang. (Vergelyk Limperg, Th. Jr. : Bedrijfseconomie Deel 2, Leer van de kostprijs, Deventer, Antwerpen-Düsseldorf, 1968, p.49).

Offers en koste is nie identiese begrippe nie.

Offers dui op alle opgeofferde waardes aangegaan ten opsigte van die produksieproses terwyl koste slegs die offers is wat doelmatig aangewend is ten opsigte van die produksieproses. Koste is dus die enger begrip.

Hier sal slegs klem gelê word op die vervangings= waarde terwyl die opbrengswaarde onder 'n aparte hoof bespreek sal word.

Die vraag kan nou gevra word hoekom 'n onderneming 'n waarde-oordeel moet of wil vel. Die antwoord hierop val in twee dele. Eerstens wil of moet 'n onderneming bepaal of 'n spesifieke handeling ekonomies rasioneel sal wees, en tweedens gaan dit om die bepaling van die koste vir winsbepalings= doeleindes.

Waarde verbonde aan 'n goed of diens is egter tyds= gebonde, want 'n waarde of 'n waarde-oordeel is veranderlik met verloop van tyd.

Die uitdrukking tyd is geld, geld dus ook hier. Vyf rand se waarde oor tien jaar sal nie meer vyf rand wees nie as gevolg van inflasie waardeur die koopkrag van geld verminder of as gevolg van die verdienste van daardie geld, dit wil sê, die

opbrengs van daardie geld. Omdat waarde dus tydsgebonde is moet ons 'n tydstip bepaal vir ons waarde-oordeel. Volgens die vervangingswaardeteorie sal die waarderingsmoment een van die volgende momente wees:

- (a) Die moment van die opmaak van die finale rekeninge waarby die waardering van die aanwesige produksiemiddele 'n belangrike rol speel.
- (b) Alle momente waar beslissinge in die onderneming gevel word.
- (c) By die bepaling van die kosprys op die moment van die ruil. (Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.20).

Dit is dus die waarde-oordeel op die moment van die ruil wat die grootte van die kosprys bepaal volgens die vervangingswaardeteorie. Die teorie van die vervangingswaarde is dus geen waarde-teorie nie, maar is slegs 'n metode om waarde te bepaal.

Die teorie van die vervangingswaarde het 'n einde gemaak aan die koste-opvatting waarvolgens die

kosprys uit historiese gegewens opgebou word, en waarin daar nie rekening gehou word met die invloed van wisselende prysverhoudinge nie.

3. VERVANGINGSPRYS

Die vervangingsprys verwys na die prys op die inkoopmark, dit wil sê die prys wat betaal moet word vir die werklike vervanging. Die vervangingswaarde is gebaseer op 'n vervangingsprys.

Aangesien die vervangingswaarde as grondslag het die waardering van die hede en nie die vervanging in die toekoms nie (Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.16), sal die vervangingsprys en die vervangingswaarde nie altyd dieselfde wees nie. Hulle sal wel identies wees indien die vervanging op die moment van die ruil geskied.

Mey (Mey, J.L. : Moeilikheden met die vervangingswaardetoerie in M.A.B., 34^e Jaargang, Junie 1960) stem egter saam met van Muiswinkel (Van Muiswinkel, F.L. : Schoonheidsgebreken in de vervangingswaardeleer in M.A.B., 32^e Jaargang, Desember 1958) dat die leer van die vervangingswaarde sonder enige beswaar as die leer van die vervangingsprys getipeer kan word. Hiermee kan nie saamgestem

word nie, aangesien die vervangingswaarde by die ruiltransaksie deur die vervangingsprys op daar= die moment aangedui word en nie deur die werklike vervangingsprys in die toekoms nie.

4. OPBRENGSWAARDE

Opbrengswaarde is die waarde gemeet aan die opbrengs van behoeftebevrediging of behoefte= bevredigingsmiddele nodig om die objek te vervang. (Limperg, Th. : Versamelde Werk, Deel 2, op. cit., p.49). Die opbrengswaarde word bepaal deur die prys wat by die ruil van die goedere verkry word. Hierdie prys word genoem die opbrengsprys. Die opbrengswaarde sowel as die vervangingswaarde steun dus op 'n prys. Die opbrengswaarde op die prys op die verkoopmark, en die vervangingswaarde op die prys op die inkoopmark.

Die koördinasie tussen die vervangingswaarde en die opbrengswaarde as waarde-oordele vorm een van die grondslae van die teorie van die vervangings= waarde. Hieruit word die doelmatigheid van die ruilhandeling bepaal. Indien die opbrengswaarde hoër is as die vervangingswaarde, is die vervang= ing doelmatig en is die ruilhandeling ekonomies geregverdig. Indien die opbrengswaarde laer is

as die vervangingswaarde, is vervanging ondoelmatig, maar is die ruilhandeling in sommige omstandighede geregverdig, as gevolg van kapasiteitskoste wat in elk geval as verlies gereken moet word.

Daar moet egter onderskei word tussen direkte en indirekte opbrengswaarde en dan moet daar op gelet word dat hierdie onderskeiding slegs betrekking het op produksiemiddele.

(a) DIREKTE OPBRENGSWAARDE

Die direkte opbrengswaarde word bepaal deur die opbrengs van die produksiemiddele indien regstreeks verkoop.

(b) INDIREKTE OPBRENGSWAARDE

Volgens die voorstanders van die vervangingswaardeleer word die indirekte opbrengswaarde van 'n produksiemiddel uit die opbrengs van die produkte, waartoe daardie produksiemiddel 'n bydrae gelewer het, op die verkoopmark afgelei. (Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.19). Die produksiemiddel ontleen dus sy waarde aan die produkte wat daardie produksiemid-

del kan voortbring.

Die direkte opbrengswaarde is bepaalbaar vir elke produksiemiddel afsonderlik, terwyl die indirekte opbrengswaarde van 'n produksiemiddel slegs afgelei kan word uit die indirekte opbrengswaarde van al die produksiemiddele wat 'n bydrae tot die produk lewer.

Normaalweg is die direkte opbrengswaarde laer as die indirekte opbrengswaarde, dit is dan ook die rede vir die aankoop van die produksiemiddel.

Indien die indirekte opbrengswaarde laer is as die direkte opbrengswaarde beteken dit dat dit ekonomies irrasioneel is om die produksiemiddel in produksie te hou en moet hy dus verkoop word.

5. BEGRIPPE

A. WINS

In die vroegste handel is wins beskou as die gunstige verskil tussen opbrengs en die offers wat gebring is om daardie opbrengs te verkry. Die wins wat dus in die vroegste handelsaktiwiteite ontstaan het, was die transaksie- of ruilwins. Namate die handel uitgebrei het, het

()

ondernemings ontstaan wat hulle winste gemaak het uit 'n aantal transaksiewinste, of soos dit vandag bekend staan, 'n periodewins. Hier kry ons dan ook die eerste spore van die kontinuïteits= beginsel. Die wins wat gedurende hierdie tydperk verkry is, is gekoppel aan kapitaal aangesien dit eintlik 'n kapitale wins was.

Voordat die ontwikkeling van die winsgedagte verder bespreek word, moet eerstens onderskei word tussen die twee winsbegrippe naamlik:

(1) Transaksiewins

Hierdie wins word gevorm deur die gunstige verskil tussen opbrengswaarde en vervangingswaarde by die moment van die ruil. Soos reeds genoem, was dit vroeër slegs die gunstige verskil tussen opbrengs en offers. Die transaksie= wins is dus die voordeel wat by elke afsonderlike ruil verkry word.

(2) Periodewins

Die periodewins is niks meer as 'n aantal afsonderlike transaksiewinste waarby die invloed van die voorraad= posisies gevoeg word nie.

In die tweede helfte van die negentiende eeu het die ekonome van daardie tyd begin besef dat wins en kapitaal geen direkte verband met mekaar hoef te hê nie. Heelwat gedagtes het hierna ontstaan naamlik:

- (a) dat wins verband hou met die arbeid van die ondernemer;
- (b) dat wins as bestuursvergoeding gesien moet word;
- (c) dat ondernemersloon die belangrikste element van die wins uitmaak;
- (d) dat wins as vergoeding vir ondernemers=
bekwaamheid gesien moet word;
- (e) dat die vergoeding vir risiko-aanvaar=
ding 'n element van die wins uitmaak.

Na die Eerste Wêreldoorlog kan hierdie oorspronk=
like leer van die wins geen algemene bevrediging
verskaf nie as gevolg van die inflasionistiese
druk waaronder die Westerse ekonomieë gebuk gegaan
het na die oorlog. Gedurende hierdie tyd kom daar
sekere nuwere gedagtes na vore naamlik:

- (a) die eenheid en die kontinuïteit van die onderneming;
- (b) die funksie van die onderneming in die maatskaplike lewe, en
- (c) die noodsaaklikheid om die produktiewe krag van die onderneming, ondanks die wisseling in pryse, in stand te hou.

Hierdie uitgangspunte van talle ondernemings moes egter prakties tot uitvoer gebring word. Daar ontstaan dan ook 'n paar berekeningsgrondslae om hierdie uitgangspunte prakties toe te pas naamlik:

- (a) die teorie van die ystervoorraad;
- (b) die teorie van die vervangingswaarde;
- (c) die voorraadwaardering volgens L.I.F.O.-beginsel wat volgens Van der Schroeff (Van der Schroeff, sewende druk, op. cit., p.164) meer 'n waarderingsgrondslag vir fiskale winsbepaling as 'n berekeningsgrondslag vir kosprysberekening is;

(d) die vervangingskoopstelsel.

Die grootste nadeel van bogenoemde stelsels was egter hulle onaanvaarbaarheid vir fiskale winsbepaling in die meeste Westerse lande.

In die jongste jare neig die kommersiële winsbepaling en die fiskale winsbepaling egter om van mekaar te skei, hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die nuwe wetenskap naamlik bedryfsrekeningkunde op die kommersiële winsbepaling en sy voordeel vir bestuur.

Aangesien wins vandag algemeen gesien word as die vergoeding vir inisiatief en risiko (Lombard, J.A. Die vergoeding van ondernemerswerk : Winste in Ekonomie : 'n Inleidende studie. Universiteits Uitgewers, Stellenbosch, 1964, p.392), kan daar volgens die bedryfsrekeningkunde slegs sprake wees van wins indien dit aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) Dit moet uitkeerbaar wees sonder om die vermoë van die onderneming nadelig te beïnvloed.
- (b) Dit moet verteenwoordig word deur 'n vermoëns- of kapitaalsurplus.

- (c) Die koopkrag van die nominale kapitaal moet ongeskonde bly.

Kreiken (Kreiken, J. : Objectiewe winstberekening, Haarlem, 1957, p.32) definieer wins dan ook as verteerbare inkome, waarby hy ook bogenoemde impliseer.

Die grootste probleem met ons huidige winsbepaling is soos Goldberg (Goldberg, L. : Concepts of depreciation, Australië, 1960, p.63) dit stel, dat die wins onder inflasionistiese omstandighede neig om te verhoog as gevolg van 'n kapitale element wat verteenwoordig word deur voorraadwinste en deur onvoldoende voorsiening vir depresiasie.

Daar bestaan hoofsaaklik drie werkswyses waarvolgens 'n onderneming teenswoordig sy wins kan bereken naamlik:

- (a) Op grondslag van die historiese aanskaffingsprys.
- (b) Op grondslag van die vervangingswaarde op die kritiese moment van die ruil.

- (c) Op grondslag van die vervangings=
koopprys by weer inkoop.

Die probleem is egter nie net watter berekenings=
metode gebruik moet word nie, maar wanneer die
geldwaarde so snel verander dat sy funksie as
algemeen aanvaarde rekeneenheid in gevaar kom, is
die probleem die eenheid waarmee 'n mens bereken.

Elke onderneming begin met 'n investering, dit is
die belegging van 'n sekere hoeveelheid ekonomiese
beskikkingsmag, in 'n bepaalde produktiewe rigting.
Die reële vermoë het ongeskonde gebly wanneer die=
selfde hoeveelheid ekonomiese beskikkingsmag on=
geskonde gebly het. Wanneer die waarde van die
geld konstant bly, dit wil sê by 'n waarde vaste
rekeneenheid, sal die reële vermoë ongeskonde
bly. Dit impliseer dat ook die nominale vermoë
ongeskonde bly. In ons situasie vandag is dit 'n
algemeen aanvaarde feit dat die geld wat ons as
rekeneenheid gebruik baie wissel en hierdeur ont=
staan dan ook ons probleem by die bepaling van
die kosprys van 'n produk sowel as die winsbepa=
ling van 'n onderneming.

B. VERLIES

Verlies moet gesien word as die negatiewe resul=

taat van die handeling van die onderneming en verteenwoordig 'n afname in netto waarde.

0 Verlies word deur Van der Schroeff (Van der Schroeff, H.J., M.A.B. Jaargang 31 Februarie 1957, Rondom het winstprobleem, p.59) beskou as die vermoënsvermindering ten opsigte waarvan 'n aanvulling noodsaaklik is met die oog op die nako=ming van die vervangingsverpligting. Van der Schroeff (Van der Schroeff, H.J., M.A.B. Februarie 1957, op. cit., p.58) beskou wins en verlies verder as geen teenstellings nie, en hy aanvaar ook verlies as die nadelige verskil tussen vervangingswaarde en die uitgaafprys, maar hy voeg by dat dit nie in alle gevalle waar is nie.

Van Muiswinkel (Van Muiswinkel, F.L., M.A.B. Jaargang 41, Maart 1967, Vervangingswaardeleer en winstprobleem, p.85) daarenteen beskou verlies as die teenoorgestelde van wins, dit wil sê, alle vermoënsdalings moet as verliese beskou word en moet aangevul word om die kontinuïteit van die onderneming te verseker.

Verlies moet dus gesien word as die verskil tussen opbrengswaarde en historiese kosprys. Hierdie verlies kan egter verder geanaliseer

word in 'n voorraadverlies en 'n transaksiewins.

Limperg se vervangingswaardeleer onderskei egter ook nog 'n ander vorm van verlies naamlik die verskil tussen offers en koste wat hy as ver-spillings klassifiseer en as 'n verlies direk na die inkomstestaat afskryf.

Deurdat verlies die negatiewe resultaat van die handeling van die onderneming is, moet dit as 'n kapitaalvermindering gesien word (Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek, Nasau Beperk, 1967, p.50) aangesien dit slegs uit kapitaal of uit reserwes, wat niks anders as kapitaal is, gefinansier kan word nie.

C. KAPITAAL

Kapitaal kan gedefinieer word as die ekonomiese beskikkingsmag wat op sy gesit is om behulpzaam te wees in die verkryging van verdere ekonomiese beskikkingsmag (Castle, E.F. en Owens, N.P. : Principles of accounts, second edition, Macdonald and Evans, London, 1969, p.2).

Uit die definisie van kapitaal kan gesien word dat die doel van 'n ondernemingsbestuur moet

wees om die geld wat in 'n onderneming belê is te laat vermeerder in die vorm van wins, maar bestuur verkry ook verantwoordelikheid ten opsigte van die geld (kapitaal) wat in die onderneming belê is, dit wil sê, bestuur moet sorg dra dat die kapitaal wat in die onderneming belê is ongeskonde bly.

Om die kapitaal ongeskonde te hou beteken dat die koopkrag van die kapitaal te alle tye dieselfde moet wees. Dit is juis ten opsigte van hierdie probleem dat die bedryfsrekeningkunde tesame met die finansiële rekeningkunde 'n oplossing moet vind sodat die koste korrek bepaal kan word, die winssyfer nie te hoog of te laag is nie, en daar nie op kapitaal ingeteer word deur kapitaal as wins uit te keer nie.

6. OORSIG VAN BEHANDELING VAN ONDERWERP

Soos uit die titel van hierdie proefskrif blyk, gaan dit hier om 'n kritiese evaluering van die vervangingswaardeteorie. Om die vervangingswaardeteorie krities te evalueer is dit noodsaaklik om die vervangingswaardeleer so volledig moontlik te behandel en om dan vervolgens die vervangingswaardestelsel te vergelyk met ander

bedryfsrekeningkundige stelsels om sodoende die waarde van die vervangingswaarde vir die huidige ekonomiese opset te bepaal.

Hoofstuk I word dan ook gewy aan die ontstaan en ontwikkeling van die vervangingswaardegedagte.

In hoofstuk II word die vervangingswaardeteorie uiteengesit soos wat dit ontwikkel het tot 'n volwaardige bedryfsrekeningkundige stelsel.

Hoofstuk III handel oor die probleme wat in die praktyk ondervind word by die toepassing van die vervangingswaardestelsel.

Hoofstuk IV gee 'n kritiese evaluering van die vervangingswaardestelsel in die hedendaagse bedryfsrekeningkundige opset.

In hoofstuk V word 'n vergelyking getref tussen die vervangingswaardestelsel en ander bedryfsrekeningkundige stelsels.

Hoofstuk VI word gewy aan die vereistes waaraan 'n bedryfsrekeningkundige stelsel moet voldoen om van praktiese waarde te wees.

Hoofstuk VII is die slothoofstuk waarin gevolg=trekkings gemaak word met betrekking tot die studie wat onderneem is, asook die uitwerking van 'n volledige bedryfsrekeningkundige stelsel wat onder inflasionistiese toestande van vandag prakties uitvoerbaar is by die kosprys- sowel as winsbepaling van 'n vervaardigingsonderneming.

1.	DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDEGEDAGTE	
1.1	INLEIDING	28
1.2	DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDE= GEDAGTE	29
a.	DUITSLAND.	30
b.	NEDERLAND.	37
c.	V.S.A.	62
d.	BRITTANJE.	71
e.	SUID-AFRIKA.	83
1.3	DIE VRAAG NA DIE VERVANGINGSWAARDE	90

1 DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDEGEDAGTE

1.1 INLEIDING

Die vervangingswaardegedagte het sy ontstaan hoofsaaklik te danke aan die dubbelboekhouding en wel ten opsigte van die waardering van balanse in die finansiële jaarstate.

Die Fin, Ilmari Kovero, was die eerste persoon wat die vervangingswaardegedagte geopper het in sy boek "Die Bewertung der Vermögens-gegen-stände in den Jahresbilanzen der privaten Unternehmungen mit besonderer Berücksichtigung der nicht realisirten Verluste und Gewinne - Berlyn 1912 (Bakker, O., Deel III, op. cit., p.34).

Kovero het die vervangingswaarde vergelyk met die historiese kosprys. Sy waardebeplanning van die balansstaat-items het neergekom op 'n waardebeplanning wat gebaseer was op huidige waardes, dit wil sê, vervangingswaarde. Hy gaan uit van die standpunt dat die werklike waarde die huidige waarde moet wees, dit wil sê, die waarde op die tydstip van opstelling van die finansiële jaarstate.

○ Kovero bepleit verder die huidige- of vervangings= waarde tot voordeel van die volgende:

- (a) Die balanswaarde moet die werklike waarde wees om die vermoënstoestand van die onderneming te kan beoordeel.
- (b) As rigsgnoer vir korreksies op die boekhouding.
- (c) As grondslag vir belastingheffing.
- (d) Vir gebruik in ekonomiese statistiek.

By Kovero vind ons hoofsaaklik 'n soeke na 'n oplossing vir die waardering van balansstaat items, maar in hierdie waardering bring hy reeds die vervangingswaardegedagte na vore. Ongelukkig het Kovero se vrugbare gedagtes agterweë gebly tot na die Eerste Wêreldoorlog.

1.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDE= GEDAGTE

In die jare na die Eerste Wêreldoorlog was baie Westerse lande in 'n oorlogskuld gedompel en het die wêreldhandel gebuk gegaan onder inflasionistiese prysverhogings as gevolg van die skaarste

aan verbruiksgoedere en grondstowwe. In hierdie tydperk val die klem ten opsigte van die ontwikkeling van die vervangingswaardegedagte hoofsaaklik op winsbepaling. In hierdie tydperk kry ons verskillende ontwikkelings ten opsigte van die vervangingswaardegedagte in verskillende lande.

Vervolgens sal aandag geskenk word aan die ontwikkeling van die vervangingswaardegedagte volgens die ontwikkeling daarvan in die onderskeie lande.

(a) DUITSLAND

Die persone wat die belangrikste bydrae tot die vervangingswaarde in Duitsland gelewer het was Schmalenbach en Schmidt en daar sal dan ook vervolgens aandag aan hierdie persone se teorieë geskenk word.

(i) Schmalenbach, E.

Schmalenbach se bydrae tot die vervangingswaardeteorie het hoofsaaklik gespruit uit sy twee funksies wat hy aan die balansstaat gegee het naamlik statiese- en dinamiese balansstaat (Schmalenbach, E. : Dynamic accounting: Vertaalde werk, London, Gee en Co., 1959, p.25). Net soos by Kovero gaan

dit by Schmalenbach om balansstaatwaarde=
ring.

Onder die statiese balansstaat sien Schmalen=
bach die balansstaat wat ten doel het om die
kapitaal van die onderneming vas te stel,
dit wil sê, 'n balansstaat wat op 'n bepaalde
moment betrekking het. Die balansstaat wat
die prestasie en offer moet konstateer noem
Schmalenbach die dinamiese balansstaat. Baie
skrywers stem egter nie met Schmalenbach se
dinamiese balansstaat saam nie, aangesien
hulle reken dat 'n balansstaat staties is
om rede hy statiese statistiek weergee op 'n
bepaalde moment.

Schmalenbach se dinamiese balansstaatopvat=
ting het hom egter ook uitgebring by die
winsbepaling. Die bepaling van die verdeel=
bare of uitkeerbare wins ag Schmalenbach nie
'n doel van die winsbepaling nie. Daar kan
egter nie met Schmalenbach saamgestem word
nie aangesien die bepaling van die verdeel=
bare of uitkeerbare wins as doel van die
winsbepaling vooropstaan, daarom kry ons ook
in ons hedendaagse finansiële jaarstate 'n
wins-aanwendingstaat net na die winsbepaling
in die inkomstestaat.

Die taak van die finansiële jaarstate sien Schmalenbach as die kontrole oor die doeltreffendheid van die onderneming. Ten einde doeltreffendheidskontrole in 'n onderneming uit te oefen onderskei Schmalenbach tussen twee soorte invloede op 'n onderneming naamlik interne- en eksterne invloede wat weerspieël word in die resultaat van die ondernemingsaktiwiteite.

Die doel van hierdie skeiding is om afsonderlike ondernemingswinste aan te toon vir die onderneming op sigself sonder eksterne invloede wat 'n invloed uitoefen op die resultate van 'n onderneming en ook om die invloed van die interne faktore op die resultate van die onderneming afsonderlik te bepaal. Die metode wat deur Schmalenbach gevolg word om die ondernemingswinst te isoleer, bestaan in die afsonderlike vasstelling van die interne- en eksterne invloede op die ondernemingsresultate. Die belangrikste interne invloede is: (Schmalenbach, E., op. cit., p.198)

- (a) Verandering in die winspersentasie.
- (b) Verandering in die produksievolume.
- (c) Verandering in die verkoopsmengsel.

Die belangrikste eksterne invloede volgens Schmalenbach is:

- (a) Markomstandighede.
- (b) Seisoenskommelinge.
- (c) Mode-veranderings.
- (d) Ekonomiese faktore.

Schmalenbach se wyse van winsbepaling kom egter neer op 'n afweging van ontvangstes en uitgawes. Dit is egter slegs van toepassing by die bepaling van die transaksiewins, want vir die periodewins is dit onaanvaarbaar aangesien dit nie die verandering in die waarde van geld en die waardasie van voorrade (hetsy voorrade vlottende- of duursame produksiemiddele) in ag neem nie.

Schmalenbach was meer prakties gerig in sy benadering tot winsbepaling. Hierdie feit word gekonstateer deur sy afskrywingsbeleid ten opsigte van duursame produksiemiddele wat 'n waardeverandering ondergaan het. Hy meld dat die afskrywing van duursame produksiemiddele volgens dagwaarde (vervangingswaarde) gedoen kan word, maar dat die balans=

staatwaarde teen aanskaffingsprys moet geskied. Sy rede hiervoor is dat die aanskaffingswaarde makliker bepaalbaar is as die dagwaarde. Die ekstra afskrywing ten opsigte van duursame produksiemiddele vind Schmalenbach iets onaangenaams en noem dat dit 'n steurende invloed uitoefen op die finansiële jaarstate, maar daar kan wysiginge in die afskrywing aangebring word as dit vir die ondernemingsvergelyking nodig is, en ook indien die waardeveranderinge van die duursame produksiemiddele groot is (Bakker, O., Deel III, op. cit., p.87).

(ii) Schmidt, F.

Schmidt merk die wins aan as die verskil tussen die verkoopprijs en die reproduksieprijs, dit wil sê, die prijs om die goedere te vervang. Hy wil dan ook die reproduksieprijs aanmerk as die kosprijs van die goedere. Die verskil van Schmidt se teorie, met die Nederlandse teorie, lê dan ook daarin dat Schmidt 'n aantal reëls aangee om die onderneming se kapitaal ongeskonde te hou in tye van prysstygings sonder om die winsuitkering te verswak, terwyl die Nederlandse vervangingswaardeteorie reëls neerlê vir die bepaling van die kosprijs en wins afgelei uit die

analise van die waardevorming in die onderneming.

Soos Schmalenbach keer ook Schmidt teen die statiese balansstaatopvatting. Die ekonomiese lewe is dinamies, en 'n statiese balansstaatbeskouing is derhalwe onbevredigend. Schmalenbach en Schmidt sien die balansstaat as 'n momentopname en let nie op die voortdurende verandering van die ekonomiese proses waarin die onderneming ingeskakel is nie. In teenstelling met Schmalenbach meen Schmidt egter dat die balansstaat tegelykertyd vermoënsbalansstaat en winsbalansstaat moet wees. Uit die omset kan onmoontlik die juiste wins bereken word indien die reproduksiewaarde (vervangingswaarde) van die vermoë nie teglykertyd bekend is nie.

Die wins, volgens Schmidt, kan slegs bepaal word deur die verskil tussen "Tagesbeschaffungswert" of soos ook genoem "Reproduktionswert" en "Wiederbeschaffungswert" dit wil sê, vervangingswaarde en die opbrengs van die produk. Die opbrengs van die produk word bepaal deur die prys op die verkoopmark op die moment van die ruil. Die vervangings-

waarde daarenteen word gemeet aan die prys=
notering op die inkoopmark op die moment van
die ruil.

Schmidt erken nie die begrip ongerealiseerde
wins nie, aangesien Schmidt as 'n vereiste
vir wins bepaal dat daar wel ruil plaasge=
vind het. Hy reken dus nie 'n waardestyging
in die voorraad as wins nie, behalwe in die
geval van spekulatiewe voorrade waar die
waardestyging wel as wins gereken kan word
indien ruil wel plaasgevind het.

Schmidt se opvatting oor wins en winsbere=
kening kan soos volg saamgevat word:
(Bakker, O., Deel III, op. cit., p.110).

- (a) Wins kan slegs wees dit wat bo die
ondernemingsvermoë verkry word.
- (b) Slegs deur verkope kan die onderne=
mingsvermoë vergroot word.
- (c) Die uitkeerbaarheid behoort tot die
gewigtigste kenmerk van egte wins.
- (d) Die uitkeerbaarheid word bepaal deur
die moment waarop die wins ontstaan.

- (e) Die winsberekening moet uitgaan van die koste, hoeveelhede en kostewaarde van die moment van die ruil.
- (f) Die wins is dan die opbrengs minus die onder (e) genoemde vervangingswaarde.
- (g) Die verskil tussen historiese kosprys en vervangingswaarde is 'n waardeverandering en word regstreeks op die kapitaalrekening of op 'n reserwerekening geboek.

Schmidt is van oortuiging dat die konjunktuaarskommeling in 'n hoë mate die gevolg is van foutiewe rekenmetodes, foutiewe winsbepaling en vermoënsvasstelling. Hy kan dan ook beskou word as die opvolger van Schmalenbach deurdat Schmidt as't ware voortgebou het op die basis wat deur Schmalenbach se Dinamiese Balans daargestel is.

(b) DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDEGEDAGTE IN NEDERLAND

Die ontwikkeling van die vervangingswaardegedagte in Nederland is te danke aan Limperg wat tereg

beskou word as die grondlegger van die klassieke Nederlandse vervangingswaardeleer van die twin=tigerjare.

Hierdie leer van Limperg bepaal dat die winsbepaling op grond van die vervangingswaarde moet geskied, dat winste uitgestel moet word totdat hulle gerealiseer is en dat verliese onmiddellik aanvaar moet word.

Limperg se teorie van die vervangingswaarde werk deur op 'n aantal leerstukke van die bedryfsekonomie naamlik kosprys, winsbepaling asook finansiering (M.A.B., 33^e jaargang, Desember 1959, p.557) waarop hier nie verder ingegaan sal word nie.

Volgens Limperg is die gelduitgawe vir die verwerving van die produksiemiddele nie die kosprys van die produk nie (Vijf en twintig jaren : M.A.B., p.134). Hiermee het Limperg ook die doeltreffendheid van die offers binne die onderneming na vore gebring.

Ongelukkig het Limperg nie veel gepubliseer gedurende sy lewe nie, en moes sy baanbrekerswerk deur sy studente oorgedra word onder andere deur H.J. van der Schroeff, A. Mey en J.L. Meij. Hierdie

drie persone het dan ook die belangrikste bydrae gelewer ten opsigte van die vervangingswaardeleer in Nederland. In hierdie werk sal dan ook klem gelê word op die werk van hierdie drie studente van Limperg en sal daar veral klem gelê word op die ontwikkeling wat hulle teweeggebring het ten opsigte van die vervangingswaardeleer asook die ontwikkeling wat hulleself ondergaan het met betrekking tot die vervangingswaardeleer.

1. VAN DER SCHROEFF, H.J.

Van der Schroeff se eerste boek het in 1947 verskyn onder die titel "De leer van de kostprijs". Soos reeds gesê was Van der Schroeff 'n leerling van Limperg en het Van der Schroeff dan ook tot 1947 grootliks gesteun op die standpunte van Limperg.

Die ontwikkeling wat Van der Schroeff deur=gegaan het soos blyk uit sy verskillende drukke van "De leer van de kostprijs" in 1947, 1948, 1953 en 1956 asook die verskil=lende drukke van "Kosten en kostprijs" in 1963, 1965, 1970 en 1974, sal vervolgens op ingegaan word.

Die ontwikkeling van die vervangingswaarde=

leer deur Van der Schroeff kan in twee periodes verdeel word naamlik die periode 1947 tot 1963 en die periode 1963 tot 1974.

(a) Die periode 1947 tot 1963

Die ontwikkeling van die vervangingswaarde= leer gedurende die tydperk 1947 tot 1963 was nie ten opsigte van die vervangingswaarde= leer self nie, maar was slegs 'n uitbreiding van die vervangingswaardeleer na ander ondernemingsaktiwiteite volgens die eise van hierdie periode.

Die ontwikkeling van die vervangingswaarde= teorie wat Van der Schroeff teweeggebring het, kan veral op die volgende vlakke van die vervangingswaardeteorie duidelik gesien word.

(i) Waarde-oordele

Tot en met 1947 het Van der Schroeff net soos sy leermeester slegs klem gelê op twee voorwaardes wat volgens die vervangings= waardeteorie bepalend is vir die waarde= oordeel naamlik:

(a) Dat die vervanging van die produk wat

verkoop is, ekonomies doelmatig is, in dié sin, dat vervanging 'n ekonomiese voordeel bring.

(b) Dat die vervanging moontlik moet wees.

In hierdie tydperk het die ontwikkeling van die vervangingswaardeteorie deur Van der Schroeff met betrekking tot die waarde-oordeel ook die subjektiewe individuele waarde-oordele ingesluit aangesien die subjektiewe individuele waarde-oordele die verklaringsgrond vorm vir die ontstaan van die waarde, en dat die hoogte van die waarde bepaal word deur die sosiale waarde wat in die prys van die goedere uitgedruk word.

(ii) Waarderingsmoment

In 1947 het Van der Schroeff slegs klem gelê op die moment van die ruil vir waarderingsdoeleindes want tot 1953 het dit slegs gegaan om die leer van die kosprys. Vanaf 1953 het die toepassing van die vervangingswaardeteorie nuwe eise gestel aan die teorie en moes die teorie dan ook uitgebrei en ontwikkel word tot 'n veel ruimer strekking as wat tot dusver die geval was. In 1963 ontwikkel Van der Schroeff dan ook die waarderingsmoment

verder na ander toepassingsgebiede naamlik:

- (a) Die moment van die opmaak van die finansieële jaarstate waarby die waardering van die aanwesige produksiemiddele op die moment van die waardering 'n belangrike rol speel.
- (b) Alle momente waarop beslissings in die onderneming gevel moet word (Van der Schroeff, H.J., vyfde druk, 1963, p.23) byvoorbeeld, by die bepaling van die kosprys gaan dit om die waardering op die moment van die ruil, en by die vasstelling en beoordeling van die koste in die algemeen gaan dit om die vervangingswaarde van die oomblik waarop die waardering plaasvind met die oog op beleidsbeslissings.

Ten opsigte van die waarderingstydstel Van der Schroeff dit ook baie duidelik in die vyfde druk van sy boek "Kosten en Kostprijs" dat dit nie die tydstip van ekonomiese oordrag van die voorraad is wat bepalend is vir die kosprysberekening nie, maar die moment waarop die voorraad gebruik word. (Van der Schroeff, H.J., vyfde druk, 1963, p.57).

(iii) Voorraadwaardering en prysrisiko

Omdat die toepassingsveld van die vervangingswaardeteorie uitgebrei is na ander momente in die ondernemingsaktiwiteite, is dit dus logies dat die vervangingswaardeteorie verder ontwikkel moes word om in die veranderde behoeftes te voorsien. Daarom kry ons dan ook die ontwikkeling ten opsigte van voorraadwaardering gedurende hierdie periode.

Van der Schroeff onderskei tussen materiële (tegniese) en ekonomiese voorraad. (Van der Schroeff, vyfde druk, op. cit., p.52). Die materiële voorraad is die voorraad wat in die onderneming aanwesig is en wat meestal in sigbare en tasbare vorm in die onderneming verteenwoordig word.

Onder ekonomiese voorraad verstaan Van der Schroeff die hoeveelheid produksiemiddele waarop 'n onderneming beslag gelê het en wat nog nie geruil is nie, en waarvan die vervangingsverpligting nog nie nagekom is nie. Hierdie tweeledige begripsbepaling hou verband met die feit dat die ekonomiese voorraad sowel positief as negatief kan wees. Positief indien die onderneming op groter hoeveelhede

beslag gelê het as wat vereis word vir die verkope tot op daardie moment. Negatief indien die omgekeerde die geval is en die onderneming verkope afgesluit het.

In beide gevalle loop die onderneming egter 'n prysrisiko as gevolg van volgydelike veranderinge van die prys op die inkoopmark. In die geval van 'n positiewe ekonomiese voorraad is die prysrisiko geleë in die moontlikheid van 'n daling van die vervangingswaarde van die voorraad wat tot 'n voorraad verlies lei, los van die resultate van 'n latere ruil.

By 'n negatiewe ekonomiese voorraad bestaan die prysrisiko in 'n styging van die prys op die inkoopmark, wat ook 'n verlies op die voorraad laat ontstaan.

'n Ekonomiese voorraad (hetsy positief of negatief) skep dus 'n prysrisiko wat die gevolg is van die omstandigheid dat die momente van ruil en vervanging nie saamval nie. Indien die prysrisiko doelbewus aanvaar word, is daar sprake van 'n spekulatiewe handeling.

Die ontwikkeling van die vervangingswaarde=teorie na die voorrade het ook ontwikkeling ten opsigte van ruil genoodsaak. Van der Schroeff verdeel dan ook tereg ruil in tegniese en ekonomiese ruil. Die tegniese ruil is die materiële oordrag van die goedere en die ekonomiese ruil is die oordrag van die prysrisiko. (Van der Schroeff, H.J., vyfde druk, op. cit., p.54). By die moment van die ruil word daar dus nie soos gewoonlik bedoel, die tydstip waarop die feitelike of fisiese oordrag van die goedere plaasvind, in die sin van fisiese of juridiese lewering nie, maar onder die moment van die ruil moet verstaan word die moment waarop die ruil gesluit word en die oordragsprys tussen die partye vasgestel word.

Dit is dan ook duidelik uit hogenoemde dat die invloed van die prysfluktuasies tot 'n groot mate tot die ontwikkeling van die vervangingswaardeteorie bygedra het. Prysfluktuasies was dan ook verantwoordelik vir die ontwikkeling van die vervangingswaardeteorie ten opsigte van waardebepaling.

(iv) Waardebepaling

As gevolg van prysfluktuasies is dit moontlik

dat 'n afwyking tussen uitgaafprys en vervangingswaarde aanwesig kan wees indien die moment van verwerwing van die produksiemiddel nie met die moment van ruil saamval nie. Dit wys op 'n voorraad van die betrokke produksiemiddel.

Soos by vlottende produksiemiddele lei 'n styging van die vervangingswaarde van die duursame produksiemiddele tot 'n hoër waarde van die nog beskikbare werkeenhede. Hierdie waardestyging beteken egter geen wins nie aangesien die vermoënstoening, wat deur die waardestyging van die duursame produksiemiddele ontstaan, onder die klem val van die vervangingsverpligting. Soos reeds genoem kan daar slegs sprake wees van wins indien die vermoënstoening uitgekeer kan word sonder om die vermoë van die onderneming nadelig te beïnvloed. Die omstandigheid dat aan die nog beskikbare werkeenhede 'n hoër waarde toegeken word, hou in dat voortaan aan die aanwending van hierdie werkeenhede hoër offers verbonde is.

(b) Die periode 1963 tot 1974

Die ontwikkeling gedurende hierdie tydperk ten opsigte van die vervangingswaardeteorie

deur Van der Schroeff word gekenmerk deur die invloed van die ontwikkelinge in bedryfsrekeningkundige tegnieke in ander lande. Van hierdie ontwikkelings is die volgende die belangrikste:

(i) "Opportunity Costs"

Gedurende die tydperk onder bespreking skenk Van der Schroeff aandag aan die begrippe alternatiewe opbrengste en koste, of soos dit in Engels bekend staan as "opportunity costs". (Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.22).

Van der Schroeff kom dan ook tereg in sy uiteensetting tot die gevolgtrekking dat ons eerder van alternatiewe opbrengste moet praat as van alternatiewe koste, aangesien die alternatiewe koste gevorm word deur die alternatiewe opbrengs. Die gedagte van die alternatiewe opbrengste kan ingevoeg word in die patroon van die vervangingswaarde aangesien die alternatiewe opbrengste op die substitusiegedagte berus en die vervangingswaarde ook.

(ii) "Future Costs"

Van der Schroeff praat van waardering in die toekoms, of soos dit in die V.S.A. en Brittanje bekend staan as "future costs".

"Future costs" word egter nie deur Van der Schroeff gesien as vervangingskoste nie maar as toekomstige koste aangesien hy as grondbeginsel van die vervangingswaarde sien die waardering van die hede en nie die vervanging in die toekoms nie.

In 1970 met die sewende druk van sy boek "Kosten en kostprijs" breek Van der Schroeff weg van die definisie wat Limperg vir die kosprys gestel het. Volgens Van der Schroeff het die kosprys nie alleen betrekking op die eindprodukte of prestasies van 'n onderneming nie maar ook op die onvoltooide werk. Van der Schroeff verstaan egter onder halfvoltooide produkte die produkte wat sover voltooi is dat daar wel 'n afset voor is. Hierdie ontwikkeling het voortgevloei uit die ontwikkeling in die vorige periode wat voorrade in berekening gebring het by winsbepaling. Om egter die onvoltooide werk wat nog geen afset het nie buite rekening te laat by die bepaling van die kosprys, is myns insiens verkeerd.

Kosprys word deur Van der Schroeff soos volg gedefinieer: (Vergelyk Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.36) "de som van de doelmatige offers, die voor de eenheid van de door het bedrijf voortgebrachte goederen, dan wel verleende diensten, moeten worden gebracht om deze in de staat en op de plaats te brengen nodig voor de vervulling van hun functie in het betreffende bedrijf." Hierdie definisie van Van der Schroeff is so omskryf om ook sy veranderde doelstellingen van die kosprysberekening in te sluit naamlik as middel vir die doeltreffendheidsbeoordeling en as middel vir ondernemingsvergelyking.

Gedurende die periode onder bespreking skenk Van der Schroeff ook aandag aan die begrip verspilling in die lig van die waarde-analise. By die waarde-analise staan die funksie voorop waarby ondersoek moet word hoe een produk, wat aan hierdie funksie beantwoord, met die laagste koste geproduseer kan word. Alle koste wat nie vir die funksie (diens) noodsaaklik is nie, is nutteloos en moet as 'n verspilling aangemerkt word.

In die begin van 1974 is Van der Schroeff oorlede en het die vervangingswaardeteorie 'n

groot voorstander verloor. Die vrugbare arbeid van Van der Schroeff sal egter nog lank bly voortleef aangesien hy 'n persoon was wat heelwat van sy kennis te boek gestel het en wat 'n belangrike bron van kennis is vir hedendaagse studente sowel as vir studente in die toekoms.

2. A. MEY

Net soos Van der Schroeff was Mey ook 'n student van Limperg, en as gevolg hiervan stem die vervangingswaardeleer van Mey baie ooreen met die vervangingswaardeleer van Limperg en Van der Schroeff. Mey het net soos Van der Schroeff, die vervangingswaardeleer van Limperg uitgedra in sy geskrifte. Daar bestaan egter ook min ontwikkeling in die vervangingswaardeleer van Mey. Latere publikasies was in hoofsaak daarop gemik om die vervangingswaardeleer duideliker te stel, om misopvattinge te voorkom, of om die vervangingswaardeleer uit te brei na nuwere ontwikkelings op die gebied van die bedryfsrekeningkunde. In die volgende paragrafe sal Mey se standpunte ten opsigte van die belangrikste beginsels van die vervangingswaardeleer kortliks aangetoon word.

(a) Waarde en Koste

Mey aanvaar die definisie van Limperg (vergelyk Mey, A. : Bedrijfseconomische monographieën, Deel V, 2de druk, Leiden, 1951, p.159) ten opsigte van waarde net so naamlik, waarde is die kwantitatiewe voorstelling van die betekenis wat 'n goed besit vir die welvaartstrewende of vir die behoeftebevrediging van die besitter daarvan. Ter verduideliking van hierdie definisie noem Mey dat by goedere wat in reëlmatige stroom geproduseer word, die welvaartsafhanklikheid van die mens egter nooit groter kan wees as die koste van vervangings nie. (Vergelyk Mey, A., op. cit., p.160).

Volgens Mey is die begrippe koste en waarde ook tereg spieëlbeeldige begrippe deurdat die waarde van 'n goed of diens bepalend is vir die koste van die goed of diens. Mey druk dit soos volg uit: "Het offer, dat voor de voortbrenging moet worden gebracht, vind zijn uitdrukking in de waarde der aan de ten dienste staande voorraden onttrokken productiemiddelen." (Vergelyk Mey, A., op. cit., p.162).

Vir Mey is die projeksie van waarskynlike

waarde-groothede 'n onvermydelike element in die daarstelling van begrotings in 'n onderneming sowel as by die owerheid. (Vergelyk Mey, A., op. cit., p.163). Hierdeur bewys Mey weereens dat die vervangingswaardeleer nie 'n algeheel nuwe tegniek in die bedryfsrekeningkunde is nie, maar dat dit tesame en ter aanvulling van bestaande tegnieke gebruik kan en moet word.

(b) Die moment van die ruil

Mey stem saam met sy kollegas en leermeester dat daar twee momente van ruil bestaan naamlik, die tegniese- en ekonomiese moment van die ruil en dat die twee nie noodwendig saam hoef te val nie. Dit is 'n korrekte siening aangesien prysvasstelling en fisiese lewering van die produkte nie noodwendig hoef saam te val nie. Daar bestaan egter ook ander gevalle waarin die teëstelling tussen tegniese- en ekonomiese moment van geen belang is nie naamlik, wanneer die tegniese verkoopsmoment met die ekonomiese moment van prysvasstelling saamval. In hierdie geval moet die produsent wat in 'n onsekere afsetmark produseer, die risiko van die afset teen sy aanbiedingsprys aanvaar.

Die idee by sommige skrywers oor die vervangingswaarde, dat die vervangingswaarde nie gebruik kan word vir balansstaatopmaking nie weens die afwesigheid van die moment van die ruil, word deur Mey verwerp. Mey (vergelyk Mey, A., op. cit., p.181) stel dat die vervangingswaarde 'n algemeen geldende oordeel oor die waarde inhou, sowel vir die produsent as vir die verbruiker en los van die moment waarop en doel waarmee 'n mens waardeer. Mey laat dus net soos Limperg die klem val op die krities van die kritiese moment omdat daar meer as een moment van ruil bestaan.

(c) Voorrade en die vervangingswaardeleer

Soos Limperg en Van der Schroeff tref ook Mey onderskeid tussen tegniese- en ekonomiese voorraad, maar Mey gaan nog verder en onderskei tussen bestemde- en vrye voorrade.

(Vergelyk Mey, A., op. cit., p.187). Onder bestemde voorrade bedoel Mey voorrade wat aangekoop word wanneer 'n produksiebestelling ontvang word, dit wil sê, voorrade wat al reeds 'n bestemming in die produksieproses het, deurdat 'n bestelling al reeds vir die produksie ontvang is. Hier val die aanskaffingsprys en die vervangingswaarde dus saam. Onder vrye voorrade word bedoel voorrade wat

noodsaaklik is vir die produksie en wat deurlopend in die produksieproses gebruik word. Hier word die produk eers vervaardig en dan op die mark geplaas vir verkoopsdoel= eindes.

By bestemde voorrade val die kritiese moment van die ruil vir die bepaling van die koste van die produk voor produksie. Prysveranderinge ten opsigte van hierdie voorrade beïnvloed dus geensins die koste van die produk nie, aangesien die koste reeds vasgestel is by die kritiese moment van die ruil, dit wil sê, by die aanvaarding van die bestelling. Ten opsigte van vrye voorrade val die kritiese moment van die ruil, vir die bepaling van die koste van die produk, na produksie en wel by verkope. Prysveranderinge by hierdie voorrade sal dus wel in ag geneem moet word en wel op die moment van die ruil, dit wil sê, by verkope.

Volgens Mey moet goedere van dieselfde soort en kwaliteit in 'n onderneming op dieselfde moment gelyke waarde besit. (Vergelyk Mey, A., op. cit., p.170). Bedryfsrekeningkundig is dit heeltemal korrek en dit verskil heeltemal van die konvensionele bedryfsrekening=

kundige metodes waar van laaste-in-eerste-uit, eerste-in-eerste-uit en van die geweegde gemiddelde metode gebruik gemaak word om die koste en waarde van voorrade te bepaal.

(d) Die leer van Schmidt en die vervangings= waardeleer

Mey ag die leer van Schmidt te staties en meen dat Limperg se teorie van die vervangingswaarde aansluit by die dinamiese verskynsels. Mey sien egter ook heelwat ooreenkomste tussen die organiese balansleer van Schmidt en die vervangingswaardeleer van Limperg en sy studente naamlik: (Vergelyk Mey, A. : Enige kritiese beskouingen over de leer der organische winstcalculatie : M.A.B., 1924-1960, p.242).

(i) Dat die winsbepaling van die vervangings= waardeleer ook 'n organiese resultaat= bepaling is.

(ii) Dat die balansstaat volgens die vervangingswaardeleer 'n organiese balans= staat is.

(iii) Dat die welvaart afhanklik is van die beskikbare fisiese goedere massas.

- (iv) Dat die waarde van goedere in die onderneming ooreen moet stem met die waarde van goedere in die maatskaplike verkeer.
- (v) Dat die waarde van dele van 'n gelvkwwaardige voorraad op dieselfde moment gelyk is.
- (vi) Dat die wins slegs bestaan uit die gelyktydige verskil tussen koop- en verkoopmark.
- (vii) Dat by spekulatiewe transaksies 'n insidentele winsbepaling kan geskied.
- (viii) Dat die kapitaal van die onderneming verteenwoordig word deur die goedere wat in tegnies bepaalde verhoudinge in die onderneming aanwesig moet wees.
- (ix) Dat die verandering van die in geld gemete waarde van die produksiemiddele wel 'n surplus in die grootte van die daarin opgeslote vermoë bring, maar dat die surplus geen inkome is nie.

Mey maak verder gebruik van standarde vir die praktiese toepassing van die vervangings=

waarde. Mey (vergelyk Mey, A. : Bedrijfs= economische monographieën, op. cit., p.180) stem egter nie saam met Van der Schroeff dat die standarde wat gestel is slegs jaar= liks verander word nie, maar volgens Mey sal tussentydse hersienings gemaak moet word. Die aard en grootte van die waardeveranderings sal egter bepalend wees vir die hersiening of nie-hersiening van die standarde.

Soos reeds genoem het Mey feitlik geen ont= wikkeling ondergaan ten opsigte van sy siening van die vervangingswaardeleer nie. Nogtans het sy uitbreiding en verdere toeligting van die vervangingswaardeleer van Limperg 'n be= langrike bydrae gelewer tot die vervangings= waardeleer in Nederland.

3. MEIJ, J.L.

Soos reeds genoem was J.L. Meij ook soos Van der Schroeff en Mey 'n student van Limperg en soos verwag kan word, het hy ook die gedagtes van sy leermeester verder uitgedra.

J.L. Meij het, as grondgedagte van die ver= vangingswaardeleer, die kontinuïteit van die ondernemingsinkome gekies. Hy lê egter ook

sterk nadruk op die subjektiewe elemente by die bepaling van waarde en wins. Hierin vind ons 'n klemverskuiwing in die vervangingswaardeleer soos deur Limperg, Van der Schroeff en A. Mey voorgedhou.

(a) Offers en koste

Volgens J.L. Meij sal die offers by die ruil bepaal word deur die vervangingswaarde van die geruilde goedere, indien die ruil ekonomies rasioneel is. Die grootte van die offers moet bepaal word volgens die hoeveelheid en waarde van die aangewende produksiemiddel (vergelyk Meij, J.L. : Leerboek der bedryfs-economie, Deel I, negende druk, Delwel, Groningen, 1960). (As offer van die produksie moet ook beskou word die vaslegging van die vermoë gedurende die duur van die produksieproses). Wat die hoeveelheid betref, sal volgens Meij die verbruikte hoeveelheid produksiemiddele nie as maatstaf dien vir die bepaling van die offers nie. Meij stel dit ook tereg, en duideliker as sy voorgangers, dat die hoeveelheid produksiemiddele wat vir die vervanging van die produk noodsaaklik is, die maatstaf vorm vir die bepaling van die offers. Die waarde van die opgeofferde hoeveelheid produksiemiddele word bepaal deur

die prys waarteen die produksiemiddele op die moment van die ruil aangekoop kan word.

Limperg, Van der Schroeff en A. Mey praat van onvermybare offers. J.L. Meij verdeel die onvermybare offers egter verder in onvoorsienbare en voorsienbare offers (vergelyk Meij, J.L., op. cit., p.41). Meij verduidelik hierdie onderskeiding aan die hand van verdere werkeenhede van duursame produksiemiddele as gevolg van tegniekverbetering wat 'n onvermybare offer van produksie is. In sommige gevalle kan daar egter nie vir hierdie onvermybare offers voorsiening gemaak word nie en staan dit bekend as onvoorsienbare offers wat as 'n ondernemingsverlies beskou moet word. In ander gevalle kan daar egter in die bedryfsrekeningkundige stelsel voorsiening gemaak word vir hierdie onvermybare offers en dan staan dit bekend as voorsienbare offers.

(b) Kontinuiteit van die onderneming

Soos reeds genoem vorm die kontinuiteit of voortbestaan van die onderneming die grondgedagte van die vervangingswaardeleer van J.L. Meij.

Indien die verkoopsprys van 'n onderneming se produkte wat op die vervangingswaarde gebaseer is, terug ontvang word, is die voortsetting van die onderneming rasioneel. Hier gaan Meij uit van die normale kapasiteitsbesetting van die onderneming as basis. Indien die vervangingswaarde van 'n onderneming se produkte nie deur die verkoopsprys van die produk vergoed word nie is die voortsetting van die onderneming ekonomies irrasioneel op die langtermyn. Op die korttermyn kan die voortsetting van die onderneming egter nog rasioneel wees. Volgens Meij (vergelyk Meij J.L., op. cit., p.47) is die punt waar die voortsetting van die onderneming nog toelaatbaar is, dié punt waar die vervangingswaarde van die produk gelyk is aan sy opbrengswaarde. Hierdie beginsel van die vervangingswaardeleer dien ook as belangrike verskilpunt met ander bedryfsrekeningkunde tegnieke wat in Hoofstuk 5 behandel sal word.

Net soos sy voorgangers, merk Meij ook nie die gunstige verskil tussen vervangingsprys en aanskaffingsprys as wins aan nie. (Vergelyk Meij, J.L., op. cit., p.48). Volgens Meij kan dit nie verteer word nie, aangesien dit nie uit die onderneming afgesonder kan

word sonder dat dit die produksievermoë van die onderneming nadelig raak nie. Meij sien dus tereg ook soos sy voorgangers dat wins as verteerbare inkomste gesien moet word.

Uit die voorgaande bespreking van die ontstaan en ontwikkeling van die vervangingswaardeleer in Nederland, kan dus gesien word dat die basis van ons huidige vervangingswaardemethode in Nederland gelê is. Een groot tekortkoming in die leer van die vervangingswaarde soos deur Limperg en sy leerlinge uiteengesit kom egter ook uit die voorgaande bespreking na vore naamlik, dat geen aandag geskenk is aan prysveranderinge wat te wyte is aan inflasie of deflasie nie. Hulle het uitgegaan van die standpunt dat die vervangingswaardeleer die monetêr-veroorsaakte prysveranderinge ook sou opneem. Die monetêre middele is egter net so noodsaaklik vir die kontinuïteit of voortbestaan van 'n onderneming as wat die materiële middele belangrik is vir produksie en dus vir die kontinuïteit van die onderneming. Monetêr-veroorsaakte prysveranderinge is dus van wesentlike belang vir 'n onderneming en moet dus in enige bedryfsrekeningkundige stelsel ingesluit word indien so 'n stelsel tot

voordeel van 'n onderneming aangewend wil word.

Van die sewe groot maatskappye in Nederland pas drie die vervangingswaardeleer nagenoeg integraal toe, een gedeeltelik en drie glad nie (vergelyk Hamman, W.D., op. cit., p.241). Dit wil voorkom of die groter ondernemings met hul groter behoefte aan bestuursinformatie meer geneë is om wel die vervangingswaardestelsel toe te pas, as wat kleiner ondernemings daartoe bereid is.

(c) DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDELEER IN DIE V.S.A.

Een van die redes waarom ondernemers in die V.S.A. skepties staan teenoor die gebruik van vervangingswaarde, is die feit dat gedurende die periode 1915 tot 1930 die meeste Amerikaanse ondernemings vervangingswaarde as basis gebruik het vir winsbepaling en vir balansstaattoeleindes. Hierdie vervangingswaardes was gebaseer op waardasies wat in sommige gevalle hoër as die werklike was. Met die koms van die depressie in die dertigerjare moes hoë afwaarderings gemaak word ten opsigte van die waardes van bates wat die gevolg was van vroeë opwaarderings. Hierdie feit het tot gevolg

gehad dat die vervangingswaarde in die V.S.A. geassosieer is met willekeurige waardebepalings. Hierdie foutiewe waardebepalings van die twin=tigerjare het ook tot gevolg gehad dat die meeste Amerikaanse skrywers enige vorm van subjektiwiteit ten sterkste veroordeel en sterk klem lê op objektiwiteit. (Vergelyk Revsine, L. : Replacement cost accounting, Prentice-Hall Inc., New Yersey, 1973, p.76).

Die volgehoue aansienlike prysinflasie in die V.S.A., na die depressie van die dertigerjare en veral sedert 1939, het egter aanleiding gegee tot ontevredenheid met die tradisionele gebruik van historiese koste in die finansiële verslagdoening, en veral aangesien die historiese kosprys nie die prysveranderinge in die finansiële verslagdoening aantoon nie.

Een van die oplossings vir hierdie probleem is die vervangingswaardemetode, maar sakemanne en rekenmeesters in die V.S.A. het grootliks gestuit teen die probleem om die vervangingswaarde van 'n bate op 'n spesifieke tydstop te bepaal. Dit verklaar ook die feit dat die Amerikaners die voordele van die vervangingswaardeleer ingesien het, maar allerlei veranderinge aan dié metode wou aanbring om dit prakties uitvoerbaar te maak.

Sulke variasies op die vervangingswaardemetode sluit die volgende in:

- (i) Laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering waar hulle na aan die vervangingswaardeleer gekom het, maar nog nie al die beginsels van die vervangingswaardeleer geïmplementeer het nie. (Vergelyk:
 - (i) Fremgen, J.M. : Accounting for managerial analysis, R.D. Irwin, Illinois, hersiene druk, 1972.
 - (ii) Neuner, J.J.W. : Cost accounting; Principles and practice, sesde druk, R.D. Irwin, Illinois, 1962.
 - (iii) Crowningshield, G.R. : Cost accounting; principles and managerial applications, Houghton Mifflin Co., Boston 1962.
 - (iv) Nickerson, C.B. : Managerial cost accounting and analysis, 2de uitgawe, McGraw-Hill, New York, 1962).
- (ii) "Stabilized Accounting". (Vergelyk Sweeney, H.W. : Stabilized accounting, 2de druk, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1964).

(iii) "Adjusted historical costs". (Vergelyk Mason, P. : Price-level changes and financial statements - Basic concepts and methods. Herdruk, American Accounting Association, Iowa, 1965).

(i) Laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering

Die laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering was 'n groot verbetering op die eerste-in-eerste-uit- en geweegde gemiddelde metodes van voorraadwaardering. Die laaste-in-eerste-uit-metode berus op die beginsel dat die pryse van goedere wat laaste ontvang of aangekoop word, eerste gebruik word in die verrekening van voorraad- of materiaal= koste in die produksieproses. Die doel van die L.I.F.O.-metode van voorraadwaardering is om die waarde van uitreikings so na as moontlik aan die huidige ekonomiese waarde van voorraad te hou. Dit wil sê, so na as moontlik aan markwaarde. Hierdie metode hou egter heelwat nadele in naamlik:

(a) Koste is altyd effens agter die huidige koste.

(b) Waarde van eindvoorraad is baie konser=

watief en heeltemal te laag in vergelyking met huidige ekonomiese waarde.

- (c) Indien die voorraad daal tot naby die minimum voorraadvlak in die onderneming, sal voorraaduitreikingspryse ver van die ekonomiese of markwaarde af wees.
- (d) Die metode is nie altyd aanvaarbaar vir belastingdoeleindes nie, veral waar hy gebruik word om wins mee te verminder deurdat eindvoorraad laag gewaardeer word.

(ii) "Stabilized Accounting"

Die doel met die stabilisering van rekeninge is die volgende: (Vergelyk Sweeney, H.W., op. cit., p.24).

- (a) Om die verhoging of verlaging in die algemene koopkrag van die ondernemingsfondse aan te toon.
- (b) Om bedrae te herlei na dieselfde eenheidsmaatstaf.
- (c) Om alle gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan as ge=

volg van veranderinge in die waarde
van geld aan te toon.

Die stabilisering van rekeninge kan egter op
twee metodes gedoen word naamlik: (Vergelyk
Sweeney, H.W., op. cit., p.44).

- (a) Op basis van oorspronklike koste
(historiese koste).
- (b) Op basis van vervangingswaarde.

Albei metodes kom egter op dieselfde neer.
Indien rekeninge gestabiliseer word op basis
van oorspronklike- of historiese koste, word
'n aansuiwering op die rekeninge gemaak ten
opsigte van die historiese koste deur middel
van indekse. In die V.S.A. word hoofsaaklik
twee indekse gebruik naamlik:

- (a) Die lewenskoste-indeks.
- (b) Die algemene-indeks.

'n Indeks kan omskryf word as getalle wat die
gemiddelde daling of styging van pryse met
verwysing na 'n basisjaar persentasiegewys
uitdruk.

Die stabilisering van rekeninge kan aangedui word deur middel van 'n getalle voorbeeld, ongeag van watter indeks gebruik gemaak word.

Gestel 1970 word as basisjaar geneem, dan word 1970 se pryse van kommoditeite gelyk gestel aan 100. Gestel 'n ondernemer belê in 1970 R1 000 in 'n onderneming (dit wil sê wanneer die indeks 100 is). Gestel verder dat na vyf jaar, dit wil sê in 1975, die indeks gestyg het na 200 en dat die belegging nou R1 500 bedra nadat alle winste gedurende die vyf jaar teruggeploeg is in die onderneming.

Volgens hierdie veronderstellinge naamlik dat die indeks gestyg het van 100 na 200 moes die belegging ook verdubbel het om voorsiening te maak vir die koopkrag van die ondernemingsfondse. Hierdie ondernemer kan dus na vyf jaar met sy R1 500 belegging slegs 75% van die goedere aanskaf in vergelyking met wat hy aan die begin van die periode met R1 000 kon doen. Alhoewel hy 'n wins van R500 toon vir die vyf jaar, het sy geld se koopkrag verminder en is hy slegter daaraan toe aan die einde van die periode as wat hy was aan

die begin van die periode.

Die doel van gestabiliseerde rekeninge blyk ook duidelik uit die volgende woorde van Sweeney: (Vergelyk Sweeney, H.W., op. cit., p.11).

"The success of the whole system of business depends upon the truthfulness of reports. The truthfulness of reports depends mainly upon the truthfulness of accounting. The truthfulness of accounting depends largely upon the truthfulness of the dollar - and the dollar is a liar! For it says one thing and means another."

Die stelsel van gestabiliseerde rekeninge is nie 'n volledige stelsel van vervangingswaarde nie, maar lig slegs een aspek van die vervangingswaarde uit naamlik, die verandering in die waarde van geld en die daarmee gepaardgaande invloed op batewaardes, afskrywing en winsbepaling. Die bepaling van produksiekoste word heeltemal buite rekening gelaat, waarmee te kenne gegee word dat die historiese kostebepaling heeltemal bevredigend is.

(iii) "Adjusted Historical Costs"

Volgens die aangesuiwerde historiese koste=metode word alle items in die finansiële jaarstate van 'n onderneming met behulp van 'n algemene verbruikers-prysindeks herlei tot bedrae uitgedruk in terme van dieselfde koopkrag. Aan die einde van die rekenpliq=tige tydperk, word daar berekeninge en reg=stellings gedoen ten opsigte van die finan=siële jaarstate.

Hierdie metode verskil nie veel van die his=toriese kostebeginsels nie, en die tradisio=nele boekhouding word nie veel gewysig nie. Hierdie metode word ook aanbeveel deur die Amerikaanse rekenmeestersliggame (vergelyk Hamman, W.D., op. cit., p.61) wat verkies dat op die langduur die raamwerk van die boekhouding sodanig uitgebrei behoort te word dat die resultate van ondernemings in terme van koopkrag-eenhede uitgedruk kan word. Voorlopig egter, behoort die finansiële jaar=state van ondernemings volgens die tradisio=nele metode dit wil sê, die historiese uit=gaafprys, opgestel te word.

Die verskillende metodes wat deur die Ameri=kaanse skrywers aanbeveel word vir die pro=

bleme wat ontstaan as gevolg van die verandering in die waarde van geld, het almal slegs 'n gedeelte van die vervangingswaardeleer as basis. Hulle spits hulle meer toe op die ander belangrike probleemgebiede in die onderneming ten tye van prysveranderings naamlik:

(a) Winsbepaling.

(b) Bepaling van die waarde van bates en die daarmee gepaardgaande waardevermindering afskrywing.

Met betrekking tot die korrekte kosprysbepaling is daar egter 'n groot agterstand in die Amerikaanse literatuur te bespeur.

(d) DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDELEER IN BRITTANJE

Literatuur oor die vervangingswaardeleer in Brittanje is nie so volop soos in die Amerikaanse literatuur nie. Daar bestaan egter 'n nuwe verband tussen die vervangingswaardeleer in die V.S.A. en die vervangingswaardeleer in Brittanje. Die vervangingswaardeleer in Brittanje het net soos in ander lande na vore gekom ten tye van inflasie, en veral gedurende die periode tussen

die twee wêreldoorloë. Verskeie ander metodes om die pryspeilveranderinge in die rekeningkundige stelsel van ondernemings te neutraliseer, is ook toegepas, waarvan die L.I.F.O.- (vergelyk L.I.F.O. - Last-in-first-out) en N.I.F.O.- (vergelyk N.I.F.O. - Next-in-first-out) stelsels van voor= raadwaarding die belangrikste is (vergelyk:

- (i) Wilk, L.A. : Accounting for inflation, Sweet and Maxwell, London, 1960;
- (ii) Lacey, K. : Profit measurement and price changes, Sir Isaacs Pitman and Sons, Ltd., London, 1952).

In Brittanje word die term "revaluation accounting" gebruik om die metodes aan te dui wat gebruik word om die probleem van die vervanging van vaste bates in 'n tydperk van stygende pryse op te los. Daar bestaan twee probleemgebiede waar 'n stelsel van "revaluation accounting" met vrug gebruik kan word naamlik: (Vgl. Batty, J., op. cit., p.628).

- (i) Om die kapitaal wat belê is in 'n onderneming in reële terme ongeskonde te hou.
- (ii) Om die wins van die onderneming so te bepaal dat dit 'n werklike ware en getroue weergawe van die jaar se aktiwiteite in die onderneming is.

"Revaluation accounting" is hoofsaaklik gemik op 'n gedeeltelike regstelling van die onderneming se finansiële syfers. Batty (vergelyk Batty, J., op. cit., p.634) praat dan ook van "partial revaluation accounting" wat die volgende belangrike kenmerke besit:

- (i) 'n Spesiale afskrywing word gemaak, in toevoeging tot die waardevermindering wat afgeskryf is op historiese koste, om die addisionele koste om die bate te vervang, te dek. Hierdie addisionele afskrywing verteenwoordig die styging in pryse of die vermindering in die waarde van geld.
- (ii) Ru-materiaal word uitgereik teen pryse wat so na as moontlik aan die huidige of vervangingspryse is. Hier kan gebruik gemaak word van L.I.F.O. of van standaardpryse.
- (iii) Vaste bates word herwaardeer volgens indekse of deur 'n herwaardering van bates deur 'n persoon wat bevoeg is daartoe.

Selfs Batty (vergelyk Batty, J., op. cit., p.641) se volledige stelsel van "revaluation accounting"

is nog maar 'n onvolledige stelsel van vervangingswaarde. Hierdie volledige stelsel van "revaluation accounting" van Batty behels in hooftrekke die volgende:

- (i) Herlei die waarde van vaste bates na huidige vervangingskoste. Dit word gedoen deur middel van 'n debiet op die vaste bate rekeninge en 'n krediet op 'n herwaarderingsrekening. Alternatiewelik kan van 'n indeks gebruik gemaak word om die aandele kapitaal van 'n onderneming te herlei na sy huidige waarde.
- (ii) Die verandering in die koopkrag van die netto bedryfsbates, moet in berekening gebring word by die winsbepaling vir die rekenpligtige tydperk.
- (iii) Waardevermindering moet afgeskryf word op die basis van huidige vervangingskoste.

Hieruit kan afgelei word dat Batty net soos ander skrywers in Brittanje nie 'n voorstander is van die vervangingswaardeleer soos deur die Nederlanders uiteengesit nie. Die toepassingsveld van

die vervangingswaardeleer word deur die Britse outeurs beperk tot sekere probleemgebiede wat ontstaan ten tye van inflasie. Hierdie stelsel maak dus geen voorsiening vir die bepaling van die kosprys op basis van vervangingswaarde nie.

Aangesien Batty nie die voordele insien van 'n volledige stelsel van vervangingswaarde nie, stel hy dan ook dat 'n stelsel van basiese standaardkoste ewe goed die veranderinge in die waarde van geld kan aantoon. Daar bestaan egter weinig verskil tussen basiese standaarde en indekse, alhoewel die basiese standaarde meer spesifiek toegespits is op die pryse wat van belang is vir elke individuele onderneming, terwyl sommige indekse meer algemene pryse bevat.

Die vervangingswaardeleer in Brittanje stem in baie opsigte ooreen met die vervangingswaardeleer in die V.S.A. Een van die mees algemene ooreenkomste is die feit dat in albei lande hoofsaaklik gebruik gemaak word van 'n gedeeltelike vervangingswaarde, dit wil sê, die vervangingswaarde word gebruik om die waardes van voorrade, bates en laste te herlei na hulle huidige ekonomiese waardes vir balansstaat- en winsverdelingsdoeleindes, terwyl die gebruik van vervangingswaarde vir die bepaling van die kosprys agterweë gelaat word.

Die ontwikkeling van die vervangingswaardeleer het egter stadiger plaasgevind in vergelyking met ander bedryfsrekeningkundige stelsels. Gedurende die 1965-begroting in Brittanje is 'n kapitaalbelasting aangekondig. Gedurende die periode vanaf die begroting totdat die wet in werking getree het, het heelwat ondernemings hulle bates herwaardeer om sodoende belasting te bespaar wanneer die bates verkoop word. Verder is daar egter weinig voorsiening gemaak in die finansiële jaarstate vir die verandering in die waarde van geld.

Die grootste ontwikkeling wat die vervangingswaardeleer in Brittanje ondergaan het, het plaasgevind sedert 1973.

Op 17 Januarie 1973 publiseer die "Accounting Standards Steering Committee" 'n "Exposure Draft" genaamd "Proposed statement of standard accounting practice : Accounting for changes in the purchasing power of money", of soos dit algemeen bekend staan, as ED8. Hierin word aanbeveel dat daar naas die konvensionele jaarstate 'n aanvullende staat opgestel word waarin die finansiële jaarstate van 'n onderneming met behulp van 'n algemene verbruikersprysindeks aangesuiwer word. Hierdie metode staan algemeen as inflasieboekhouding bekend.

ED8 staan dus nog steeds op die behoud van die historiese kostebeginsel en kan dus nog nie gesien word as 'n ontwikkeling van die vervangingswaardeleer nie. ED8 was egter die voorloper van ander verslae waarin die vervangingswaardeleerse beginsel meer na vore gebring is.

In Julie 1973 (vergelyk Hamman, W.D. : Winsbepaling tydens veranderde pryspeile, in Bedryfsleiding, Maart 1975, p.38) word 'n kommissie van ondersoek deur die Britse regering aangestel om die verskillende metodes te ondersoek waarvolgens finansiële jaarstate aangesuiwer kan word, en indien wel, hoe die jaarstate veranderings in koste en pryse weergee.

Op 13 Mei 1974 reik die kommissie van ondersoek wat deur die Britse regering aangestel is 'n "Provisional Statement of Standard Accounting Practice No. 7 : Accounting for changes in purchasing power of money" uit. (Accountancy, Junie 1974, p.108). Hierdie verslag staan algemeen bekend as SSAP.7. Hierdie verslag (SSAP.7) is slegs uitgereik om die aanbevelings van ED8 te implementeer.

Beide ED8 en SSAP.7 wil die koste van verkope ses maandeliks aansuiwer deur middel van 'n algemene

verbruikersprysindeks. Hierdie aanbeveling bied egter geen voordele vir die bedryfsrekeningkunde nie, aangesien 'n aansuiwering deur middel van 'n algemene verbruikersprysindeks 'n arbitrêre aanpassing is en geen rekening hou met die invloed van veranderde pryspeile op elke individuele onderneming se kostestruktuur afsonderlik nie.

In die eerste week van September 1975 is die "Report of the inflation committee" aan die Britse Parlement oorhandig (vergelyk Inflation accounting: report of the inflation accounting committee, Chairman, F.E.P. Sandilands, Esq., C.B.F., Her Majesty's Stationery Office, 1975). Hierdie verslag staan algemeen bekend as die Sandilandsverslag, en kan gesien word as die belangrikste bedryfsrekeningkundige publikasie van hierdie dekade.

Die Sandilandsverslag beveel vervangingskoste aan of, soos in die verslag genoem, "waarde vir die besigheid", as basis vir die bepaling van koste van verkope en vir winsbepaling en jaarverslae. Die stelsels waarin gebruik gemaak word van algemene verbruikersprysindekse word summier verwerp deur die Sandilandsverslag.

Die gebruik van historiese koste ten tye van

inflasie en pryspeilveranderings word om twee redes deur die Sandilandsverslag verwerp naamlik:

- (a) "Historic cost accounts in their pure form do not recognise unrealised holding gains. Because assets are shown in the amounts at cost (less depreciation where appropriate) the unrealised holding gains arising from the increase in monetary value of assets due to inflation are not shown in the accounts. This is a serious deficiency which withholds useful information from shareholders, employees, management and other users of accounts on a type of gain which is increasingly important to companies during a time of inflation."
- (b) "The conventions of historic cost accounting generally result in realised holding gains being included together with operating gains as profit for the year. When holding gains are large because of inflation, this feature of historic cost accounts reduces their usefulness and they fail to give information required by users of accounts."

Die Sandilandsverslag beveel 'n stelsel van "Current Cost Accounting" aan wat die volgende

bepaal (vergelyk Hamman, W.D. : Sandilandsverslag
sê ja vir ou stelsel, in Sake-Rapport - Rapport,
28 September 1975, p.7):

- (a) Bates word gewaardeer op basis van
"waarde vir die besigheid" op balans=
staatdatum.
- (b) Winste bestaan uit:
 - (i) Operasionele winste.
 - (ii) Buitengewone winste met uitsluiting
van "holding gains" wat kan bestaan
uit:
 - voorraadwinste
 - opwaardasie van vaste bates.

Operasionele winste is die verskil tussen
verkope en die koste daarvan gebaseer
op basis van vervangingskoste (waarde
vir die besigheid).

- (c) Net een stel jaarstate en nie twee stelle
jaarstate soos aanbeveel deur ED8 nie.
- (d) Beide boekwaarde van vaste bates en
depresiasië gebaseer op historiese kos=
prys moet in die vorm van 'n nota gegee
word.

- (e) Jaarverslae moet 'n opsomming gee van:
 - Operasionele wins gebaseer op ver=vangingskoste.
 - Buitengewone items.
 - "Holding gains".
- (f) Geen vooruitgeskatte kontantvloei word benodig nie.
- (g) Direkteure moet 'n staat aangee waarin hulle 'n opinie uitspreek aangaande die likwiditeitsbronne wat in die volgende jaar gaan ontstaan.
- (h) Geen wins of verlies word op monetêre items bereken nie.

Die "Current Cost Accounting" stelsel wat die Sandilandsverslag aanbeveel hou heelwat voordele in naamlik:

- (a) Daar word 'n verskil gemaak tussen resultate weens handelstransaksies en spekulatiewe transaksies.
- (b) Balansstaat- en inkomstestaatverhoudings

word op so 'n wyse bereken, dat insig=
gewende vergelykings getref kan word.

- (c) Depresiasie word op vervangingskoste bereken wat beteken dat 'n onderneming oor die nodige fondse sal of behoort te beskik om die bate aan die einde van sy leeftyd te kan vervang en sodoende sy produksievermoë handhaaf.

Die Sandilandsverslag beveel verder aan dat die volgende kategorieë verplig word om die stelsel te volg vir alle rekenpligtige periodes wat begin na 24 Desember 1977:

- (a) Alle genoteerde maatskappye.
- (b) Ongenoteerde maatskappye met 'n omset van meer as £10 miljoen of waarvan die totale bates meer as £10 miljoen bedra.
- (c) Genasionaliseerde ondernemings.

Ander maatskappye sal in daaropvolgende jare verplig word om die "Current Cost Accounting" stelsel soos voorgestel te volg.

Kritiek op die Sandilandsverslag het egter ook nie agterweë gebly nie. Die "Economist" byvoor=

beeld, sê die volgende:

"The Sandilands Report on inflation accounting proposes radical change. Accountants won't like it. However, Sandilands can expect a barrage of criticism from orthodox bookkeepers". (Vergelyk The Economist, 6 September 1975, p.83).

Die voorstelle van die Sandilandsverslag kan gesien word as evolusionêr in plaas van revolusionêr en is die eerste verslag wat tot 'n praktiese oplossing kom vir die probleem wat ondernemings ondervind om hul koste van verkope en wins te bepaal ten tye van pryspeilveranderinge, sonder om die winsbron te vernietig.

(e) DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERVANGINGSWAARDELEER IN SUID-AFRIKA

Selfs in die Republiek van Suid-Afrika het die vervangingswaardeleer nie uitgebly nie. As redes hiervoor kan die volgende aangevoer word:

- (1) Die verbintenis van Suid-Afrika met die Stamland Nederland, waar die vervangingswaardeleer sy grootste ontwikkeling ondergaan het, en sy grootste praktiese toepassing vind.

- (ii) Studiegeleenthede vir studente uit Suid-Afrika om aan Nederlandse Universiteite te studeer, waar hulle in aanraking gekom het met die Nederlandse vervangingswaardeleer.
- (iii) Suid-Afrika vorm deel van die Westerse Wêreld, wat in ander lande gebeur het ook sy invloed op Suid-Afrika. Hier dink ons byvoorbeeld aan ekonomiese neigings soos inflasie, resessie en depressie.

Dit is dan ook geen wonder dat die eerste voorstanders van die vervangingswaardeleer studente aan Nederlandse Universiteite was nie. (Vergelyk:

- (i) Sorgdrager, A.J.E. : The particularization of indirect cost in modern costing administration, Potchefstroom, Pro-Rege Pers Beperk, 1964, en ook Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek, Kaapstad, Nasou Beperk, 1967.
- (ii) Van der Meulen, J. : Winstbepaling bij prijsfluctuaties en geldwaardeveranderingen, Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1963, en Van der Meulen, J. : "Koste, kosprys en waarde" en "Resultaatbepaling" in Rädcl, F. en Reynders,

H.J.J. : Inleiding tot die bedryfsekonomie, J.L. van Schaik Beperk, 2de druk, Pretoria, 1967).

Latere studente wat navorsing gedoen het oor die vervangingswaardeleer was ook vir 'n tydlank met studie in Nederland besig. (Vergelyk Hamman, W.D., op. cit.).

Sorgdrager en Van der Meulen kan egter beskou word as die baanbrekers van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika. Albei was studente aan Nederlandse Universiteite, daarom ook dat hulle as aanhangers van die Nederlandse vervangingswaardeleer beskou kan word.

Sorgdrager (vergelyk Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek, op. cit., p.5) skenk heelwat aandag aan die begrippe wins en verlies. Hy sien verlies in bepaalde gevalle as die negatiewe kant van wins. Verlies, volgens Sorgdrager, is dan ook tereg die kapitaalvermindering wat 'n inperking van vertering sonder uitstel noodsaak.

Sorgdrager onderskei tussen produktiewe en onproduktiewe koste, en wys op die onlogiese gedagtegang in die Engel-Saksiese indeling van kostelemente wat alle indirekte koste as onproduktiewe

koste aanmerk. Hy kom tot die slotsom dat die vervangingswaarde in wese 'n beleidsteorie is. (Vergelyk Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.64). Dit verskaf inligting aan bestuur op vergelykbare syfers. Sorgdrager bepleit dan ook die vervangingswaardestelsel om tot 'n korrekte kosprys te kan kom.

Van der Meulen (vergelyk Van der Meulen, J., op. cit., p.254 - proefskrif) bepleit ook dat die aktuele pryse as resultaat van die ekonomiese kragte in die mark 'n belangriker plek in die boekhouding moet inneem as wat in die tradisionele boekhoudingstelsel die geval is. Van der Meulen sien die belangrikste eienskap van die vervangingswaarde in die feit dat die vervangingswaarde 'n fundamentele onderskeid maak tussen die gevolge van die aanhou van bates deur die onderneming in die tyd, en die gevolge van die produksie- en verkoopsprosesse wat deur die onderneming behartig word as onderdeel van die nasionale ekonomie.

Wat die praktiese toepassing van die vervangingswaardeleer aanbetref, dien vermeld te word dat die effek van veranderde pryspeile wel in die boekhouding en jaarverslae van Suid-Afrikaanse ondernemings aanwesig is. (Vergelyk Van der Meulen, J., (Proefskrif , op. cit., p.318 en 352). Die toe=

passing van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika kom egter neer op 'n gedeeltelike toepassing. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Yskor byvoorbeeld, skryf albei wel addisionele bedrae af op vaste bates ter erkenning van die verhoogde vervangingskoste, maar herwaardeer geensins hulle vaste bates in die balansstaat nie. (Vergelyk Hamman, W.D., Proefskrif, op. cit., p.264).

In Suid-Afrika is daar van integrale en gedurige herwaardasie van vaste bates geen sprake nie. Herwaardasie van vaste bates word slegs vir die volgende doeleindes gedoen: (Vergelyk Hamman, W.D., Proefskrif, op. cit., p.302).

- (i) Vir samesmelting.
- (ii) Vir beheerverkryging.
- (iii) Vir uitreiking van nuwe aandele.
- (iv) Vir bonusuitgifte.
- (v) Om na 'n reeks verliese, 'n "beter" balansstaatbeeld te verkry.

'n Belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika het gekom van W.D. Hamman.

In Desember 1971 publiseer hy sy proefskrif getiteld "Kapitaalbepaling, winsbepaling en bestuursverantwoording ten tyde van prysveranderings".

Hierin beveel hy reeds aktuele koste aan, of soos dit in Engels bekend staan as "current cost" (vergelyk die Sandilandsverslag). Hamman is nie 'n voorstander van die aansuiwering van historiese koste deur middel van 'n algemene indeks nie. Hy beveel spesifieke indekse aan of die SVP's (standaard verrekeningspryse) wat deur die Philips organisasie gebruik word. (Vergelyk Hamman, W.D., Proefskrif , op. cit., p.319).

Hamman het ook 'n waardevolle bydrae tot die ontwikkeling van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika gelewer deur sy talle publikasies wat in Suid-Afrikaanse vak- en ander tydskrifte verskyn het. (Vergelyk Bronnelys en Aanhalings).

Die belangrikste ontwikkeling ten opsigte van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika het in Januarie 1975 plaasgevind toe die Komitee vir Rekeningkundige Praktyke van die Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters hul Besprekingsverhandeling oor Rekeningkunde vir inflasie en ander pryspeilveranderinge die lig laat sien het. Hierdie Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters beveel koopkrag-aangepaste finansiële jaarstate aan.

Die Besprekingsverhandeling bied egter weinig voordele, maar is in elk geval 'n stap in die

regte rigting. Dit is nog maar 'n poging alhoewel nog ver van die beginsels van die vervangings= waardeleer.

Die tekortkominge van hierdie Besprekingsverhan= deling is die volgende:

- (a) Geen poging word aangewend om inkomste- of uitgawe-items in die inkomstestaat aan te pas nie.
- (b) Geen poging word aangewend om die to= tale effek van inflasie en ander prys= peilveranderinge te isoleer nie. Dit is volgens die komitee nie moontlik nie, veral as in gedagte gehou word dat in= flasie en ander pryspeilveranderinge op sigself vir nie-winsbejag ingespan kan word nie.
- (c) Die verbruikersprysindeks of ook genoem die lewenskoste-indeks van die Departe= ment van Statistiek, word aanbeveel vir die herwaardasie van alle bates. Die nadeel hieraan verbonde is dat 'n alge= mene indeks gebruik word wat heelwat verskil van die werklike veranderinge ten opsigte van pryse wat deur inflasie of ander pryspeilveranderinge op indivi=

dule ondernemings uitgeoefen word.

Die Besprekingsverhandeling moet gesien word as 'n beginpunt om die rekenmeestersprofessie te aktiveer en te kondisioneer vir verdere aanbevelings, wat veel meer ingrypend sal moet wees en veel nader aan die vervangingswaardeleer as wat in die Besprekingsverhandeling uiteengesit is.

Hier word spesifiek gedink aan die voorstelle van die Sandilandsverslag wat in Brittanje uitgereik is. Suid-Afrika kan gerus kers opsteek by hierdie verslag, en die voorstelle wat in hierdie verslag aanbeveel word op Suid-Afrika toepas, indien die invloed van inflasie en ander pryspeilveranderinge op Suid-Afrikaanse ondernemings na behore in die finansiële jaarstate van ondernemings aangetoon wil word.

3. DIE VRAAG NA DIE VERVANGINGSWAARDE

Die vraag na die vervangingswaarde kan teruggevoer word na die vraag na 'n korrekte koste- en kosprysbepaling. Sorgdrager (vergelyk Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.49) druk dit soos volg uit:

"Die toekoms van die land en die voortbestaan van die ondernemings staan in

noue verband met die kostestruktuur. 'n Presiese en noukeurige kosprys is nie alleen noodsaaklik nie maar moet as grondslag dien vir die verkoopprijs, die doelmatigheidsbepaling en die beleidsvorming en -beslissing."

'n Foutiewe koste- en kosprysbepaling kan ver= reikende gevolge hê op die ondernemingsresultate waarvan die volgende die belangrikste is:

(i) Foutiewe winsbepaling wat weer aan= leiding gee tot:

- Foutiewe belastingbepaling.
- Foutiewe dividendbeleid.
- Onrealistiese aandeelpryse.
- Ongesonde mededinging.
- Tekort aan bedryfskapitaal.
- Ongegronde salaris- en looneise.
- Verkeerde ondernemingsbesluite.

Voordat gekyk word na 'n korrekte koste- en kos= prysbepaling moet eers gekyk word wat onder koste verstaan word. Koste kan gedefinieer word as die in geld uitgedrukte doelmatige offers wat by die ruil van goedere of dienste deur die onderneming gebring word. Hierdie definisie van koste bring ons egter by drie probleemgebiede naamlik:

- Geld.
- Doelmatige offers.
- Moment van ruil.

(a) Geld

Dit gaan hierom dat ons aan die produksie=middele wat ons opoffer vir produksie, 'n waarde moet toeken. Die probleem kom egter na vore by die in geld uitgedrukte waarde, aangesien geld as maatstaf van waarde ver=anderlik is. Die waarde van geld wissel wat beteken dat die maatstaf waarmee ons die waarde meet onstabiel is. Dit is dan ook by die verandering in die waarde van geld waar die vervangingswaarde 'n oplossing bied deurdat die vervangingswaarde die verandering in die waarde van geld in ag neem by die bepaling van koste.

(b) Doelmatige offers

Vir die bepaling van die doelmatige offers moet die verspillings buite rekening gelaat word. Verspillings vorm dus nie deel van die koste nie en moet as 'n vermindering van die ondernemingswins gesien word, wat ver=oorsaak is deur ondoeltreffende aanwending van die produksiemiddele. By die bepaling van die doelmatige offers bied die vervang=

ingswaarde 'n oplossing deurdat dit die waardemaatstaf geld, in eenhede van gelyke koopkrag uitdruk, wat dan gebruik kan word vir vergelykingsdoeleindes om die doelmatigheid van die offers in die onderneming te bepaal.

(c) Moment van ruil

Die moment van ruil is wanneer die juridiese lewering van 'n goed of diens plaasvind, dit wil sê, wanneer die risiko van waardeverandering aan die koper oorgedra word.

Verskillende kosteberekeningtegnieke maak van verskillende tye gebruik vir die bepaling van koste. Die tradisionele kostebepalingsmetodes maak gebruik van die na-kalkulasie of waar die kostebepaling uitsluitend op die verlede gerig is (retrospektief of ex-post). Volgens hierdie metodes kan die verspillings nie afsonderlik aangetoon word nie. Die koste volgens die tradisionele kostebepalingsmetodes is dus in werklikheid offers want dit sluit die ondoelmatige offers in. Daar bestaan egter vandag by ondernemings 'n behoefte na voor- en na-kalkulasiemetodes vir vooruitskatting en vir doeltreffendheidsbeoordeling van die ondernemingsaktiwiteite.

Die moment van die ruil is vir die bepaling van die koste volgens die vervangingswaarde baie belangrik, aangesien dit 'n kritiese moment is waar die opbrengswaarde vergelyk word met die vervangingswaarde om die ekonomiese doelmatigheid van die ondernemingshandelinge te bepaal. Dit is die punt waar die koste volgens die vervangingswaarde bepaal word, en kan ex-ante of ex-post geskied.

Die begrip koste is die ruimer begrip en dui op 'n totaal, dit wil sê, koste vir die periode ensovoorts, terwyl kosprys op die koste van 'n spesifieke produk of produkte dui.

(d) Die doel van koste- en kosprysbepaling
Die doel van koste- en kosprysbepaling is die volgende:

- (i) As basis vir die aanbiedingsprys.
- (ii) As hulpmiddel by doeltreffendheidskontrole.
- (iii) As hulpmiddel by die besluitnemingsproses.
- (iv) As maatstaf vir die bepaling van die waarde van voltooide- en onvoltooide goedere asook vir winsbepaling.

Om tot 'n korrekte koste-, kosprys- en winsbepaling te kan kom, moet 'n stelsel gevind word wat aan die verskillende doeleindes kan beantwoord. Hierop sal in hoofstuk 5 breedvoerig ingegaan word.

2.	DIE VERVANGINGSWAARDETEORIE	
2.1	INLEIDING	97
2.2	DIE VERANDERING IN DIE WAARDE VAN GELD EN DIE VERVANGINGSWAARDETEORIE	100
a.	Winsbepaling.	102
b.	Balansstaatwaardering, Doeltref= fendheidsbeoordeling en vooruit= skattings.	111
2.3	VOORRAAD EN DIE VERVANGINGSWAARDELEER	123
a.	Voorraadbegrip.	123
b.	Waardebepaling van voorrade.	124
c.	Voorraadvorming.	127
d.	Depresiasie en die vervangingswaarde= leer.	137

2. DIE VERVANGINGSWAARDETEORIE

2.1 INLEIDING

Die vervangingswaardeteorie neem 'n baie belangrike plek in die Bedryfsrekeningkunde in, en veral in die huidige tyd waarin die Westerse ekonomieë heelwat probleme ondervind met prysstygings, verhoogde ondernemingswinste, likwiditeitsprobleme asook betalingsbalansprobleme.

Die vervangingswaardeteorie is 'n waardeteorie, niks meer en niks minder nie, (vergelyk Van der Schroeff, H.J. : "Limperg's theorie van de vervangingswaarde", Maandblad voor Accountancy en Bedrijfshuishoudkunde, Desember 1959, p.557), en hou nou verband met die bepaling van die waarde of koste van 'n produk. Die vervangingswaardeteorie meet koste as die waarde-eenhede wat vir die produksie opgeoffer is. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Intreerede, De evolutie van het kostenbegrip in de bedrijfseconomie, 1946). By die bepaling van die waarde-eenhede is die ontstaan van die waarde nie so belangrik soos die faktore wat die hoogte van die waarde in die sosiale verkeer bepaal nie. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.11).

Die vervangingswaarde is egter alleen die bepalende

faktor vir die hoogte van die waarde indien die vervangingswaarde laer is as die opbrengswaarde. As grondgedagte van die teorie van die vervangingswaarde kan dus vermeld word dat die waarde bepaal word deur die laagste van die opbrengswaarde of vervangingswaarde.

Verder moet egter onderskei word tussen spesifieke vervangingswaarde en algemene vervangingswaarde. (Vergelyk Bakker, O. : Deel III, op. cit., p.111). Onder spesifieke vervangingswaarde word die vervangingswaarde van 'n enkele artikel verstaan terwyl onder die term algemene vervangingswaarde die vervangingswaarde van 'n groep artikels verstaan word, en wel so 'n groot groep artikels dat hul gemiddelde prysbeweging verteenwoordigend is van die algemene pryspeil.

Vervangingswaarde en vervangingsprys moet ook nie as begrippe gesien word wat dieselfde betekenis besit nie, maar die vervangingswaarde moet gesien word as die waarde wat op die vervangingsprys gebaseer kan word. Sommige skrywers sien die vervangingswaarde en vervangingsprys egter as identiese begrippe. Van Muiswinkel (vergelyk Van Muiswinkel, F.L. : Schoonheidsgebreke in de vervangingswaardeleer. M.A.B., 32^e jaargang, Desember 1958, p.470), stel dan ook dat die leer

van die vervangingswaarde sonder enige beswaar as die leer van die vervangingsprys getipeer kan word. Meij (vergelyk Meij, J.L. : Moeilikheden met de vervangingswaardeteorie. M.A.B., 34^e jaargang, Junie 1960, p.219) stem saam met Van Muiswinkel en noem dat hierin 'n skoonheidsgebrek van die vervangingswaarde lê naamlik, dat waarde en wins gelyk gestel word.

Van der Schroeff (vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Schoonheidsgebreke in de teorie van de Vervangingswaarde, 'n antwoord aan prof. Van Muiswinkel, M.A.B., 38^e jaargang, Mei 1964, p.172) stem egter tereg nie saam met Van Muiswinkel en Meij nie en stel die begrip waarde as die kwantitatiewe voorstelling van die betekenis van die goedere vir die besitter daarvan. Vir die onderneming dui die begrip waarde, die mate aan waarin die ekonomiese posisie van die onderneming van die besit van die goedere afhanklik is. Onder die begrip prys verstaan Van der Schroeff weer die ooreengeskome bedrag tussen die markpartye waarteen die goedere by die ruil oorgedra word. Hierdie onduidelikheid ten opsigte van waarde en prys het ontstaan deurdat die vervangingswaardeteorie sy waardering grond op die basis van die vervangingsprys. Dit wil sê, die vervangingswaarde en vervangingsprys kan in sommige gevalle dieselfde wees

maar nie noodwendig nie, aangesien die vervangingswaardeteorie op twee waarde-oordele berus naamlik, vervangingswaarde en opbrengswaarde.

As Bedryfsrekeningkundige tegniek hou die vervangingswaardeteorie sekere voordele onder sekere omstandighede in. Hierdie omstandighede kan ook gesien word as toepassingsvelde van die vervangingswaardeteorie wat ook die probleemstelling van hierdie studie belig. Die vervangingswaardeteorie sal dan ook verder aan die hand van hierdie toepassingsvelde bespreek word.

2.2 DIE VERANDERING IN DIE WAARDE VAN GELD EN DIE VERVANGINGSWAARDETEORIE

Geld ontleen sy waarde aan die goedere wat daarmee geruil kan word. Onder die waarde van geld word bedoel sy objektiewe ruilwaarde, dit wil sê, die hoeveelheid goedere en dienste wat met 'n sekere hoeveelheid geld geruil kan word. Met die waarde van geld word dus eintlik bedoel die koopkrag van geld. Die ruilverhouding tussen geld en goedere word uitgedruk in terme van prys.

Die verandering in die waarde van geld word dus teweeggebring deur prysveranderings. Hierdie pryspeilveranderings het tot gevolg dat in die toekoms meer geld opgeoffer moet word vir dieselfde

produk. Dit verminder die koopkrag en dus ook die waarde van geld. Hierdie prysveranderings word weer veroorsaak deur:

- wysigings in algemene pryspeile
- wysigings in spesifieke pryspeile.

Die algemene pryspeilveranderings word veroorsaak deur inflasie of deflasie wat die koopkrag van geld laat daal of styg. Inflasie is 'n toestand waarin die totale begeerte of vermoë van die samelewing om geld te bestee groter is teen die heersende pryse, as die beskikbare aanbod van goedere en dienste (vergelyk Schumann, C.G.W. en andere : *Ekonomie: 'n Inleidende studie*, 2de druk, Hilversum, 1957, p.652). Deflasie daarenteen is die verskil tussen die volledige besettingsinkome en die (kleiner) bedrag wat die volk in totaal teen daardie inkome wil bestee. (Vergelyk Schumann, C.G.W. e.a., op. cit., p.653).

Die algemene pryspeilveranderinge raak alle goedere of dienste in dieselfde mate en vind plaas as gevolg van 'n inflasionistiese toestand. Pryse van sekere goedere of dienste styg en laat weer ander goedere of dienste se pryse styg. As gevolg van hoër ondernemingswinste kry ons ook 'n loon en salarisdruk wat weer die pryse van pro=

dukte en dienste verhoog. Die algemene pryspeilveranderings skep egter probleme wat nie deur die wisselwerking van vraag en aanbod in 'n vrye ekonomie reggestel kan word nie. Die gevolg hiervan is dat ons fiskale en monetêre maatreëls van owerheidsweë kry wat poog om die algemene pryspeilveranderings tot 'n mate in toom te hou. Die probleme wat deur algemene pryspeilveranderings veroorsaak word, is hoofsaaklik ten opsigte van winsbepaling, balansstaatwaardering, doeltreffendheidsbeoordeling en vooruitbeplanning.

A. WINSBEPALING

Die doel van enige besigheidsonderneming is om wins te maak uit die bevrediging van die behoeftes van klante, hetsy uit die verkoop van 'n produk of uit die lewering van 'n diens. Uit die winste hoop die eienaars of aandeelhouders van 'n besigheidsonderneming om meer middele beskikbaar te kry vir die bevrediging van hulle eie behoeftes. Kortliks kan dus gestel word dat 'n onderneming se wins 'n aanduiding is van die mate van sukses wat behaal is in die ekonomiese behoeftebevredigingsproses. Winsbepaling is dan andersyds die meting van die intensiteit van die behoeftebevrediging wat bereik is en andersyds die meting van die offers wat gebring moes word om die bepaalde behoeftes te bevredig. Die

meting of winsbepaling geskied in terme van geld wat gebruik word as gemeenskaplike rekeneenheid en wat as waardemaatstaf moet dien.

Uit die geskiedenis van die vervangingswaarde=teorie blyk dit dat daar heelwat winsbepalings=metodes ontstaan het. Die belangrikstes hiervan sal kortliks in hooftrekke bespreek word.

(i) Die nominalistiese-winsbepaling

Onder die nominalistiese-winsbepalingsmetode word verstaan die winsbepalingsmetode wat die handhawing van die nominale kapitaal as uitgangspunt het. Die doel van hierdie winsbepalingsmetode is om na te gaan in watter mate die wysigings in die bates en laste, as gevolg van die transaksies gedurende die winsbepalingsperiode, die kapitaal beïnvloed het. Die gunstige verskil tussen die eindkapitaal en beginkapitaal word dan aangemerkt as wins en 'n ongunstige verskil staan bekend as 'n verlies. Die nominalistiese-winsbepalingsmetode lei egter tot skynwinste in tye van groot prysstygings.

(ii) Die substansialistiese-winsbepaling

Die substansialistiese-winsbepalingsmetode

het as wesenskenmerk die bepaling van wins op grondslag van die goedere-vermoë aan die begin en einde van die periode en die geld-vermoë aan die begin en einde van die periode waarvoor wins bepaal word. 'n Toename in goedere- en/of geldvermoë gedurende die winsbepalingsperiode dui op 'n voordeel of wins vir die onderneming, terwyl 'n afname op 'n verlies dui.

Voorstanders van die substansialistiese-winsbepalingsmetode vind 'n mens hoofsaaklik onder die balansteoretici, en die belangrikstes was Schmalenbach (vergelyk Schmalenbach, E. : Dynamic accounting, vertaalde werk, Gee & Company, London, 1959) en Schmidt (verge-lyk Schmidt, F. : Die Organische Tageswert-bilanz, 4de druk, Wiesbaden, 1951).

(a) Winsbepaling volgens die dinamiese balans

Schmalenbach breek weg van die dualistiese opvatting omtrent die balansstaat wat aan die balansstaat twee doeleindes toeken naam-lik, vermoënsbalansstaat en winsbepalings-balansstaat. Schmalenbach stel in die plek van die dualistiese balansstaatopvatting die monistiese opvatting wat aan die balans=

staat slegs een hoofdoel toeken naamlik, om die inkomstestaat te dien. Die balans= staat kan dus slegs die winsbepaling dien en is dus 'n hulpmiddel by die winsbepaling.

Volgens Schmalenbach is die balansstaat 'n dinamiese balansstaat aangesien daarop sekere poste voorkom wat afgesonder moet word om die wins vir die periode te bepaal. Bakker (vergelyk Bakker, O., op. cit., p.58) stem egter nie saam met Schmalenbach nie en stel dit dat hy lievers saam met Polak sou praat van vermoënsbalansstaat en wins= balansstaat. Schmalenbach skenk egter geen aandag aan die uitkeerbaarheid en tydsge= bondenheid van die wins vir sy winsbepalings= metode nie.

(b) Winsbepaling volgens die organiese balansleer

Schmidt het met sy organiese balansleer weer dat die balansstaatwaarde alleen uit die winsbegrip verklaar kan word, hy stel dit dan ook dat die wyse van waardebepaling van die balansstaatposte afhanklik is van die inhoud van die winsbegrip. Wins, volgens Schmidt, is dan ook die vermoënsurplus maar dan moet die wins ook nog uitkeerbaar wees.

(Vergelyk Schmidt, F., op. cit., p.241 en 242). As doel van die winsbepaling sien Schmidt dan ook die vasstelling van die uitkeerbare wins.

(iii) Winsbepaling volgens die vervangings=
waardeleer

Die winsbegrip volgens die vervangingswaar=
deleer is aan die waardebegrip gekoppel,
deurdat wins gesien word as 'n waarde-oor=
skot. Die wins word beskou as 'n vermoëns=
toeneming maar nie elke vermoënstoening is
wins nie. Die vermoënstoening is eers
wins indien dit vir vertering vatbaar is.
Die moontlikheid van vertering (uitkering)
moet dan ook as wesenskenmerk van die wins
beskou word (vergelyk Van der Schroeff, H.J.
: Rondom het winstprobleem, M.A.B., Jaargang
31, 1957, p.54). Wins kan uitgekeer word
indien die kapitaal ongeskonde gehou word.
Kapitaal bly ongeskonde indien die waarde
of koopkrag daarvan aan die einde van die
winsbepalingsperiode dieselfde is as aan die
begin van die winsbepalingsperiode.

By die winsbepaling, volgens die vervangings=
waardeleer, word twee belangrike beginsels
egter voorop gestel naamlik:

- (a) By die bepaling van offers en opbrengs moet gesorg word dat beide vir dieselfde tydspanne bepaal word.
- (b) Dat dieselfde waardemaatstaf aangewend word om beide offers en opbrengs op die tydspanne van winsbepaling te meet.

Die voorafgaande twee beginsels is noodsaaklik vir winsbepaling aangesien dit noodsaaklik is om toelatings te maak vir die veranderinge in die waarde van geld vir die periode waarvoor wins bepaal word.

Die invloed van algemene pryspeilveranderinge en die daarmee gepaardgaande verandering in die koopkrag of waarde van geld beïnvloed die winsbepaling in dié sin dat wins wat nie werklik wins is nie, uitgekeer kan word aan die belanghebbendes. In 'n mark met stygende algemene pryspeilveranderinge kan die uitkering van die totale wins lei tot 'n vermindering in die produksievermoë van 'n onderneming.

Onder sulke omstandighede kan 'n onderneming nie meer sy produksie op dieselfde peil handhaaf as voorheen nie, aangesien die koopkrag

van sy beskikbare kapitaal verminder het. Hierdie probleem kan egter ondervang word deur die skepping van voldoende reserwes uit die beskikbare wins, om die koopkrag van die onderneming se kapitaal op dieselfde peil te handhaaf as aan die begin van die periode waarvoor wins bepaal word. Bakker (vergelyk Bakker, O., op. cit., p.112) stel dit dan ook tereg dat in 'n waardeveranderende geldstelsel die wins aangesuiwer moet word sodat die geïnvesteerde kapitaal in reële sin konstant bly.

Die skepping van voldoende reserwes uit die wins om die reële kapitaal op dieselfde peil te handhaaf as aan die begin van die periode waarvoor wins bepaal word, skep egter 'n probleem aangesien 'n basis gevind moet word waarvolgens die grootte van die reserwe wat benodig word bepaal kan word. Hierop sal later in die studie teruggekom word.

Spesifieke pryspeilveranderinge word weer veroorsaak deur die wisselwerking tussen vraag en aanbod en raak dus nie alle goedere en dienste in dieselfde mate nie. (Vergelyk Hamman, W.D., op. cit., p.3). Spesifieke pryspeilveranderinge word hoofsaaklik deur

die volgende faktore beïnvloed soos deur Samuelson gestel: (vergelyk Van der Meulen, J.: Winstbepaling bij prijsfluctuaties en geldwaardeveranderingen. Proefskrif, Stellenbosch, 1963, p.26).

- (i) Determinante van die vraag na verbruiksgoedere en dienste:
 - Behoeftestruktuur.
 - Die onderlinge prysverhoudinge van verbruiksgoedere en dienste.
 - Die reële inkome van die verbruikers.
 - Verwagtinge ten opsigte van bogenoemde determinante.

- (ii) Determinante van die aanbod van verbruiksgoedere en dienste:
 - Die onderlinge prysverhoudinge van verbruiksgoedere en dienste.
 - Produksiemetode en stand van die tegniek.
 - Pryse van produksiefaktore.
 - Verwagtinge ten opsigte van bogenoemde determinante.

(iii) Determinante van die vraag na produksiefaktore:

- Die aangebode hoeveelheid verbruiks= goedere en produksiemiddele.
- Die onderlinge prysverhoudinge van produksiefaktore.

(iv) Determinante van die aanbod van produksiefaktore:

- Die onderlinge prysverhoudinge van produksiefaktore.
- Die beskikbare hoeveelheid produksiefaktore.
- Indirek : pryse van verbruiksgoedere.

(v) Determinante van die mark: (Indirekte invloed op die struktuur van vraag en aanbod).

- Die aantal aanbieders, vraers en die konsentrasie van die vraag binne die groepe.
- Die produk differensiasie.
- Mobilitet en deelbaarheid van die produksiefaktore.
- Moontlikheid van vrye vestiging.

- Owerheidsinmenging op die gebied van prysvorming.

Die spesifieke pryspeilveranderings lewer in 'n mindere mate 'n probleem by die wins=bepaling, balansstaatwaardering, doeltreffendheidsbeoordeling en vooruitbeplanning aangesien dit slegs tydelike prysstygings en prysdalings veroorsaak wat weer reggestel word deur mededinging in 'n vrye ekonomie.

B. BALANSSTAATWAARDERING, DOELTREFFENDHEIDS=BEOORDELING EN VOORUITSKATTINGS

Vanaf die vroegste jare word aan die balansstaat 'n tweeledige doel gegee naamlik, om sowel die vermoë van die eienaars- of aandeelhoudersfondse, asook die toename daarvan aan te toon, dit wil sê, om die omvang van die geldkapitaal en wins te bepaal.

Die eerste persoon wat oor die balansstaat geskryf het was die Fin, Ilmari Kovero, (vergelyk Bakker, O., Deel III, op. cit., p.35), wat die funksies van die balansstaat soos volg gesien het:

- (i) Vir beoordeling van die vermoëns=toestand van die onderneming.

- (ii) Vir gebruik in periodieke korreksies van die boekhouding.
- (iii) Vir gebruik as grondslag vir belastingheffing.
- (iv) Vir gebruik in die statistiese vasstelling van ekonomiese verhoudinge soos byvoorbeeld rentabiliteit van die onderneming, verhouding van eie- tot vreemde kapitaal en grootte van vlottende en vaste kapitaal.
- (v) As grondslag vir die winsverdeling, omdat dit vir sowel krediteure as vir die aandeelhouders van belang is dat die kapitaal nie uitgekeer word nie.

Vir die waardering van balansstaat-items stel Kovero die objektiewe ruilwaarde as grondslag, en onder die objektiewe ruilwaarde bedoel hy die aan-skaaffingsprys op 'n sekere tydstop. Kovero maak dus reeds gebruik van die vervangingswaarde as basis vir die waardering van balansstaat-items, alhoewel hy nie tussen vaste kapitaal en bedryfskapitaal onderskei nie.

Tot 1920 was dit slegs Kovero, De Jongh en Volmer wat enigsins aandag aan balansstaatwaardering geskenk het. Na 1920 en veral gedurende die periodes van veranderde pryspeile het die balans=staatwaardering weer aandag geniet. Net na 1920 kry ons hoofsaaklik twee balansstaatteorieë naam=lik:

- (i) die monistiese balansstaatteorie van Schmalenbach en Polak wat aan die balansstaat slegs die funksie van winsbepaling gee, en
- (ii) die dualistiese balansstaatteorie van Limperg en sy leerlinge wat aan die balansstaat twee hoof funksies toeken naamlik, as instrument vir die bepaling van die vermoë (vermoënsbalansstaat) en as instrument vir die bepaling van wins (winsbepalingsbalansstaat). (Vergelyk Bakker, O., Deel III, op. cit., p.57). Albei het as grondslag die vervangings=waarde.

Die dualistiese balansstaatteorie is ingestel op die dinamiese verskynsels in die ekonomie terwyl die monistiese balansstaatteorie te veel gegrond is op die statiese balansstaat.

Balansstaatwaardasies wat volgens die vervangings=waardestelsel bepaal is, verteenwoordig die bedrag wat die onderneming moet betaal, op die balansstaatdatum indien hy die bates wat in die balansstaat aangedui word, wil vervang of indien hy die aangetoonde laste wil aflos. Hierdie bate en laste in die balansstaat se waardes word uitgedruk in terme van geld. Geld as waarde=maatstaf is egter veranderlik as gevolg van die verandering in die pryse van produkte en dienste en veral as gevolg van algemene pryspeilveranderings.

Die vraag ontstaan egter nou hoe hierdie algemene pryspeilveranderings die balansstaat beïnvloed. Hierdie invloede sal aan die hand van die volgende funksies van die balansstaat bespreek word:

- (a) Om die vermoë van die onderneming te beoordeel en om as rigsgaande vir toekomstige handelinge te dien

Om die vermoë van 'n onderneming te bepaal maak ons gebruik van die winsgewendheid van die onderneming, dit wil sê, die opbrengs van die kapitaal wat in die onderneming belê is. Daar bestaan egter verskillende metodes om hierdie vermoë of rentabiliteit uit te druk. Volgens die vervangingswaardestelsel

en ook ander stelsels, is dit egter netto wins as 'n persentasie van totale bates uitgedruk. Die wins sowel as die batewaardes moet dus uitgedruk word volgens die vervangingswaarde. Die uitgangspunt hier is dat die geldwaardes op dieselfde moment uitgedruk word, daarom moet die wins bepaal word volgens die vervangingswaardestelsel, sodat die huidige of aktuele wins bepaal kan word. Bates se waardes word uitgedruk volgens hul vervangingswaarde of herwaardeerde waarde, om sodoende wins en batewaardes teen dieselfde koopkragwaarde aan te toon.

Indien 'n onderneming tien jaar gelede sy grond, geboue en masjinerie aangeskaf het en teen huidige inflasionistiese pryse 'n hoë rentabiliteit op die lae aankoopspryse van sy bates toon, kan dit sy toekomstige handelinge foutief beïnvloed. Om as rigsgaande vir toekomstige handelinge te dien moet die bates van 'n onderneming herwaardeer word, om die vermoë van die onderneming uit te druk in die huidige koopkragwaarde van geld. As voorbeeld kan die volgende gestel word:

Veronderstel twee absoluut identiese vervaardigings maatskappye met identiese masjinerie

en met 'n identiese omset en kostestruktuur. Die leeftyd van die masjinerie is in albei gevalle vyf jaar. Al verskil is dat die twee maatskappye nie hulle masjinerie op dieselfde datum aangekoop het nie, en die pryse van die masjinerie heelwat verskil as gevolg van prysveranderings.

	<u>Maatskap= py A</u>	<u>Maatskap= py B</u>
Masjinerie (kosprys)	R50 000	R100 000
Min depresiasie	30 000	20 000
	<u>R20 000</u>	<u>R80 000</u>
Ander bates	20 000	20 000
Aandeelhoudersbelang	<u>R40 000</u>	<u>R100 000</u>
Depresiasie	R10 000	R20 000
Produkciekoste (uit= gesluit depresiasie)	5 000	5 000
Verkope	<u>30 000</u>	<u>30 000</u>
Netto wins	<u>R15 000</u>	<u>R5 000</u>

Hieruit kan ons aflei dat indien belasting buite rekening gelaat word, die rentabiliteitsyfers van die totale bates van die twee maatskappye soos volg daar sal uitsien:

$$\text{Maatskappy A : } \frac{R15\ 000}{R40\ 000} \times \frac{100}{1} = 37,5\%$$

$$\text{Maatskappy B : } \frac{R5\ 000}{R100\ 000} \times \frac{100}{1} = 5\%$$

Hiervan moet ons aflei dat maatskappy A meer doeltreffend as maatskappy B bestuur word, en dat maatskappy A 'n beter onderneming as maatskappy B is aangesien sy rentabiliteit of vermoë heelwat hoër is as dié van maatskappy B. Indien die rentabiliteitsyfer deur die bestuur gebruik word as riggsnoer vir toekomstige handelinge, sal ons ook kan aflei dat hulle sou uitbrei, indien alle ander faktore gunstig is. Indien maatskappy A egter sou uitbrei sal sy rentabiliteit heeltemal val as gevolg van die feit dat die uitbreiding van produksie die aankoop van 'n nuwe masjien noodsaak teen 'n heelwat hoër prys as die bestaande masjien.

Indien albei maatskappye egter van die vervangingswaardestelsel gebruik maak, sal hulle rentabiliteitsyfers soos volg aangetoon kan word indien die masjien se waarde soos volg verander het:

Einde jaar 1	:	R50 000
Einde jaar 2	:	R75 000
Einde jaar 3	:	R100 000

	<u>Maatskap= py A</u>	<u>Maatskap= py B</u>
Masjinerie (vervangings= waarde)	R100 000	R100 000
Min depresiasie	50 833	20 000
	R49 167	R80 000
Ander bates	20 000	20 000
Aandeelhoudersbelang	R69 167	R100 000
Depresiasie	R24 583	R20 000
Produkiesiekoste (uitge= sonderd depresiasie)	5 000	5 000
Verkope	30 000	30 000
Netto wins	R417	R5 000

Maatskappy A se rentabiliteitsyfer in hierdie geval sal heelwat laer wees as die van B aangesien hy meer depresiasie moet afskrvf as B om sy bate aan die einde van die vyf jaar leeftyd te vervang.

- (b) Om behulpsaam te wees by die bepaling van die uitkeerbare wins

Soos reeds genoem, kan daar slegs sprake van wins wees indien die wins uitkeerbaar is, sonder om die winsbron nadelig te beïnvloed.

Indien daar dus nie voorsiening in die inkomstestaat gemaak word om die koopkrag van die kapitaal wat in die onderneming belê is op dieselfde peil te handhaaf as aan die begin van die onderneming se bestaan nie, kan dit beteken dat die onderneming op sy kapitaal inteer wat sy voortbestaan kan bedreig. Dit kan soos volg toegelig word indien die voorbeeld op p.115 gebruik word: Hieruit kan afgelei word dat maatskappy A aan die einde van die masjien se leeftyd, dit wil sê, na verloop van nog twee jaar, R50 000 opsy gesit het vir die vervanging van die masjien. Na hierdie twee jaar kos 'n nuwe masjien egter R120 000 en moet die onderneming nog R70 000 vind om die onderneming se produksiekapasiteit op dieselfde peil as vorige jare te hou. Hierdie feit skep egter likiditeitsprobleme wat die onderneming se ondergang kan beteken. Indien maatskappy A egter sy bates volgens vervangingswaarde waardeer, sal hy aan die einde van die vyf jaar R120 000 tot sy beskikking gehad het om die bate mee te vervang en sou hy sy produksiekapasiteit op dieselfde peil as vroeër kon handhaaf.

- (c) Om as grondslag te dien vir fiskale winsbepaling

Om die korrekte fiskale wins te bepaal moet

die wins op die bates van 'n onderneming uitgesluit word van die fiskale wins. Die voordeel wat 'n onderneming besit omdat hy byvoorbeeld met goedkoper masjinerie werk moet nie van hom weggeneem word deur hoër belasting nie. Indien die voorbeeld op p.115 gebruik word kan daaruit afgelei word dat maatskappy A R6 000 en maatskappy B R2 000 aan belasting sou betaal indien die belastingkoers 40% is. Hieruit kan gesien word dat maatskappy A meer aan belasting moet betaal terwyl hy na vyf jaar nie genoeg fondse tot sy beskikking kan hê om sy produksie op dieselfde peil te handhaaf nie. Dit kan ook anders gestel word, naamlik dat die koopkrag van die eienaarsbelang verminder met die verhoogde belasting en ons kry dus 'n intering op kapitaal ten gunste van die fiskus.

Ten tye van inflasie word dus te veel belasting betaal en ten tye van deflasie weer te min belasting betaal op die konvensionele historiese kostemetode.

- (d) Om as grondslag te dien vir die samestelling van die onderneming se statistiek

Die vervangingswaardestelsel vereis dat alle

waardes wat in die finale rekeninge van 'n onderneming verskyn huidige waardes is. Alle afleidings wat gemaak word uit die ondernemingstatistiek berus dus op huidige gegewens en nie op historiese gegewens nie. Onder Hierdie afleidings ressorteer afleidings oor die volgende:

- (i) Voorraadposisie.
- (ii) Relatiewe winsgewendheid van departemente.
- (iii) Finansieringsbeleid.
- (iv) Samestelling van die kapitaalstruktuur.

Indien verhoudingsyfers bereken word op balansstaatwaardes volgens historiese koste, sal gesien word dat die verskillende verhoudingsyfers groter foutiewe syfers by die konvensionele balansstaat aantoon as wat die geval sal wees by verhoudingsyfers wat op vervangingswaarde gebaseer is.

Balansstaat-items word verskillend beïnvloed deur prysveranderings. Bates word gekoop en verkoop in verskillende markte. Sommige van die balansstaat-items toon die huidige omstandighede redelik betroubaar aan en is dus

bruikbaar genoeg vir die maak van 'n algemene afleiding ten opsigte van veranderinge in die finansiële omstandighede van 'n onderneming. In hierdie groep balansstaat-items val kontant en debiteure, selfs obligasies sal teen hulle sigwaardes staan. Vir hierdie balansstaat-items is geen aansuiwering nodig om die balansstaat huidige koste te laat weerspieël nie.

In die konvensionele rekeningkunde daarenteen word alle vaste bates en voorrade beïnvloed deur prysveranderinge. 'n Prysverandering ten opsigte van die waardes van hierdie bates sal egter 'n invloed uitoefen op die onverdeelde wins aan die laste kant van die balansstaat. Hierdie veranderinge ten opsigte van batewaardes in die balansstaat sal egter die besluite van persone beïnvloed wat die balansstaat gebruik as 'n staat wat die finansiële posisie van die onderneming aantoon. Indien onverdeelde wins of reserwes in die balansstaat verskyn, sonder 'n aanduiding dat dit onverdeeld is as gevolg van veranderinge in pryse, kan dit druk deur aandeelhouers veroorsaak wat poog om die onverdeelde wins uitbetaal te kry as dividend. Werknemers van die onder-

neming kan ook agiteer vir hoër lone en salarisse op grond van die hoë wins wat die onderneming maak.

2.3 VOORRAAD EN DIE VERVANGINGSWAARDELEER

A. VOORRAADBEGRIP

Volgens Van der Schroeff en Van der Meulen (verge- lyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.60, en Van der Meulen, J. : Koste, kosprys en waarde in inleiding tot die bedryfseksonomie, op. cit., p.436) omvat die term voorraad volgens die vervangingswaardeleer alle middele waar die on- derneming beslag opgelê het, ongeag die funksie wat hierdie middele in die produksieproses vervul en ongeag of dit duursame- of vlottende produksie- middele is, en sluit die volgende items in:

Grond.

Geboue.

Masjinerie.

Toerusting.

Voertuie.

Meubels.

Voorraad grond- en hulpstowwe.

Voorraad onvoltooide produkte.

Voorraad voltooide produkte.

Voorraad geld soos debiteure, kontant ens.

Indien 'n produksiemiddel aangeskaf word op 'n tydstip wat nie met die tydstip van ruil saamval nie, word dit as voorraad beskou.

B. WAARDEBEPALING VAN VOORRADE

Die teorie van die vervangingswaarde is gebaseer op waardering van die hede en nie op die ver-
vanging in die toekoms nie.

Vir die waardebeplanning van voorrade moet egter onderskei word tussen voorraad duursame produksie-
middele en voorraad vlottende produksiemiddele.

(i) Voorraad duursame produksiemiddele

Wat die waardering van duursame produksie-
middele betref, geskied die waardebeplanning op die tydstip van die opmaak van die finan-
siële jaarstate of by die verkoop van die
duursame produksiemiddele of aan die begin
van die begrotingsperiode waar begroot word
vir bokoste. Duursame produksiemiddele word
as werkseenhede beskou wat gedurende die
leeftyd van die betrokke produksiemiddel
verbruik word. Duursame produksiemiddele
word normaalweg aan die einde van sy ekono-
miese leeftyd vervang en daar ontstaan dus
by duursame produksiemiddele 'n uitgestelde

vervangingsverpligting.

Indien die pryse van duursame produksiemiddele op die mark styg gedurende die ekonomiese leeftyd van die produksiemiddele in gebruik, moet daar 'n herwaardering van die voorraad duursame produksiemiddele gemaak word volgens die vervangingswaarde en wel ten opsigte van die onverbruikte en verbruikte werkeenhede van elke betrokke duursame produksiemiddel. Hierdie styging in die pryse van duursame produksiemiddele vorm geen wins nie aangesien dit onder die vervangingsverpligting staan. Die invloed van prysstygings op die reeds verbruikte werkseenhede vorm egter 'n verlies wat teen die reserwes gedebiteer moet word. Die invloed van prysstygings op die onverbruikte werkseenhede het egter tot gevolg dat die onverbruikte werkseenhede se waarde verhoog wat dan deur middel van depresiasie afskrywing vanaf produksie verhaal moet word. Hierop sal terug gekom word onder punt D van hierdie hoofstuk.

(ii) Vlottende produksiemiddele

By die voorraad vlottende produksiemiddele vind die waardering plaas op die moment van

die ruil. Die moment van die ruil is die moment waarop die ruil tot stand kom. Daar moet egter onderskei word tussen tegniese en ekonomiese ruil.

Onder tegniese ruil word verstaan die fisiese lewering van die goedere of dienste, dit wil sê, die oordrag van die goedere of dienste.

Onder ekonomiese ruil word verstaan die moment waarop die oordragspryse tussen die partye vasgestel word, dit wil sê, die moment waarop die prysrisiko oorgedra word, ongeag of die werklike lewering van die goedere op dieselfde tydstip as die oordrag van die prysrisiko plaasvind.

Waar goedere op bestelling vervaardig word, vind die waardebepaling van die vlottende produksiemiddele dus plaas op die moment waarop die bestelling teen die ooreengekome prys geplaas is. Vir die bepaling van die ooreengekome prys geld die vervangingswaarde van die vlottende produksiemiddele op die moment van die prysbepaling.

C. VOORRAADVORMING

Indien die moment van aankoop en verbruik van voorrade saamval, is die historiese uitgaafprys, of ook genoem, vervangingskoste, en die vervangingswaarde dieselfde. Waar die moment van aankoop en verbruik egter nie saamval nie, ontstaan daar verskille tussen die historiese uitgaafprys en die vervangingswaarde. Hierdie tydsverskil tussen aankoop en verbruik het voorraadvorming tot gevolg.

Sodra 'n onderneming enige produksiemiddel verwerf op 'n tydstip wat nie met die ruil van die klaar=produkt saamval nie, ontstaan daar voorraad.

(Vergelyk Van der Meulen, J. : In Inleiding tot die bedryfseksonomie, op. cit., p.436). Daar kan egter tussen verskillende soorte voorrade onderskei word naamlik:

(a) Tegniese en ekonomiese voorraad

Tegniese voorraad is daardie voorraad wat fisies in 'n onderneming aanwesig is en wat nooit minder as nul kan wees nie.

Ekonomiese voorraad daarenteen is daardie voorraad waarvoor 'n onderneming die prys=risiko dra, en sluit dus die tegniese voorraad in. Die ekonomiese voorraad kan

positief, negatief of nul wees. Indien die ekonomiese voorraad nul is, dra die onderneming geen prysrisiko nie. Sodra die ekonomiese voorraad positief is, dit wil sê, wanneer die onderneming beslag gelê het op 'n groter voorraad as wat benodig is vir die onderneming se aktiwiteite, word 'n verlies gely by prysdaling. Wanneer die ekonomiese voorraad egter negatief is, dit wil sê, wanneer die onderneming verkoopskontrakte aangegaan het waarvoor produksiemiddele of prestasies benodig word, wat nog nie aangekoop of verkry is nie, ly so 'n onderneming 'n verlies indien die pryse van produksiemiddele styg voordat dit aangeskaf is. Ekonomiese voorraad is dus die ruimer begrip en bestaan uit tegniese voorraad plus items reeds bestel, maar nog nie ontvang nie minus items reeds verkoop maar nog nie afgelewer nie. (Vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif, op. cit., p.125).

(b) Normale voorraad

Normale voorraad is voorraad wat 'n onderneming onder normale omstandighede benodig om in sy behoeftes te voorsien. Die begrip normale voorraad het dit moontlik gemaak om te bepaal of 'n waardevermeerdering van voor=

rade gebonde is aan 'n vervangingsverpligting en of dit as wins beskou kan word. (Vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif, op. cit., p.130).

Die werking van die normale voorraadbegrip kan soos volg geïllustreer word:

Gestel dat op 1 Januarie 1975 200 eenhede teen R45 per eenheid aangekoop word en dat hierdie eenhede op 1 Februarie 1975 teen R60 per eenheid verkoop word. Die vervangingsprys op 1 Februarie 1975 bedra R50 per eenheid, maar die werklike vervanging geskied eers op 1 Maart 1975 teen R55 per eenheid.

Sonder die normale voorraadbegrip is soos volg geredeneer:

- (i) Transaksiewins op 1 Februarie 1975
bedra 200 eenhede x R10 = R2 000
- (ii) Vermoënsaanwas tydens ruil
bedra 200 eenhede x R5 = R1 000

Die balansstaat op 1 Maart 1975 sal soos
volg daar uitsien:

Begin kapitaal	R9 000	Voorraad	R11 000
Vermoënsaanwas	1 000	Kontant	1 000
Transaksiewins	2 000		
	<u>R12 000</u>		<u>R12 000</u>

Gestel die normale voorraad bedra 200 eenhede.

Deur middel van die normale voorraad kan die voor=
raadresultate as gevolg van die uitgestelde ver=
vanging aangetoon word (R10 000 - R11 000).

- Transaksiewins	R2 000
- Verlies weens uitgestelde vervanging	R1 000
- Periode wins	R1 000
- Herwaardering	R2 000

Voorraadkontrolerekening

1 Jan. 1975

Aankope (200 x 45) R9 000

1 Feb. 1975

Herwaardering 10 000
(spekulatiewe voor=
raad - 200 x 50)

1 Maart 1975

Herwaardering 2 000
(200 x 10) R21 000

1 Feb. 1975

Handelsrekening R10 000
(200 x 50)

1 Maart 1975

Saldo (200 x 55) 11 000

R21 000

Spekulatiewe voorraad=
rekening

1 Maart 1975

Aankope
(200 x 55)

R11 000

1 Feb. 1975

Herwaardering R10 000
van spekulatiewe
voorraad

1 Maart 1975

Verlies 1 000

R11 000

R11 000

Herwaarderingsrekening

1 Maart 1975

Voorraadkontrolle R2 000

Handelsrekening

Aankope

R10 000

Verkope

R12 000

Transaksiewins

2 000

R12 000

R12 000

Inkomstestaat

Verlies weens
uitgestelde
vervanging

R1 000

Transaksiewins

R2 000

Netto wins

1 000

R2 000

R2 000

Balansstaat

<u>Laste</u>		<u>Bates</u>	
Kapitaal	R9 000	Voorraad	R11 000
Herwaardering	2 000	Kontant	1 000
Netto wins	1 000		
	<u>R12 000</u>		<u>R12 000</u>

Die verskil tussen die twee metodes lê in die voorraad wat en tydstip waarop herwaardeer word.

Die begrip, normale voorraad, is egter moeilik kwantifiseerbaar en dit sou dus beter wees om eerder van gemiddelde voorraad te praat. Onder gemiddelde voorraad word verstaan die hoeveelheid voorraad wat gemiddeld in 'n onderneming aanwesig is.

Met die term gemiddelde voorraad word uitgegaan van 'n voorraadkontrolestelsel wat gebaseer is op voorraadvlakke, dit wil sê, minimum vlak, bestelpunt, maksimumvlak met 'n standaard bestelhoeveelheid wat gebaseer is op die mees ekonomiese aankoopshoeveelheid. Vir die bepaling van die mees ekonomiese aankoopshoeveelheid word die formule

$$Q = \sqrt{\frac{2CS}{UI+A}} \text{ gebruik, waar:}$$

- Q = Ekonomiese aankoopshoeveelheid.
- C = Bestellingskoste per bestelling.
- S = Aantal eenhede verbruik in een jaar.
- U = Eenheidsprys van die voorraad.
- I = Rentekoers.
- A = Jaarlikse opbergingskoste per eenheid.

Die gemiddelde voorraad word dan bereken as die minimum voorraadvlak plus die helfte van die standaardbestelling, en is dus wel kwantifiseerbaar.

Spekulatiewe voorraad kan dan beskou word as die voorraad wat afwyk van die gemiddelde voorraad en dit vind plaas wanneer die minimum voorraadvlak en dus ook die standaardbestelling afwyk van die gewone as gevolg van spekulatiewe oorwegings.

(c) Spekulatiewe voorraad

Spekulatiewe voorraad is voorraad waarvan verwag word dat die pryse daarvan binne af sienbare tyd gaan styg. (Vergelyk Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek, op. cit., p.122). Pryswerskille wat ontstaan indien die vervangingswaarde afwyk van die historiese uitgaafprys, kan nie as wins beskou word nie indien ruil nie plaasgevind

het nie.

Om as voorraadwins bestem te word, moet die voorraad dus nie onder die vervangingsverpligting staan nie en moet ruil eers plaasvind voordat daar sprake van voorraadwins kan wees.

(d) Veiligheidsvoorraad

Veiligheidsvoorraad is voorraad produksiemiddele wat deur 'n onderneming aangehou word vir beskerming teen risiko's. Hoe groter die risiko, hoe groter die veiligheidsvoorraad, dit wil sê, dit is voorraad wat gehou word om 'n bepaalde onsekerheid te oorbrug. Indien die vervangingswaarde van die veiligheidsvoorraad styg, beteken dit geen wins vir die onderneming nie, aangesien die veiligheidsvoorraad onder 'n vervangingsverpligting staan. Indien die onsekerheid uit die weg geruim is en die veiligheidsvoorraad dus nie meer onder die vervangingsverpligting staan nie, kan daar wel sprake wees van wins indien die ruil plaasgevind het.

(e) Strategiese voorraad

Strategiese voorraad is voorrade belangrike

produksiemiddele wat teen dekking van oorslogsrisiko's opgebou word. Indien die vervangingswaarde van die strategiese voorraad styg, beteken dit geen wins nie aangesien die strategiese voorraad ook onder die vervangingsverpligting staan, behalwe in die geval waar die strategiese voorraad verminder of verval as gevolg van die verdwyning van die risiko.

(f) Onvoltooide produkte voorraad

Onvoltooide produkte voorraad word beskou as voorraad wat deur die onderneming self voortgebring word ter verdere verwerking in die onderneming. Volgens Van der Schroeff (vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.113) is daar eers sprake van onvoltooide- of halfprodukte indien die halfvoltooide produkte in so 'n staat van voltooidheid verkeer, dat hulle op die mark verkoop kan word.

Die begrip halfproduk of onvoltooide produk is dus nie 'n tegniese nie, maar ekonomiese begrip. Daar bestaan egter twee metodes om die halfproduk of onvoltooide produk te waardeur naamlik, kosprys en markprys en die keuse volgens Van der Schroeff (vergelyk Van

der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.115) hang af van die doelstellings van die integrasie.

Indien die kosprys laer is as die markprys, en die doelstelling is die vermindering van die produksiekoste van die eindproduk, vorm kosprys die berekeningsbasis.

Indien die kosprys hoër is as die markprys en die doelstelling is wins op die onvoltooide produk, dan vorm markprys die berekeningsbasis.

Indien die kosprys hoër is as die markprys en die doelstelling is kwaliteitseise van die onvoltooide produk, dan vorm kosprys die berekeningsbasis.

Uit die literatuur is dit duidelik dat slegs aandag geskenk word aan onvoltooide produkte wat reeds in so 'n stadium van voltooiing is, dat daar 'n mark voor bestaan. Wat die waardeering van onvoltooide produkte aanbetref waarvoor daar nog geen mark bestaan nie, en wat waardeer moet word vir die voorraadbeoordeling in die finansiële jaarstate, kan ge-

stel word dat sulke voorraad teen kosprys (bereken op vervangingswaarde) waardeer moet word.

D. DEPRESIASIE EN DIE VERVANGINGSWAARDELEER

Depresiasie is die bedrag waarmee 'n bate verminder met verloop van tyd. (Vergelyk Meij, J.L. : Depreciation and replacement policy, North-Holland Publishing Company, Amsterdam, 1961, p.15). Die bedrag waarmee die bate verminder of depresieer word beïnvloed deur sekere kenmerke van die bate wat depresieer naamlik, die duursame produksiemiddele. Die verskillende kenmerke van die duursame produksiemiddele sal vervolgens bespreek word.

*about in
introduction*

(a) Die duursaamheid van produksiemiddele

Produksiemiddele kan verdeel word in slytende produksiemiddele en nie-slytende produksiemiddele. (Vergelyk Sorgdrager, A.J.E. : Kosprysberekening en -tegniek, op. cit., p.174). Onder nie-slytende produksiemiddele val grond indien dit nie vir mynboudoeleindes gebruik word nie. Die nie-slytende produksiemiddele lewer geen probleme op nie aangesien dit nie in waarde verminder nie. Die slytende produksiemiddele is egter onderhewig aan depresiasie en waar daar dus

in hierdie werk verwys word na produksie=middele, word daarby bedoel slytende produk=siemiddele.

'n Kenmerk van slytende produksiemiddele is dat dit duursaam is, en dit moet ook gesien word as 'n voorraad prestasies wat die produksiemiddel gedurende sy leeftyd in die produksieprosesse loslaat om verbruik te word. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.117).

Die prestasies of produksievermoëns van duursame produksiemiddele kan nie soos ander grondstowwe per kilogram of per meter aangeskaf word nie, dit wil sê, wanneer 'n duursame produksiemiddel aangeskaf word, word die hele voorraad prestasies waaroor die duursame produksiemiddel beskik aangeskaf. Hierdie prestasies van die duursame produksiemiddele kan ook nie meteens opgebruik word in die produksieproses, soos wat die geval met grondstowwe en ru-materiaal is nie, maar die prestasies van duursame produksiemiddele word oor 'n sekere periode opgebruik. Hierdie duursaamheidskenmerk van produksiemiddele veroorsaak dat die koste verbonde aan die prestasies van die duursame produksiemiddele

oor 'n periode in berekening gebring moet word. Hierop word later teruggekom by die bespreking van die leeftyd van die produksiemiddele.

(b) Die ondeelbaarheid van duursame produksiemiddele

Die werkseenhede of prestasies van die duursame produksiemiddele is fisies saamgebonde tot 'n tegniese produksiemiddel. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.118). Hierdie tegniese omstandigheid van die duursame produksiemiddel het tot gevolg dat die werkseenhede van duursame produksiemiddele, nie soos by vlottende produksiemiddele afsonderlik volgens die verlangde hoeveelheid aangeskaf kan word nie, maar slegs in die hoeveelheid werkseenhede soos in die duursame produksiemiddel saamgevoeg.

Deurdat duursame produksiemiddele se prestasies ondeelbaar is, het dit tot gevolg dat die prestasies of kapasiteit van die duursame produksiemiddele op 'n bepaalde moment so goed as moontlik benut moet word as gevolg van bedryfsrekeningkundige oorwegings. (Vergelyk Van der Meulen, J. in Inleiding tot die bedryfseconomie, op. cit., p.418).

Onder produksiekapasiteit word verstaan die prestasievermoë wat die duursame produksie=middele ten opsigte van die voortbrenging kan lewer. (Vergelyk Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.175). Daar moet egter as gevolg van die ondeelbaarheid van duursame produksie=siemiddele gelet word op gelyktydige en volgtydige kapasiteit. Hierdie onderskeid is deur die Nederlandse geleerde Van der Schroeff gemaak (vergelyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.119). Onder gelyktydige kapasiteit word verstaan die aantal prestasies of werkseenhede per tyds=moment, terwyl onder volgtydige kapasiteit verstaan word die aantal tydsmomente waarty=dens die duursame produksiemiddel sy presta=sies aan die produksieproses kan afdra.

As gevolg van die ondeelbaarheid van die duursame produksiemiddele tref ons hier 'n nadeel aan deurdat die produksie-omvang nie aangepas kan word by die gelyktydige- sowel as volgtydige kapasiteit van die duursame produksiemiddele nie, deurdat die produksie-omvang hoofsaaklik deur die afsetmoontlikhede van die produkte bepaal word.

Die produksiekapasiteit van duursame produk=

siemiddele is dus onelasties en die elastisiteit of onelastisiteit van die duursame produksiemiddele hang respektiewelik af van die deelbaarheid en ondeelbaarheid van die kapasiteit of prestasies van die produksiemiddel. Die onelastisiteit van die produksiekapasiteit bring ons by 'n volgende nadeel verbonde aan die ondeelbaarheid van duursame produksiemiddele naamlik, probleme in verband met die kapasiteitsprojeksie.

Die produsent wat op grond van sy oorweginge in die verlede en verwagtinge van die toekomstige markposisie sy produksievolume bepaal, kom voor die vraag te staan, op watter produksie-omvang die produksiekapasiteit ingestel moet word. Die produsent sal dus by die keuse van die produksiekapasiteit 'n skatting moet maak van toekomstige afsetmoontlikhede van sy produk. Hy sal ook die feit onder oë moet hou dat koste verlaag met die toeneming in die gebruik van die produksiekapasiteit van sy duursame produksiemiddele. Die ekonomiese nadele verbonde aan die duursaamheid en ondeelbaarheid van produksiemiddele kan soos volg saamgevat word.

- (c) Ekonomiese nadele verbonde aan die duursaamheid en ondeelbaarheid van produksiemiddele

Die ekonomiese nadele verbonde aan die duursaamheid en ondeelbaarheid van produksiemiddele moet onvermydelik teruggevoer word na die doelbewuste voorraadvorming wat in die aanskaffing van duursame produksiemiddele na vore kom, en bestaan hoofsaaklik uit die volgende:

- (i) Die rentelas verbonde aan die beslag op die vermoë van die produksiemiddele.
- (ii) Die koste verbonde aan instandhouding van die onverbruikte werkseenhede van die produksiemiddele.
- (iii) Die nadeel verbonde aan die ekonomiese slytasie van die produksiemiddel.
- (iv) Die nadeel van prysrisiko wat egter ook 'n voordeel kan wees onder inflasionistiese marktoestande.
- (v) Die koste verbonde aan oorkapasiteit as gevolg van die ondeelbaarheid van die produksiemiddel.

Daar bestaan egter nie slegs ekonomiese na=dele verbonde aan die duursaamheid en ondeel=baarheid van produksiemiddele nie, maar ook as gevolg van die ander kenmerke van duur=same produksiemiddele.

(d) Tegniese- en ekonomiese slytasie

1. Tegniese slytasie

Onder tegniese slytasie word verstaan die vermindering van die produksiekapasiteit van die slytende duursame produksiemiddele wat die gevolg is van die aanwending van die produksiemiddele, asook slytasie wat met ver=loop van tyd voorkom, al word die produksie=middel nie gebruik nie. Die tegniese slyta=sie van slytende duursame produksiemiddele hou egter verband met die volgende: (Verge=lyk Van der Schroeff, H.J. : Agste druk, op. cit., p.124).

- (i) Die omvang van die gebruik van die produksiemiddel.
- (ii) Die aard van die gebruik van die pro=duksiemiddel.
- (iii) Die kwaliteit van die grondstowwe wat verwerk word.

(iv) Die versorging en onderhoud van die produksiemiddel.

(v) Die invloed van tyd op die produksie= middel as gevolg van atmosferiese invloede.

Gesien vanuit 'n tegniese oogpunt word die bruikbaarheidsduur van die slytende duursame produksiemiddele bepaal deur die oorsaak van die tegniese slytasie wat die grootste invloed op die produksiemiddel het.

2. Ekonomiese slytasie

Onder ekonomiese slytasie word verstaan die vermindering van die ekonomiese bruikbaarheid van die produksiemiddele. Die ekonomiese slytasie is 'n nadeel van die produksiemiddele wat die gevolg is van die duursaamheid van produksiemiddele.

As gevolg van die duursaamheid van produksie= middele bestaan die moontlikheid dat met verloop van tyd 'n tegnies beter produksie= middel op die mark geplaas kan word. Die gevolg van die tegnies verbeterde produksie= middel is dat die bestaande produksiemiddel onder ongunstiger kosteverhoudinge werk as die

verbeterde produksiemiddel. Met die verbetering van 'n proses kan dit ook tot gevolg hê dat 'n spesifieke produksiemiddel geen ekonomiese aanwendingsmoontlikheid meer besit nie, en is dus ekonomies onbruikbaar.

Dit is egter nie slegs verbeteringe in die produksiemiddele of produksieprosesse wat kan lei tot ekonomiese slytasie nie, maar ook die aard en omvang van die vraag na die produk.

(e) Tegniese- en ekonomiese leeftyd

Aangesien sowel tegniese- as ekonomiese faktore bepalend is vir die duur van die aanwending van die duursame produksiemiddel moet onderskeid gemaak word tussen tegniese- en ekonomiese leeftyd van die produksiemiddele.

(1) Tegniese leeftyd

Onder tegniese leeftyd word verstaan die tydsduur van die tegniese aanwendingsmoontlikhede van die produksiemiddel. Die tegniese leeftyd van die produksie is egter nie bepalend vir die bepaling van die leeftyd van die produksiemiddel nie aangesien die ekonomiese

leef tyd altyd korter is as die tegniese leef tyd. Die tegniese leef tyd beïnvloed egter die ekonomiese leef tyd van die produksiemiddele.

(ii) Ekonomiese leef tyd

Onder ekonomiese leef tyd word verstaan die tydsduur van die ekonomiese aanwendingsmoontlikhede van die produksiemiddel. Soos reeds genoem, bepaal die tegniese slytasie tot 'n groot mate die ekonomiese leef tyd van die produksiemiddel en die ekonomiese leef tyd is dus bepalend vir die periode waarin die produksiemiddel afgeskryf of gedepresieer sal word. Die vraag ontstaan nou hoe die koste verbonde aan slytende duursame produksiemiddele by die produkkoste in berekening gebring word. Voordat die metode van afskrywing behandel word, moet eers na die doel met afskrywing gekyk word.

(f) Die doel van depresiasie

Die verskillende doelstellings met die voorsiening vir depresiasie wat in die literatuur oor die onderwerp voorkom, kan soos volg saamgevat word:

1. Om die historiese koste te herwin.
2. Om die bate te vervang.
3. Om die geïnvesteerde kapitaal in reële sin te handhaaf.
4. Om die opbrengsvermoë van die onderneming te handhaaf.

Die eerste doelstelling naamlik om die historiese koste van die duursame produksiemiddel te herwin, is volgens die tradisionele rekeningkundige benadering en word gebruik deur rekenmeesters op grond daarvan dat die geldkoste 'n objektiewe basis vorm. Die vraag ontstaan egter of dit wel 'n objektiewe basis is, aangesien die waardes 'n aantal jare gelede bepaal is onder ander ekonomiese omstandighede as dié waarin die onderneming hom vandag bevind.

Die tweede doelstelling naamlik om die bate te vervang bring ons by een van die grondbeginsels van die vervangingswaardeleer naamlik, dat die offers wat in die verlede gebring is, nie bepalend is vir die koste nie, maar wel die offers wat vir die vervanging gebring moet word. Dan wys die vervangingswaarde nie na die vervanging in die toekoms nie, maar na die waardering van die hede.

Die duursame produksiemiddel wat vervang moet word se huidige waarde moet bepaal word, en die afskrywing van depresiasie moet volgens die huidige vervangingswaarde gedoen word, en nie volgens die vervangingswaarde van die duursame produksiemiddel in die toekoms nie.

Volgens die tradisionele metode van afskrywing word die historiese kosprys van die produksiemiddel in die vorm van 'n voorsiening vir depresiasie opsy gesit, om die duursame produksiemiddel aan die einde van sy leeftyd mee te vervang. Onder inflasionistiese marktoestande is hierdie voorsiening vir depresiasie gebaseer op die historiese kosprys van die produksiemiddel onvoldoende om die produksiemiddel aan die einde van sy ekonomiese leeftyd mee te vervang.

Die derde doelstelling naamlik om die geïnvesteerde kapitaal in reële sin te handhaaf kan in **samehang met die vierde** doelstelling naamlik, om die opbrengsvermoë van die onderneming te handhaaf, gesien word. Met hierdie doelstellings van depresiasie word gepoog om voorsiening te maak vir die verhoging of verlaging in die koopkrag van die geïnvesteerde kapitaal om sodoende fondse beskikbaar te hê aan die einde van die ekonomiese leef-

tyd van die duursame produksiemiddel, om die produksiemiddel mee te vervang teen sy ver= anderde prys.

Gedurende die laaste paar jaar het daar 'n gedagte by sakemanne en rekenmeester ontstaan dat in tye van stygende pryse die voorsiening vir depresiasie groter moet wees as die voorsiening wat op historiese koste gemaak is. Deur 'n verhoging in die voorsiening vir depresiasie kan die geïnvesteerde kapitaal in die onderneming in reële sin gehandhaaf word. Hierdeur word ook voorsiening gemaak om die duursame produksiemiddele te vervang teen hul verhoogde pryse, wat beteken dat die onderneming sy produksie en opbrengsver= moë kan handhaaf.

Alle ander produksiemiddele en faktore word teen huidige geldwaardes vergoed, behalwe die vergoeding van slytende duursame produksie= middele waarvan die koste deur middel van voorsiening vir depresiasie in berekening gebring word.

(g) Die voorsiening vir depresiasie

Die mees algemene basisse vir die berekening van depresiasie is die volgende:

1. Werklike koste.
2. Vervangingskoste.

Die werklike koste as basis vir die bepaling van die depresiasie is hoofsaaklik weens praktiese redes aanvaarbaar vir rekenmeesters en vir belastingowerhede. Die vervangingskoste as basis word weer hoofsaaklik deur sakemanne verkies, dit wil sê, deur persone wat die probleme van veranderde pryse en die instandhouding van die likiditeit van die onderneming onder oë hou.

Die basis wat gekies word vir die berekening van depresiasie beïnvloed die ondernemingswinste sowel as die wins beskikbaar vir verdeling en dividende. Dit beïnvloed ook die pryse van die produkte, die algemene prysvlak en die kapitaalstruktuur van 'n onderneming.

Indien die depresiasie gebaseer is op historiese koste, word verskillende geldwaardes vir verskillende produksiefaktore verkry. Hierdeur word die kapitaal van 'n onderneming verminder deurdat wins wat nie werklik wins is nie, maar 'n intering op kapitaal uitbetaal word aan aandeelhouders. Daar bestaan egter twee metodes om hierdie verlies aan effektiewe kapitaal te verhaal naamlik:

1. Deur die skepping van reserwes binne die onderneming. Deur reserwes te skep uit wins vanaf die inkomstestaat, of
2. Deur die verkryging van nuwe kapitaal deur byvoorbeeld die uitreiking van nuwe aandele of deur die verkryging van lenings.

Om bogenoemde metodes in te stel is foutief, aangesien daar nie van die aandeelhouders verwag kan word om die verhoogde produksiekoste te dra in die vorm van 'n verminderde dividend nie. Die probleem moet by sy ontstaanspunt reggestel word naamlik, deur verhoging in die prys van die produk sodat die werklike produksiekoste teen heersende geldwaardes verhaal kan word.

Sommige persone is egter van mening dat die instelling van vervangingswaarde as basis vir die bepaling van depresiasie die hoog- en laagkonjunktuur sal intensifiseer deurdat die inkomste van aandeelhouders sal styg in die hoogkonjunktuur en dus ook weer druk sal uitoefen op die prysvlakke van verbruiksgoedere en grondstowwe en ook omgekeerd in 'n tydperk van laagkonjunktuur.

Die effek van die basis wat gebruik word vir die bepaling van die voorsiening vir depresiasie op die pryse van goedere is egter afhanklik van die verhouding tussen prys en koste.

In 'n onderneming waar die vraag na produkte die aanbod van die onderneming se produkte ver oorskry, of waar daar feitlik geen pryskompetisie bestaan nie, sal die basis vir die bepaling van die voorsiening vir depresiasie geen merkbare invloed hê op ander pryse nie. Met die afwesigheid van eksterne pryskontrole sal die prys dus eerder verband hou met wat die verbruiker bereid is om te betaal as wat dit verband hou met koste, ongeag hoe koste bepaal word.

In 'n onderneming met strawwe mededinging, daarenteen, sal pryse egter baie nader aan koste bepaal word en die betekenis van koste is dus baie belangriker vir sulke ondernemings.

Dit maak nie saak hoe die addisionele depresiasie bepaal word nie, daar moet egter voorsiening voor gemaak word in die prys van

die produk wat vervaardig word, asook by die winsbepaling van 'n onderneming.

In die literatuur bestaan daar 'n hele aantal metodes waarvolgens depresiasie bereken kan word. Die belangstellende leser word hier verwys na literatuur wat bestaan oor kosteberekening en finansiële rekeningkunde.

Die belangrikste ontwikkeling ten opsigte van die berekening van depresiasie spruit uit die inflasie en ander pryspeilveranderings waarmee ondernemings vandag mee te kampe het, en wat ook 'n invloed uitoefen op die vervangingspryse van duursame produksiemiddele.


'n Metode wat in die literatuur ontwikkel is om voorsiening te maak vir die verhoogde vervangingspryse van duursame produksiemiddele staan as inhaalafskrywing bekend.

Inhaalafskrywing is eintlik 'n addisionele afskrywing wat benodig word om die vervangingsfondse van 'n onderneming aan te vul tot die vlak van die verlangde vervangingsverplichting.

Deurdat die vervangingsprys styg, word die reeds verbruikte werkseenhede van die duursame produksiemiddele hoër waardeer en ontstaan daar 'n verlies wat as 'n nadelige gevolg van die prysrisiko weens uitgestelde vervanging gesien moet word. (Vergelyk Joubert, W.A. : Die waardevermindering van die duursame produksiemiddel : 'n Kritiese literatuurstudie, Proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1971, p.96).

Ten tye van prysstygings moet die duursame produksiemiddele herwaardeer word en wel die verbruikte sowel as die onverbruikte duursame produksiemiddele. Ten opsigte van die reeds verbruikte werkseenhede ontstaan by prysstygings 'n verlies weens die uitstel van die vervanging. Die rede hiervoor is soos Hamman (op. cit., p.131) dit stel dat weens die feit dat vaste bates eers aan die einde van hul ekonomiese leeftyd vervang word, daar geen sprake van gereelde vervanging soos by deelbare voorrade (vlottende bates) is nie, en gevolglik ontstaan daar 'n uitgestelde vervangingsverpligting. Hierdie uitgestelde vervanging veroorsaak dan 'n verlies by 'n styging in die vervangingspryse van duursame produksiemiddele.

A.Meij en K.S. Most (Replacement value accounting. The Accountant, September 1963, p.279) skets die probleem van inhaalafskrywing soos volg, waar gebruik gemaak word van die annuïteitsmetode van afskrywing:



OABX = Oorspronklike waardevermindering.

OCDX = Waardevermindering op nuwe vervangingswaardes bepaal aan die einde van die derde jaar.

ACYZ = Spesiale debiete in jaar drie weens onvoldoende waardevermindering afgeskryf in jare een tot drie.

EYDX = Nuwe waardevermindering vir jare vier tot nege.

Daar bestaan egter kritiek op hierdie metode deurdat 'n tekort wat spruit uit vorige winsperiodes se onderafskrywing in 'n enkele periode uit winste verhaal moet word. Die tekort moet eerder versprei word oor die oorblywende afskrywingsperiodes.

Hamman, W.D. (op. cit., p.131/132) het 'n voorbeeld uitgewerk om die invloed van in=haalafskrywing aan te toon. Sy voorbeeld is soos volg:

Gestel dat 'n vaste bate met 'n leeftyd van vyf jaar, R10 000 gekos het en depresiasie volgens die regitlynmetode bereken word. Na die einde van die tweede jaar styg die vervangingswaarde van die bate na R12 000. Die volgende inskrywing word dan gemaak:

Dt.	Vaste bate	R1 200
Kt.	Herwaardering (1/5de van onverbruikte voorraad werkseenhede van R6 000)	R1 200

Die uitwerking van prysstygings op die reeds verbruikte werkseenhede is soos volg:

Dt.	Verlies	R800
Kt.	Opgehoopte depresiasie (1/5de van R4 000)	

Dt. Vaste bate	R800
Kt. Herwaardering	R800

Die verlies van R800 staan bekend as inhaal=afskrywing en kan soos volg verklaar word:

Vanaf die derde tot die vyfde jaar is die jaarlikse depresiasie volgens die reguitlyn=metode R2 400 per jaar. Die depresiasie wat in jare drie tot vyf "vrykom" is R7 200. Aan die einde van die tweede jaar bedra die depresiasie R4 000 met 'n tekort van R800 om die totaal van R12 000 vol te maak.

By die inhaalafskrywing is daar egter ook nog 'n ander aspek wat na vore kom naamlik, die finansieringsaspek met betrekking tot duursame produksiemiddele. Ten opsigte van die finansieringsaspek van inhaalafskrywing stel Van der Schroeff Winstbepaling en finansieringstruktuur; M.A.B., Januarie 1969, p.72) die volgende:

"Indien de duurzame productiemiddel ten dele met eigen en ten dele met vreemd vermogen zijn gefinancierd kan het verlies uit inhaalafschrijvingen ten laste van het herwaarderingsaccres

geschieden, totdat deze het bedrag bereikt, dat onder de klem ligt van de vervangingsverplichting."

Hierop is Van der Schroeff deur I. Kleerekoper (Enkele kritische aantekeningen bij "Winstbepaling en financieringstruktuur", M.A.B., Maart 1969, p.119) gekritiseer op grond daarvan dat die afskrywing op basis van die vervangingswaarde hier nie in geheel toegepas word nie. Die gedeelte van die produksiemiddel wat met vreemde kapitaal gefinansier is, word ten dele van die afskrywing vrygestel en kan nie volgens Kleerekoper aanvaar word nie. Kleerekoper (op. cit., p.120) sien die afskrywing los van die finansieringstruktuur.

W.A. Joubert (op. cit., p.103) sien die saak soos volg:

"Dit is na ons mening absoluut onaanvaarbaar om die beskikking oor vreemde kapitaal as kosteloos te beskou, bloot omdat daar nie 'n formele rentevergoeding aan verbonde is nie. In die geval van enige aankoop waaraan kredietvoordele verbonde is, is dit veilig

om te beweer dat die prys terdeë vir
'n kredietvergoeding voorsiening maak."

Hierby kan ook nog gevoeg word dat die prys
ook voorsiening maak vir moontlike prys=
stygings.

Die probleem moet gesien word in die lig van
die vervangingswaardebeginsels naamlik, dat
die moment van die ruil die moment is waarop
die oordragsprys tussen die partye bepaal
is ongeag of betaling geskied of nie. Van=
af die tydstop dat die oordragprys tussen
die partye vasgestel is gaan die risiko oor
op die koper. Die koper aanvaar dus die
risiko van prysstygings of prysdaling. Die
verskaffers van krediet kan dus geensins
aanspraak maak op 'n gedeelte van die prys=
stygings soos deur Joubert, W.A. (op. cit.,
p.104) uiteengesit is nie, en die volle
prysstyging of kapitale-aanwas kom die onder=
neming toe wat die prysrisiko gedra het.
Vanaf die moment waarop die oordragsprys
tussen koper en verkoper bepaal is, geld die
vervangingswaarde van die goed wat aangekoop
is, as die waarde van daardie goedere.

Dieselfde beginsel geld ook by ander voorrade
soos voorraad ru-materiaal, en het nie slegs

betrekking op voorraad duursame produksie=
middele nie.

Inhaalafskrywing moet dus wel plaasvind.
Die tekort wat egter ontstaan as gevolg van
onderafskrywing in vorige periodes moet
versprei word oor die oorblywende afskry=
wingsperiodes.

Die kapitale-aanwas wat ontstaan as gevolg
van die styging in die prys van duursame
produksiemiddele kan nie as wins uitgekeer
word nie, aangesien dit onder die vervang=
ingsverplichting staan.

Die inhaalafskrywing op die gedeelte van die
prys van die duursame produksiemiddel wat
deur vreemde kapitaal gefinansier is, moet
as 'n finansieringsvoordeel beskou word,
waarvoor reeds betaal is, deurdat die prys=
risiko ook die aankoopsprys beïnvloed het.

Daar word met Van der Schroeff en Scheffer
(Ankum, L.A. : Prijsinflatie, kostprijsbere=
kening en winstbepaling, H.E. Stenfert Kroese
N.V. - Leiden, 1969, p.218) saamgestem dat
daar eers sprake van wins is indien die
duursame produksiemiddel verkoop word.

Daar kan dus geen wins ontstaan sonder ruil nie.

By prysdalings bestaan die verlies op die onverbruikte werkseenhede vir sover daar geen herwaarderings is nie. Gestel volgens die vorige voorbeeld daal die waarde van die bate aan die einde van die tweede jaar na R8 000 in plaas van 'n styging na R12 000. Die balansstaat sal soos volg vertoon:

<u>Balansstaat</u>			
Kapitaal	R10 000	Vaste bates	R10 000
Netto verlies	1 000	Depresiasie	1 000
	<u>R 9 000</u>		<u>R 9 000</u>

Die volgende inskrywings moet egter nou gemaak word: (Vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif, op. cit., p.137).

1. Wat die onverbruikte werkseenhede betref is daar een negende van R9 000 naamlik, R1 000 wat 'n verlies is.

Dt. Inkomstestaat	R1 000
Kt. Vaste bates	R1 000

2. Wat die opgehoopte depresiasie betref
lei dit tot 'n wins van een negende
van R1 000 = R111.

Dt. Opgehoopte depresiasie	R111
Kt. Inkomstestaat	R111

3. Die reeds verbruikte werkseenhede word
in die boeke getoon as R1 000 en dit
moet R800 wees.

Dt. Inkomstestaat	R200
Kt. Vaste bates	R200

Die netto effek sal dan soos volg daar uit=
sien:

Dt. Inkomstestaat	R1 089
Dt. Opgehoopte depresiasie	R 111
Kt. Vaste bates	R1 200

Indien die prysdalings die gevolg is van
veranderde vraag en aanbod faktore, staan
sodanige prysdalings as ekonomiese veroudering
bekend, dit wil sê, indien die prysdalings
geleë is in die goederesfeer en nie in die
geldsfeer nie.

Daar word met L. Goldberg (vergelyk Goldberg,
L. : Concepts of depreciation, The Law Book

Co. of Australia (Pty.) Ltd., Melbourne, 1960) saamgestem dat die probleem van depresiasie gedeeltelik 'n probleem van verslagdoening, gedeeltelik 'n probleem van finansieële beleid en gedeeltelik een van kostebepaling is. Hierdie drie probleme werk in die praktyk in op mekaar, en soos gesien kan word uit die voorgaande bespreking, is die probleem van kostebepaling van duursame produksiemiddele deur middel van die voorsiening vir depresiasie die belangrikste probleemgebied van depresiasie.

Die voorsiening vir depresiasie is een van die mees gekompliseerde probleme in die rekeningkunde en bedryfsrekeningkunde. Sy gekompliseerdheid is verhoog deur werklike veranderinge asook deur verwagtings van veranderinge in prysvlakke hoofsaaklik gedurende die laaste dekade.

Die vervangingswaardeleer lewer 'n belangrike bydrae tot die rekeningkundige en bedryfsrekeningkundige kennis met betrekking tot voorraad, voorsiening vir depresiasie en ook op die invloed van veranderde pryspeile op die produksiekoste van 'n onderneming. Die vervangingswaardeleer is ook die enigste

tegniek wat tot 'n mate 'n oplossing bied
vir die ekonomiese probleme waarmee sakelui
in die ekonomie vandag mee te kampe het.

3.	PROBLEME BY DIE TOEPASSING VAN PRYSPEIL= VERANDERING IN DIE PRAKTYK	
3.1	INLEIDING	166
3.2	PRAKTIESE PROBLEME BY DIE TOEPASSING VAN PRYSPEILVERANDERINGSMETODES	167
3.3	DIE KEUSE TUSSEN VERSKILLENDE METODES	181
	a. Aangesuiwerde historiese koste.	181
	b. "Current cost".	181
	c. Vervangingswaarde	182

3. PROBLEME BY DIE TOEPASSING VAN PRYSPEIL= VERANDERINGS IN DIE PRAKTYK

3.1 INLEIDING

Alhoewel rekeningkunde en bedryfsrekeningkunde, wat voorsiening maak vir veranderde pryspeile, reeds vir baie jare bestudeer is, is die praktiese toepassing daarvan vandag nog beperk tot 'n paar groot ondernemings. Die inflasiekoers wat vandag in die Westerse Wêreld ondervind word en wat reeds in meeste lande dubbelsyfers behaal het, het die aandag weer pertinent op hierdie probleem gevestig. In die verlede is geredeneer dat die inflasiekoers die algemene groeikoers van lande nie baie beïnvloed nie. Indien gekyk word na die gevolge van ons huidige inflasie, lyk die prentjie maar donker.

Indien Suid-Afrika 'n inflasiekoers van 15% per jaar gaan hê, sal 'n 1974 R1 oor vyf jaar R0,49 werd wees, R0,25 oor tien jaar, R0,12 oor vyftien jaar en R0,06 oor twintig jaar. Hieruit blyk dit hoe belangrik die inflasieprobleem is. Iets daadwerkliks sal aan die probleem gedoen moet word.

Die invloed van die inflasiekoers op die winsbe-
paling van ondernemings is reeds bespreek. In

hierdie hoofstuk sal klem gelê word op die probleme wat ondervind word by die toepassing van pryspeilveranderingsmetodes in die praktyk.

3.2 PRAKTIESE PROBLEME BY DIE TOEPASSING VAN PRYSPEILVERANDERINGSMETODES

Die volgende is die belangrikste praktiese probleme wat in die weg staan vir die algemene toepassing van pryspeilveranderingsmetodes.

(i) Nie genoeg opgeleide persone

Kleerekoper stel dit in 'n artikel ("Financial reporting under inflationary conditions, The Accountant, January, 1975, p.133") dat die belangrikste probleem vir die toepassing van die pryspeilveranderingsmetodes, die tekort aan opgeleide personeel is. Kleerekoper stel dit soos volg:

"In education of the average accountant in many countries too much; if not nearly all, emphasis is given to the teaching of accounting and auditing techniques, producing very able and highly skilled accounting and auditing technicians. Too little - indeed, hardly any - attention is devoted to economics and, more specifically,

business economics."

Hamman, W.D. (Proefskrif, op. cit., p.309) bepleit ook die instelling van winsbepaling as kursus of gedeelte van 'n kursus aan universiteite en veral in die kursusse vir rekenmeestersopleiding.

Die oplossing vir die toekoms lê dus aan ons universiteite waar daar gepoog sal moet word om winsbepaling as kursus of gedeelte van 'n kursus in te voer vir die B.Comm.-graad.

(ii) Wetlike vereistes

Kleerekoper wys in 'n artikel ("Financial reporting under inflationary conditions, op. cit., p.133/134) daarop dat hoe meer regulasies en gedetailleerde wetlike vereistes bestaan, hoe meer wetlik geöriënteerd die rekenmeester sal optree, en hoe minder sal hy hom steur aan nuwere ontwikkelinge op die gebied van winsbepaling.

Onder die belangrikste wette in dié verband geld die Wet op Maatskappye en die Inkomste=belasting Wet.

Die Ontvanger van Binnelandse Inkomste laat slegs sekere aftrekkings ten opsigte van waardevermindering toe en aanvaar ook slegs sekere voorraadwaarderingsmetodes. Die oplossing vir hierdie saak is om die state wat die Maatskappye Wet en die Ontvanger van Binnelandse Inkomste vereis, te skei van die state vir eie doeleindes opgestel. Wetlike vereistes word daargestel met 'n sekere doel voor oë, byvoorbeeld, fiskale- en monetêre maatreëls wat geensins beteken dat die onderneming nie vir eie doeleindes hiervan kan afwyk nie. Wetlike vereistes word ook onafhanklik van die algemeen geldende besigheidspraktyke opgestel om, soos reeds genoem, sekere doeleindes te bereik.

(iii) Om by die betekenis van depresiasie verby te kom

Volgens Batty (Management accountancy, MacDonald and Evans, London, 1966, p.631) is die betekenis van depresiasie die vermindering in die koste van 'n vaste bate. Die depresiasiekoers verteenwoordig die verhalings van die oorspronklike kosprys van 'n bate.

Depresiasie word afgeskryf nie om die oorspronklike aankoopprys van 'n bate te verhaal

nie, maar om deur middel van die depresiasie-afskrywing, fondse op sy te sit om die bate aan die einde van sy leeftyd mee te vervang, dit wil sê, om die kapitaal wat in die bate belê is ongeskonde te hou en sodoende die produksievermoë van die onderneming in die toekoms te bevestig.

'n Ander rede waarom depresiasie afgeskryf word, is om die koste verbonde aan die gebruik van die bate gedurende sy leeftyd teen die produksie van daardie periode te boek.

Om dus enigsins 'n korrekte depresiasie-afskrywing te kan doen, vir sowel koste- en winsbepaling as vir die vervanging van die afgeskrewe bate aan die einde van sy ekonomiese leeftyd, sal die depresiasie op die vervangingswaarde van die bate afgeskryf moet word.

(iv) Vervanging van bates met ekwivalente bates

'n Argument wat somtyds gebruik word is dat bates, wanneer hulle vervang moet word, nie met identiese bates vervang kan word nie, aangesien die identiese bate miskien nie

meer op die mark bestaan nie as gevolg van tegnologiese ontwikkeling. (Vergelyk Batty, J. : Management accountancy, op. cit., p.632). Om hierdie rede word beweer, kan daar nie gewerk word met die vervangingswaarde van 'n bate nie.

Van der Schroeff, H.J. (Kosten en kostprijs, op. cit., p.16) stel dat vervanging nie hoef plaas te vind deur identiese goedere nie. Vir die produsent het die goedere alleen betekenis as middel tot verkryging van inkomste.

(v) Die bepaling van die vervangingswaarde is moeilik

Om die vervangingswaarde van produkte of bates in 'n vervaardigingsonderneming te bepaal, is moeilik. Om die vervangingswaarde van voltooide produkte byvoorbeeld daaglik te bepaal is onprakties as gevolg van die groot hoeveelheid werk en dus administratiewe koste daaraan verbonde. Daar bestaan geen algemeen aanvaarde metode waarmee die vervangingswaarde op 'n gereelde grondslag bepaal kan word nie.

Die belangrikste items in 'n vervaardigings= onderneming waarvoor vervangingswaarde bepaal moet word is:

- (a) Die produksiekoste per eenheid.
- (b) Die waarde van voorrade.
- (c) Die waarde van produksiemiddele.

Daar bestaan egter 'n aantal metodes wat behulpsaam kan wees by die bepaling van die vervangingswaarde naamlik: (Vergelyk Ten Doeschate, J.F. : Enige moeilikheden by de praktiese toepassingen van de vervangings= waardeleer, M.A.B., 33e jaargang, Desember 1959, No. 11).

- (a) Direkte pryskwotasie

Hierdie metode bepaal die vervangingswaarde van items deur regstreeks van die leweran= siers van produkte en dienste die huidige pryse te verkry. Hierdie metode verskaf 'n baie betroubare vervangingswaarde maar die praktiese uitvoering daarvan verg te veel koste.

Die bedryfsrekeningkundige norm dat die ver= houding tussen koste, en die bepaling van daardie koste, altyd in balans moet wees,

geld ook hier. Dit is irrasionele optrede om byvoorbeeld R100 te bestee om pryskwotasies te verkry indien die vervangingswaarde ten opsigte van daardie kwotasies nie R1 000 is nie. Die voordeel wat verkry word uit gegewens moet dus balanseer met die koste verbonde aan die verkryging van die besonderhede.

Hamman, W.D. (Proefskrif, op. cit., p.152) wys op die probleem dat leweransiers kan agterkom, dat daar nie 'n werklike vervanging beoog word nie, en dus hulle pryskwotasies nie ernstig opneem nie. Hierdeur verloor die pryskwotasie as metode vir die bepaling van die vervangingswaarde dan ook sy nut.

(b) Waardasies

Waardasies as metode vir die bepaling van die waarde van vaste bates word reeds lank gebruik. Ten tye van prysveranderings styg die waardes van grond en geboue vinnig in vergelyking met byvoorbeeld ander bates. Om op hoogte te wees met die waarde van vaste bates is nie so maklik nie. Daar bestaan soveel faktore wat die waarde van grond en geboue beïnvloed, om maar net 'n paar te noem:

- (i) Ligging.
- (ii) Toekomsverwagtinge ten opsigte van die ligging.
- (iii) Opbrengspotensiaal van die grond en geboue.

In die ruilwaarde van grond is dus skattinge verdiskonteer wat betrekking het op ander bestemmings as dié wat die grond op die oomblik besit. Om die invloed van waarde=stygings van grond op die koste van die grond en daarmee op die kosprys van die produk te meet, sal rekening gehou moet word met die oorsaak van die waarde of prysstyging. 'n Styging in die waarde van grond hoef nie saam te val met 'n styging van die waarde van die grond vir die onderneming of besitter daarvan nie.

Slegs met die styging van die grondwaarde vir die onderneming of besitter daarvan, styg die grondkoste. Deur op basis van die historiese kosprys van die grond berekenings te doen sou die vestigingsplekpremie, soos Van der Schroeff dit noem, vir die onderneming verlore gaan. Die kosprys van die produk sou hierdeur te laag bereken word.

Die koste verbonde aan grond en geboue word gevorm deur die huur wat daarvoor betaal moet word of indien die grond en geboue die eiendom van die onderneming is, deur die rente op dié vervangingswaarde van die grond.

Vaste bates moet dus van tyd tot tyd herwaardeer word. Die vraag ontstaan egter deur wie of deur watter instansies of instellings. Die antwoord hierop is deur enige bekwame persoon wat op hoogte van grondpryse en eiendom is, in die omgewing waar die grond en geboue geleë is wat herwaardeer wil word.

Dit is beter om 'n persoon of persone aan te stel om die herwaardering te doen wat geensins belang by die grond en geboue het nie, en wat dus 'n objektiewe waarde aan die grond en geboue kan toeken.

Die waardasiemetode as 'n waardebepalende metode is nog nie tot 'n hoogs wetenskaplike vlak ontwikkel nie. Die laaste paar jaar het daar egter 'n verandering ingetree. Unisa het byvoorbeeld gedurende 1975 'n kursus vir eiendomsagente ingestel wat grootliks gebaseer is op wetenskaplike metodes

vir die bepaling van die waardes vir vaste eiendom.

(c) Indekse

Die persoon wat op die idee gekom het om die verandering in prysvlakke te meet deur middel van indeksyfers, was die Italianer G.R. Carli ("Index numbers of wholesale prices in the United States and foreign countries", Bulletin nr. 284, Oktober, 1921, p.7). Die eerste indeksyfers is opgestel deur individuele persone met ongereelde tussenposes. Soos wat die belangrikheid van die bepaling van prysvlakveranderinge toegeneem het, word gevind dat finansiële tydskrifte en regeringsinstellings al hoe meer hierin belangstel.

Dit het ook tot gevolg gehad dat indeksyfers meer betroubaar opgestel is en ook meer gereeld beskikbaar gestel is.

Die opstel van indeksyfers vereis hoë noukeurigheid en moet soos volg opgestel word:

- (i) Bepaal die doel waarvoor die finale resultate gebruik gaan word.

- (ii) Besluit oor die aantal en soorte kommoditeite wat ingesluit gaan word.
- (iii) Besluit of hierdie kommoditeite geweeg moet word volgens hulle onderskeie belangrikhede.
- (iv) Verkryging van die werklike kommoditeitspryse.
- (v) Bepaal of die vorm van die indeksyfers die gemiddelde afwyking van pryse of die afwykings van die totaal van die werklike pryse sal aantoon.
- (vi) Bepaal die basis waarop die relatiewe pryse bereken sal word.

In Suid-Afrika word hoofsaaklik twee groepe prysindeksyfers maandeliks deur die Buro van Statistiek gepubliseer naamlik:

- (i) Die groothandelsprysindeks - die pryse word verkry van verteenwoordigende ondernemings in die grootste binnelandse en kusstede. Hulle word dan beswaar op die grondslag van die gemiddelde nasionale verbruik van die betrokke artikels gedurende uitgekose jare, wat

weer gebaseer is op die industriële en landbousensusse tesame met in- en uitvoersyfers.

- (ii) Die verbruikersprysindeks - wat opgestel word uit maandelikse prysopgawes van verteenwoordigende kleinhandelaars of winkeliers in die vernaamste stedelike gebiede van Suid-Afrika.

Die opstel van indeksyfers is onderhewig aan sekere probleme of tekortkominge waarvan die volgende die belangrikste is:

- (i) Die prysindekse word slegs gebaseer op 'n aantal artikels.
- (ii) Die pryse van alle goedere beweeg nie presies parallel nie. Betekenisvol is ook dat die groothandelsprysindeks veel skerper skommeling vertoon as die verbruikersprysindeks.
- (iii) Vroeëre prysopgawes was baie onvolledig en nie altyd betroubaar nie.
- (iv) Die gewigte wat toegeken word, is veranderlik omdat tipiese verbruikspatrone met verloop van tyd heelwat verander.

- (v) Daar bestaan vandag heelwat produkte wat vyftig jaar gelede byvoorbeeld onbekend was.
- (vi) Die kwaliteit van produkte het ook met verloop van tyd baie verander.
- (vii) Indien pryskontrole bestaan, maak dit prysindekse onbetroubaar.
- (viii) Klimaat en kultuur skep ook 'n kuns=matige vraag na sekere produkte.
- (ix) Die keuse van 'n basisjaar is arbitrêr.

Prysvergelykings oor kort periodes is om voorafgenoemde redes vanselfsprekend meer betroubaar as oor lang periodes.

Indeksering, deur middel van die skakeling van lone en kontrakte aan die inflasie=koers, het in Brittanje steun gekry van die Instituut van Ekonomiese Aangeleenthede. In die studie wat deur twee ekonome, mnre. R. Jackson en K. Klop Holz, onderneem is, word bevind dat indeksering die meeste van die gevolge van inflasie kan neutraliseer en dat dit ook 'n sielkundige klimaat kan

skep wat loononderhandelinge veel vlotter kan laat verloop. (Vergelyk Die Transvaler, Maandag 22 September 1975, p.13).

Indeksyfers kan in die bedryfsrekeningkunde gebruik word om die koste van verkopesyfer aan te pas by die verandering in die pryspeile. Vir bedryfsrekeningkundige doeleindes word die koste van verkope per eenheid egter vooraf benodig, dit wil sê, voordat verkope wel plaasvind. Die gebruik van indeksyfers het dus voordele by die na-kalkulasie, maar vir die voor-kalkulasie en kosprysbepaling van 'n produk, is dit van geen waarde nie aangesien die indeksyfers nie vooraf bereken kan word nie.

In die literatuur bestaan daar 'n aantal metodes wat op een of ander wyse die veranderinge in die waarde van geld by bestaande stelsels wil inreken. Hierdie metodes is basies dieselfde, maar verskil in die praktiese toepassing van mekaar. Die vraag ontstaan nou watter van die verskillende metodes in die praktyk toegepas moet word.

3.3 DIE KEUSE TUSSEN VERSKILLENDSE METODES

Die vernaamste metodes wat in die literatuur gevind word, is die volgende:

(a) Aangesuiwerde historiese koste

Hierdie metode staan in Engels bekend as "adjusted historical costs". Volgens hierdie metode word alle items in die finansiële jaarstate van 'n onderneming met behulp van 'n algemene verbruikersprysindeks herlei tot bedrae van gelyke koopkrag. Hierdie metode besit net soos enige ander indeks=metode slegs voordele ten opsigte van die na-kalkulasie. Vir die voor-kalkulasie besit dit geen praktiese nut nie.

(b) "Current cost"

"Current cost" of huidige koste word in die literatuur heel dikwels aangetref, veral in die Amerikaanse literatuur. Hamman, W.D. (Proefskrif, op. cit., p.310) vertaal die term "current cost" met aktuele koste. Onder die term aktuele koste verstaan hy dan ook die koste wat werklik van belang of aktueel is naamlik, die huidige of "current cost". Hamman breek hier doelbewus weg van die term vervangingswaarde, aangesien vervangingswaar=

de heelwat verwarring kan skep in die praktyk deurdat dit gesien kan word as "de facto"-vervanging.

Die "current cost" of aktuele koste verskil geensins van die aangesuiwerde historiese koste nie aangesien albei die historiese koste as basis neem vir die bepaling van aktuele koste. Die verskil kom net by die metode of metodes wat gebruik word om die historiese koste aan te pas vir die verandering in die waarde of koopkrag van geld.

(c) Vervangingswaarde

Die vervangingswaardestelsel is een van die oudste metodes om voorsiening te maak vir die verandering in die waarde van geld.

Daar bestaan egter twee metodes om die vervangingswaardestelsel in die praktyk toe te pas. (Vergelyk Batty, J. : Management accountancy, op. cit., p.634).

(i) Die gedeeltelike vervangingswaardestelsel

Hierdie metode van toepassing van die vervangingswaarde in die praktyk, bevat nie

al die norme wat neergelê is vir die vervangingswaarde nie, maar pas die vervangingswaarde slegs op sekere aktiwiteite en items van die onderneming toe.

Depresiasie van slytende produksiemiddele word afgeskryf teen kosprys met 'n addisionele voorsiening vir die vervanging van bates teen vervangingswaarde. Die addisionele voorsiening verteenwoordig dan die verhoging in pryse, met ander woorde, die vermindering in die waarde van geld.

Ru-materiaal word uitgereik aan produksie teen pryse wat so na as moontlik aan die huidige vervangingswaarde is. Hier word byvoorbeeld gebruik gemaak van die laaste-in-eerste-uit-metode van voorraadwaardering.

Vaste bates word gerevalueer deur middel van indeksyfers of volgens die waardasie-metode.

(ii) Volledige vervangingswaardestelsel
Volgens die volledige vervangingswaardemeto-
de word die waarde van alle vaste bates

herlei na vervangingswaarde deur die skeping van 'n kapitale reserwerekening. Die omrekening na vervangingswaarde geskied deur middel van indeksyfers. Die alternatief hiervan is om die aandele-kapitaal deur middel van 'n indeks om te reken na die huidige waarde of koopkrag van die aandelekapitaal.

Die verandering in die koopkrag van die bedryfsbates moet ook in berekening gebring word by die bepaling van die wins vir die rekenpligtige periode. Slegs indien die bedryfsbates ongeskonde gebly het in terme van gelyke koopkrag, kan daar sprake van wins wees.

Soos uit die voorgaande gesien kan word, word die belangrikste syfer in die inkomtestaat naamlik die koste van verkopiesyfer, nie aangepas nie. Indien daar wel 'n aanpassing sou plaasvind, sou die koste van verkopiesyfer deur middel van 'n prysindeks omgerekend moet word na die huidige waarde.

Hierdie metodes om die verandering in die waarde van geld ten opsigte van sekere items in die inkomtestaat en balansstaat van 'n

onderneming aan te toon, bied geen volkome oplossing vir die bedryfsrekeningkundige benadering tot die behandeling van veranderinge in die koopkrag of waarde van geld nie. Vir die bedryfsrekeningkunde is die syfer koste van verkope belangrik vir kostprysbeoordeling en vir besluitneming. Op hierdie punt sal weer in die slothoofstuk op teruggekom word.

4.	DIE VERVANGINGSWAARDELEER KRITIES BEOORDEEL	
4.1	INLEIDING	187
4.2	VERSKIL TUSSEN NOMINALISME EN SUBSTANSIALISME	187
4.3	VOORDELE VAN DIE VERVANGINGSWAARDE	189
a.	Die verandering in die waarde van geld word inag geneem.	190
b.	Kapitaalvermoë word ongeskonde gehou.	191
c.	Syfers word teen huidige waardes aangetoon.	192
d.	Invloed op die winsbepaling.	193
e.	Invloed op oornames.	194
4.4	NADELE VERBONDE AAN DIE VERVANGINGSWAARDE	195
a.	Voorsiening vir depresiasie.	196
b.	Vooruitskatting van die vervangingswaarde.	197
c.	Onaanvaarbaarheid vir belastingdoelendes.	198
d.	Informasie is meer gekompliseerd.	201
e.	Die voorstelling van wins en kapitaal volgens die vervangingswaarde.	202
f.	Kritiek teen die kostebepaling volgens die vervangingswaarde.	205

4. DIE VERVANGINGSWAARDELEER KRITIES BEOORDEEL

4.1 INLEIDING

Om tot 'n kritiese beoordeling van die vervangingswaardeleer te kan kom, moet die vervangingswaardebenadering met die historiese kosprysbenadering vergelyk word. Sodoende kan die voor- en nadele verbonde aan die vervangingswaardeleer bepaal word.

Onderskeid sal dus getref word tussen nominalisme (historiese kosprysbenadering) en substansialisme (vervangingswaardebenadering). Die substansialisme lê klem op die instandhouding van die winsbron asook op die bates as sulks, terwyl die nominalisme die klem op die geldsfeer laat val.

4.2 VERSKIL TUSSEN NOMINALISME EN SUBSTANSIALISME

Volgens Ankum (vergelyk Ankum, L.A. : Prijsinflatie, kostprijsberekening en winstbepaling, H.E. Stenfert-Kroese, N.V. - Leiden, 1969, p.106) was Ernst Walb die eerste outeur wat 'n duidelike onderskeid getref het tussen nominalistiese en substansialistiese winsopvattinge.

Die nominalisme gaan uit van die monetêre beginsel dat pryspeile stabiel is. In vandag se inflasionistiese toestande waar pryspeile gedurig verander, kom die nadele van die nominalistiese koste en winsbepaling sterk na vore. Hierdie feit verklaar ook die ongekeerde belangstelling wat daar vandag heers om weg te kom van die tradisionele nominalistiese koste en winsbepaling.

Die belangstelling verskuif dan ook volgens Hamman, W.D. (Proefskrif, op. cit., p.34) vanaf die formule G-W-G (Geld-ware-Mehr geld) waarvan die nominaliste uitgaan om die instandhouding van die geldkapitaal aan te dui, na die W-G-W (ware-geld-ware) waarvan die substansialiste uitgaan om die goederesfeer en dus die winsbron in stand te hou.

Onder die substansialistiese koste- en winsbepaling bestaan daar drie instandhoudingspostulate naamlik:

- (a) Die instandhouding van die koopkrag van die geldkapitaal.
- (b) Die instandhouding van die bates.
- (c) Die instandhouding van die handhawing van die voortbestaan van die onderneming.

Die instandhoudingspostulaat wat die handhawing van die voortbestaan van die onderneming voorop stel, sluit ook die ander twee instandhoudings= postulate in. Die handhawing van die voortbe= staan van die onderneming kan nie plaasvind sonder die instandhouding van die bates en die koopkrag van die geldkapitaal van 'n onderneming nie.

Hierdie substansialistiese koste en winsbepalings= benaderings wat die handhawing en voortbestaan van die onderneming as uitgangspunt het, word die vervangingswaardebenadering genoem.

Ankum (op. cit., p.59) verstaan onder substansia= lisme al die berekenings of winsbepalingstelsels wat nie gebaseer is op die uitgaafprys van die produksiemiddele nie, maar nogtans op enige wyse streef na die instandhouding van die goedere hoe= veelheid.

4.3 VOORDELE VAN DIE VERVANGINGSWAARDE

Die belangrikste voordele verbonde aan die ver= vangingswaarde is die volgende:

(a) Die verandering in die waarde van geld
word in ag geneem

Soos reeds genoem, gaan die nominalistiese benadering uit van die standpunt dat pryspeile konstant bly. Onder inflasionistiese toestande, hetsy tydens bestedingsinflasie of ook genoem verbruikersinflasie, koste-inflasie, inkomste-inflasie, belastinginflasie, looninflasie of winsinflasie, bly die pryspeile nie konstant nie maar verander gedurig.

Die vervangingswaarde neem die verandering in die waarde van geld in ag deur gebruik te maak van huidige ekonomiese waardes hetsy deur middel van indeksyfers, herwaardering, pryskwotasies of pryse op aandelebeurse om die verandering in die waarde van geld in ag te neem. Die vervangingswaarde is gebaseer op huidige aktuele koste vir die koste- en winsbepaling van 'n onderneming. Deur gebruik te maak van huidige aktuele koste, bring die vervangingswaarde die verandering in die waarde van geld outomaties in berekening.

(b) Kapitaalvermoë word ongeskonde gehou deur middel van depresiasië berekening op basis van die vervangingswaarde van bates, en deur die koste van produksiemiddele op basis van die vervangingswaarde te bereken, sorg die vervangingswaarde dat die koopkrag van die kapitaal wat in 'n onderneming belê is, ongeskonde gehou word, mits inhaalafskrywing gedoen word. Onder 'n stelsel wat gebruik maak van die vervangingswaarde sal daar nie 'n intering van kapitaal plaasvind mits daar genoeg winste is nie. Indien die ekonomiese leeftyd van bates verstreke is, kan die ekwivalente produksie en opbrengsvermoë aangeskaf word deurdat die fondse daarvoor opsy gesit is deur middel van die afskrywing van die bates op basis van vervangingswaarde. Geen addisionele kapitaal word ook onder 'n vervangingswaardestelsel benodig om die voorraadvlakke op dieselfde peil te handhaaf nie, aangesien die materiaalkoste teen vervangingswaarde teen koste van verkope geboek word, en die addisionele kapitaal verkry word uit die verkope van produkte.

(c) Syfers word teen huidige waardes
aangetoon

By 'n stelsel waar van die vervangingswaarde gebruik gemaak word, word die koste van verkope, en die verkopesyfers, albei teen huidige waardes aangetoon. Hieruit word die voordeel verkry dat hierdie syfers vir vergelykingsdoeleindes gebruik kan word, aangesien albei in waardes van gelyke koopkrag uitgedruk is. Onder 'n nominalistiese stelsel kan die koste van verkope en verkopesyfers nie gebruik word nie, aangesien die twee syfers nie dieselfde koopkrag waardes verteenwoordig nie. Die koste van verkopesyfer word onder 'n nominalistiese stelsel opgebou uit historiese kostesyfers terwyl die verkopesyfer in alle gevalle die huidige waarde van verkope verteenwoordig.

Die bates van 'n onderneming wat gewaardeer word volgens hulle vervangingswaarde toon die werklike belegging in die onderneming aan na inagneming van pryspeilveranderinge. Die voordeel hieraan verbonde is dat die berekening ten opsigte van die opbrengs op kapitaal as maatstaf van ondernemingsdoeltreffendheid 'n ware maatstaf van die doeltreffendheid van die onderneming is.

Die waarde van die eindvoorraad is ook meer realisties onder 'n vervangingswaardestelsel as onder 'n nominalistiese stelsel, aangesien die waarde van eindvoorraad die huidige ekonomiese waarde verteenwoordig.

(d) Invloed op die winsbepaling

Die invloed van die vervangingswaarde op die winssyfer bied die voordeel dat die wins wat so verkry is 'n ware en redelike weergawe van die aktiwiteite van 'n onderneming vir 'n sekere periode weerspieël. Volgens die bedryfsrekeningkunde word onder wins die wins van 'n periode verstaan. Wins word ook vir sekere besluite binne die onderneming gebaseer op die transaksiewins. Onder normale omstandighede word met wins bedoel die wins oor 'n sekere periode, gewoonlik die rekenpligtige tydperk of begrotingsperiode.

Die wins volgens die vervangingswaarde kan gesien word as 'n ekonomiese wins wat nadat voorsiening vir belasting gemaak is, die totale wins na belasting vir uitkering aan die eienaars of aandeelhouders vatbaar is.

In 'n tydperk van stygende pryse sal die

wins, bereken volgens vervangingswaarde, laer wees as die nominalistiese wins. Die rede hiervoor is dat die koste hoër is by die vervangingswaarde, wat op sy beurt die koste van verkopesyfer verhoog en dus die wins verlaag. Dit het tot gevolg dat vakbonde, werknemers, aandeelhouders of eienaars en die verbruikers nie mislei word deur 'n hoë winssyfer nie. Die wins bereken volgens vervangingswaarde, plaas 'n demper op inflasie deurdat die spiraal-effek uit inflasie geneem word.

(e) Invloed op oornames

Ten tye van algemene pryspeilverhogings is oornames van een onderneming deur 'n ander aan die orde van die dag. Die rede hiervoor is die onderwaardering van die bates van 'n onderneming wat 'n oorname 'n ekonomies winsgewende transaksie vir ander ondernemings maak.

Indien die finansiële jaarstate van ondernemings op ekonomiese of huidige waardes gebaseer is, sal oornames teen huidige ekonomiese waardes kan geskied, sonder aansuiwering van die waardes van bates.

Uit die voorafgaande voordele van die vervangingswaarde kan die volgende afleidings gemaak word: (Vergelyk Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.56).

- (i) Die uitgaafprys bied 'n ondeugdelike grondslag vir die vasstelling van die kosprys.
- (ii) Die kosprys bereken op die uitgaafprys bied geen steun aan die produsent vir die kritiese beoordeling van die opbrengspryse op die verkoopmark nie.
- (iii) Die historiese gegewens is ongeskik om as riggsnoer te dien vir die vasstelling van die aanbiedingsprys.

Om tot objektiewe gevolgtrekkings te kan kom, moet die nadele verbonde aan die vervangingswaarde ook onder oë geneem word.

4.4 NADELE VERBONDE AAN DIE VERVANGINGSWAARDE

Die kritici van die vervangingswaarde en voorstanders van die nominalistiese koste en winsbepaling noem die volgende as beperkings of nadele verbonde aan die vervangingswaarde:

(a) Voorsiening vir depresiasie

Daar word beweer (vergelyk Batty, op. cit., p.63) dat die vervangingswaarde as basis vir die bepaling van die voorsiening vir depresiasie nie gebruik kan word nie, omrede indien pryse begin daal, sakemanne poog om die depresiasie teen 'n hoër koers af te skryf as wat die vervangingswaarde as basis toelaat, of dat hulle groter reserwes wil skep om verliese in die waarde van vaste bates te neutraliseer.

Daar is egter drie argumente wat voorafge-noemde weerlê naamlik:

- (i) Indien pryse daal is ondernemings nie in staat om addisionele voorsiening vir depresiasie te maak of om reserwes uit winste te skep nie aangesien winste dan ook daal.
- (ii) Indien die vervangingswaarde as basis gedien het toe prysstygings voorgekom het, sal daar minder van die bate se waarde oor wees wat afgeskryf moet word ten tye van prysdalings. Daar sal dus met die vervangingswaarde as basis steeds minder afgeskryf word om voorsiening vir die vervanging van die

bate aan die einde van sy leeftyd te maak.

- (iii) Indien die depresiasie volgens die vervangingswaarde laer is in 'n mark met dalende pryse as in 'n mark met stygende pryse, sal dit blyk dat die produksie winsgewender is as wanneer historiese koste as basis gebruik is vir die voorsiening vir depresiasie. Dit sal groei stimuleer en dus die daling in pryse stopsit.

Voorstanders van die nominalistiese koste en winsbepaling redeneer dat die depresiasie-afskrywing die herwinning van die oorspronklike koste van 'n bate verteenwoordig. Die historiese kosprys van 'n bate is slegs van belang wanneer die bate aangeskaf word. Daarna moet daar gepoog word om die koste verbonde aan die bate as duursame produksiemiddel, van die produksie te verhaal, om sodoende altyd in produksie te kan bly.

- (b) Vooruitskatting van die vervangingswaarde

Die vooruitskatting van die vervangingswaarde is 'n nadeel wat wel grond het aangesien die skatting van die vervangingswaarde

op 'n toekomstige moment moeilik is. Indien vooruitskattings egter onontbeerlik is, sal dieselfde nadeel by enige ander metode ontstaan. Vooruitskattings is gebaseer op die toekoms wat sekere onsekerhede bevat wat geskat moet word. Geen stelsel wat van vooruitskattings gebruik moet maak, kan by die nadeel, dat toekomsverwagtinge moeilik bereken of geskat kan word, verbykom nie. Hierdie nadeel geld vir alle bedryfsrekeningkundestelsels en kan nie alleen ten laste van die vervangingswaarde gelê word nie.

(c) Onaanvaarbaarheid vir belastingdoeleindes

Wanneer vervangingswaarde gebruik word vir koste- en winsbepaling is die wins as gevolg van koste van verkope, voorsiening vir depresiasie en die waarde van bedryfsbates onaanvaarbaar vir belastingdoeleindes. As gevolg hiervan word beweer dat vervangingswaarde onaanvaarbaar is vir koste- en winsbepaling.

Die vraag ontstaan, wat die doel van finansiële jaarstate is. Is dit om die Ontvanger van Binnelandse Inkomste behulpzaam te wees

met die bepaling van die belastingverpligting van 'n onderneming, of moet finansiële jaarstate opgestel word vir bestuur, aandeelhouders of eienaars en krediteure van 'n onderneming.

Die antwoord hierop is dat finansiële jaarstate opgestel word vir die ondernemingsbestuur, aandeelhouders en krediteure. Daar moet eerder verskillende stalle finansiële jaarstate opgestel word in plaas van slegs finansiële jaarstate vir belastingdoeleindes. Indien die hoofdoel van finansiële jaarstate uit die oog verloor word, sal daardie geen wins en dus ook geen belastingverpligting wees nie.

Els (op. cit., p.329) stel die volgende as oplossing:

"The Commissioner of Inland Revenue will have to be satisfied as to the acceptability of the theory (vervangingswaardeteorie), otherwise unnecessary expenses will result in the duplication of record keeping to satisfy the requirements of the Commissioner and those of the auditors who have to verify the accounts in the

interest of the shareholder and the
Income Tax authorities."

Hierdie is die tradisionele rekenmeesters siening wat slegs belangstel in die finansiële jaarstate, om eerstens aan die vereistes van die Ontvanger van Inkomste te voldoen en daarna die behoeftes van bestuurt en opsigte van finansiële jaarstate te bevredig.

Indien die vervangingswaarde in 'n onderneming toegepas word vir bepaling van die koste van verkope en wins van 'n onderneming ten tye van prysstygings, sal die wins van die onderneming laer wees, as wat die geval sou gewees het indien van historiese koste gebruik gemaak word.

Belasting vir die staat en provinsiale owerhede sal as gevolg hiervan ook laer wees wat beteken dat meer koopkrag van ondernemings uitgaan wat hoofsaaklik in verhoogde produksie belê word. Aan die anderkant, besit die staat as gevolg van verminderde belasting, minder fondse wat in nie-produksiegoedere belê kan word. Die gebruik van die vervangingswaarde vir koste- en wins-

bepaling sal dan 'n teenvoeter vir inflasie wees.

Indien ondernemings belasting betaal op wins wat bereken is op historiese koste, betaal ondernemings eintlik 'n heffing op inkomste wat nog nie verkry is nie, of hulle betaal belasting op kapitaal belê.

Ankum, L.A. (op. cit., p.255) stel dat belastingheffing op substansialistiese basis kan bydra tot matiging van die konjunktuursskommeling, indien die fiskale toepassing daartoe sou lei dat die rentabiliteitsbepaling van ondernemings korrek beoordeel word.

Die sienswyse dat die historiese kosprys die grondslag vorm vir die winsbepaling gaan alleen op by insidentele ruil (dit is die ruil van goedere wat nie vervang hoef te word nie (vergelyk Van der Schroeff, op. cit., p.12)).

(d) Informasie is meer gekompliseerd

Indien die vervangingswaarde gebruik word vir die aanbieding van informasie, word beweer dat dit die informasie wat aan bestuur

voorgelê word meer gekompliseerd maak.

Ander stelsels soos begrotingskontrole en standaardkoste word met groot sukses in ondernemings toegepas, hoekom nie ook vervangingswaarde nie. Dit sal meebring dat bestuur hulleself meer op hoogte sal moet hou van nuwere verwikkelinge op die gebied van die bedryfsrekeningkunde.

(e) Die voorstelling van wins en kapitaal volgens die vervangingswaarde

Kritiek teen die vervangingswaardeleer van Limperg en sy volgelinge, was hoofsaaklik gemik teen die winsbepaling en balansstaat=aanbieding volgens die vervangingswaardeleer wat volgens die kritici nie die gewenste informasie verstrek nie.

R. Burgert ("Bedrijfseconomisch aanvaarbare grondslagen voor de gepubliceerde jaarrekening", Accountantsdag 1967, in De Accountant, 74 Jaargang, Februarie 1968, Nommer 9, p.502) stel in die plek van die Amsterdamse winsbepaling drie funksies van gepubliseerde finansiële jaarstate naamlik:

- (i) Die finansiële jaarstate bepaal die bedrag wat vir uitkering beskikbaar is.
- (ii) Bestuur doen deur middel van die finansiële jaarstate verantwoording oor hulle werksaamhede gedurende die rekenpligtige periode.
- (iii) Die beskikbaarstelling van informasie aan belanghebbendes.

In navolging van die idees van Edwards en Bell (ibid.), gaan Burgert ook uit van die standpunt dat die tweede funksie so goed moontlik vervul moet word, terwyl die eerste funksie in aansluiting by die tweede funksie tot sy reg kom deur die toevoeging van 'n afsonderlike beleidsafdeling. Deur eers die vermoënstoename aan te dui word die tweede en derde funksies van die finansiële jaarstate op 'n bevredigende wyse vervul. Dit staan elke ondernemingsbestuur dan vry om te kies van watter instandhoudingsdoelstelling ten opsigte van winsbepaling hulle gebruik wil maak.

Burgert beweeg dus weg van die instandhoudingsdoelstelling in sy winsbepaling om die

winsbepaling so objektief moontlik te hou. Ongelukkig verloor hy uit die oog dat die nominalistiese winsbepaling nie so objektief is as wat algemeen aanvaar word nie. Hamman, W.D. (Proefskrif, op. cit., p.156) noem die volgende as voorbeelde van subjektiewe winsbepaling onder 'n nominalistiese stelsel:

- (i) Bepaling van die ekonomiese leeftyd van bates om daarvolgens depresiasie te bereken.
- (ii) Waardasie van voorraad volgens L.I.F.O., F.I.F.O. en laagste van koste of markwaarde.
- (iii) Voorsiening vir en afskryf van slegte skulde.
- (iv) Bepaling van klandisiewaarde asook die afskryf daarvan.
- (v) Waardasie van patente en handelsmerke.
- (vi) Waardasie van onvoltooide goedere.

Enige koste- en winsbepalingstelsel sal nie 100% objektief kan geskied nie, maar dit is

darem in meeste gevalle nie heeltemal so willekeurig en subjektief soos somtyds beweer word nie.

(f) Kritiek teen die kostebepaling volgens die vervangingswaarde

Die belangrikste kritiek teen die kostebepaling volgens die vervangingswaarde het gekom van H.C. van Straaten (Inhoud en grenzen van het winstbegrip, H.E. Stenfert-Kroese, N.V.-Leiden, 1957).

Van Straaten lê klem op die kostemoment aan die begin van die produksiesiklus, dit wil sê, by die investering of op die tydstip waarop ongedifferensieerde koopkrag vasgelê word in produksiemiddele. Hy verwerp dus die moment van ruil as kritiese moment vir die bepaling van offers. Van Straaten verwerp ook die kostemoment aan die einde van die produksiesiklus, omrede die hele voor-fase (voorraadresultate) buite die winsbepaling gehou word.

Hy gaan dus geheel en al uit van die historiese kostemoment en verwerp die moment van die ruil soos voorgestaan deur die Amsterdamse skool.

Ten opsigte van die waardering van voorrademateriaal, -onvoltooide-goedere en -duursame produksiemiddele wil Van Straaten eerder gebruik maak van 'n versigtige waardering, deurdat hy die verwagtinge nie te hoog wil stel nie. Hy verwerp dus die opbrengswaarde as korrekte waarderingsgrondslag vir voorrade. Slegs waar 'n opbrengs verwag word wat ten minste die vervangingswaarde dek, het die opbrengs as waarderingsgrondslag volgens Van Straaten reg van bestaan.

Van Straaten verwerp ook die begrip ekonomiese vervanging vir die bepaling van die vervangingswaarde, op grond daarvan dat die begrip ekonomiese vervanging 'n afgeleide vervanging is, en nie soos byvoorbeeld J.L. Meij ekonomiese vervanging sien nie, naamlik as 'n vervanging van sodanige goedere, in sodanige hoeveelhede, dat die inkome gehandhaaf word nie. (Vergelyk Van Straaten, op. cit., p.121).

Volgens Van Straaten bepaal die verhouding opbrengs en vervangingsoffers nie die rasionaliteit van die ruil nie, maar wel die opbrengs afgeweg teen die alternatiewe op-

brengsmoontlikhede. Hieruit maak hy dan die foutiewe afleiding dat dit nie korrek is om die offers van die ruil volgens vervangingswaarde te bepaal nie.

Hy kom egter tot die slotsom dat die kennis van die grootte van die vervangingsoffer vir die produsent wel betekenis het naamlik om as riglyn te dien vir die vraag na die rasionaliteit van die vervanging self. Hy sien dan ook die kosprysbepaling primêr as rigsnoer vir die handhawing van die onderneming in konkrete sin.

5.	VERGELYKING VAN DIE VERVANGINGSWAARDE= STELSEL MET ANDER STELSLS	
5.1	INLEIDING	209
5.2	VERGELYKING VAN DIE VERVANGINGSWAARDE= STELSEL MET ANDER STELSLS EN TEGNIEKE	215
a.	Historiese koste.	215
b.	Die teorie van die ystervoorraad.	221
c.	Die vervangingskoopstelsel.	228
d.	Die laaste-in-eerste-uit-metode.	231
e.	Rekeningkundige metodes vir inflasie.	234
f.	Standaardkoste.	237
g.	Begrotings.	254

5. VERGELYKING VAN DIE VERVANGINGSWAARDESTELSEL MET ANDER STELSLS

5.1 INLEIDING

Voordat daar oorgegaan kan word tot 'n stelsel=analise, is dit vooraf nodig om te onderskei tussen 'n metode, 'n tegniek en 'n stelsel.

Volgens Stoker (vergelyk Stoker, H.G. : Beginnels en metodes in die wetenskap. Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1967, p.49 en 50) is 'n metode 'n handelswyse of werkswyse, en die gebruik van metodes word slegs by verantwoordelike, doelstel=lende en doelverwesenlike handelinge van die mens aangetref, dit wil sê, 'n metode is hoe iemand te werk gaan om 'n gestelde doel te ver=wesenlik of 'n bepaalde resultaat te verkry, deur die gebruikmaking van wat tot sy beskikking is. Waar 'n resultaat dus lukraak verkry word, is daar geen sprake van 'n metode nie.

'n Bedryfsrekeningkundige metode is 'n handels=wyse of werkswyse waarvolgens die koste van pro=duksie versamel en aangebied word. Daar bestaan twee basiese metodes waarvolgens koste bepaal word naamlik, taakkoste en eenheidskoste. Op hierdie twee basiese metodes bestaan daar sekere variasies of afwykings om aan te pas by die

verskillende tipes produksieprosedures naamlik:

- (i) Vervaardigingskoste - word veral gebruik by massaproduksie.
- (ii) Kontrakkoste - word gebruik by groot werke waarvoor getender word, en waar die produkte dus nie gelyksoortig is nie.
- (iii) Groepkoste - waar 'n aantal produkte as 'n taak behandel word.
- (iv) Proseskoste - waar die produksieproses aaneenlopend geskied.

Die keuse van 'n bedryfsrekeningkundigemetode word beïnvloed deur die aard van die koste-eenheid. (Vergelyk Harper, W.M. : Management accounting, Macdonald and Evans Ltd., London, 1969, p.25).

'n Tegniek daarenteen, is volgens Stoker (vergeelyk Stoker, H.G., op. cit., p.51) metodes wat ontwikkel namate die mens ontwikkel en daarom ook al hoe meer tegnies van aard is. Veral wetenskaplike metodes is tegnies van aard en word tegnieke genoem.

'n Bedryfsrekeningkundige tegniek is dus 'n metode wat tegnies van aard is, en word beïnvloed deur die doel waarvoor bedryfsrekeningkundige informasie benodig word. Bedryfsrekeningkundige informasie word vir verskillende doeleindes benodig soos vir besluitneming, kontrole, vooruitskatting, evaluering van werkverrigting en winsbepaling. (Vergelyk Harper, W.M., op. cit., p.25). Die tegnieke waarvan gebruik gemaak word om hierdie informasie te voorsien is absorpsiekoste, marginale koste, standaardkoste, begrotingskontrole, gelykbreekingsanalise en kontantvloei.

'n Stelsel is weer 'n aantal prosedures wat geïntegreer word, terwyl 'n prosedure gedefinieer kan word as 'n formele en georganiseerde handeling om 'n sekere taak uit te voer. Binne 'n stelsel kan gebruik gemaak word van verskillende tegnieke. 'n Stelsel is dus die breë begrip terwyl 'n tegniek 'n onderafdeling van 'n stelsel vorm.

In hierdie hoofstuk sal tegnieke sowel as stelsels geëvalueer word om die geskikte tegniek of tegnieke en stelsel te bepaal vir die probleem soos gestel in die probleemstelling naamlik om 'n bedryfsrekeningkundige stelsel of tegniek te

verkry wat in tye van inflasie of deflasie die ware koste van 'n produk en 'n ware wins of verlies van 'n onderneming sal aantoon.

Daar bestaan egter heelwat tegnieke in die literatuur en praktyk en elke tegniek word toegepas vir 'n bepaalde probleem wat binne die onderneming ontstaan. Die bedryfsrekeningkundige stelsel wat in 'n onderneming funksioneer moet van so 'n aard wees dat dit besonderhede kan verskaf vir die gebruik in 'n bedryfsrekeningkundige tegniek om sodoende die probleem op te los.

Die belangrikste oogmerk van 'n bedryfsrekeningkundige stelsel moet wees om die optimum doeltreffendheid van 'n onderneming te bewerkstellig. Om hierdie oogmerk te bereik, moet 'n bedryfsrekeningkundige stelsel die volgende doelstellings nastreef:

- (i) Om die ekonomiese gebruik van beskikbare bronne te verbeter - dit word verkry deur beplanning, beheer, koördinasie en kontrole.
- (ii) Om aan bestuur gegewens te voorsien wat bruikbaar, akkuraat en op datum is.

- (iii) Om prosedures te standaardiseer en te vereenvoudig om sodoende koste te verminder.

Om 'n bedryfsrekeningkundige stelsel te kan evalueer, moet daar eers vooraf sekere kriteria gestel word waarvolgens 'n goeie bedryfsrekeningkundige stelsel geëvalueer kan word naamlik:

- (i) 'n Goeie bedryfsrekeningkundige stelsel voorsien akkurate gegewens asook gegewens wat op datum is, teen die laags moontlike koste.
- (ii) Stelsels moet ontwerp word om aan die behoeftes van die ondernemings bestuur te voldoen, sowel as om die uitsonderingsbeginsel te implementeer.
- (iii) Stelsel moet in ooreenstemming wees met die ondernemingsbeleid.
- (iv) 'n Stelsel moet eenvoudig en prakties toepasbaar wees.
- (v) 'n Stelsel moet buigbaar wees sodat dit kan aanpas by veranderde omstandighede.

- (vi) 'n Stelsel moet met die minimum papier=
werk en administratiewe koste gepaard
gaan.
- (vii) 'n Kontrole meganisme sowel as terug=
voering van werkverrigting moet inge=
bou wees in 'n bedryfsrekeningkundige
stelsel.
- (viii) Gegewens moet aangeteken word by hulle
ontstaan, of so na as moontlik aan
hulle ontstaan, om die oorskryf van
besonderhede uit te skakel of tot 'n
minimum te beperk.
- (ix) Om sy oogmerk te bereik moet 'n bedryfs=
rekeningkundige stelsel geformuleer
word op basis van akkurate gegewens.
(Vergelyk Kelly, W.F. : Management
through systems and procedures. John
Wiley and Sons, New York, 1969, p.125).

In die vorige hoofstukke is die vervangingswaarde=
stelsel breedvoerig uiteengesit en bespreek. In
hierdie hoofstuk sal die vervangingswaardestelsel
met ander bedryfsrekeningkundige stelsels en
tegnieke vergelyk word.

5.2 VERGELYKING VAN DIE VERVANGINGSWAARDESTELSEL MET ANDER STELSELS EN TEGNIEKE

Die vervangingswaardestelsel maak gebruik van verskillende tegnieke om sy oogmerke te bereik soos byvoorbeeld, die waardering van voorraad, die bepaling van koste en wins asook die bepaling van die batewaardes vir balansstaat en vergelykingsdoeleindes. Die hoofdoel van die verskillende stelsels verskil, maar die tegnieke waarvan in die verskillende stelsels gebruik gemaak word besit dieselfde probleem om op te los. Hierdie gesamentlike probleem is die bepaling van die kosprys van 'n produk om die ondernemingswins ten tye van prysstygings en prysdalings te bepaal.

(a) Historiese koste

Historiese koste is nie 'n bedryfsrekeningkundige stelsel of tegniek nie, maar alle stelsels of tegnieke wat gebruik maak van historiese koste word gegroepeer onder historiese koste, tegnieke of stelsels.

Onder historiese koste word verstaan die koste wat in die verlede aangegaan is, dit wil sê, wanneer die produksiemiddele aangeskaf is, of wanneer die prys van die produk bepaal word. (Vergelyk Bakker, O., Deel III, op. cit., p.111). Historiese koste word

ook genoem werklike koste of "actual costs". (Vergelyk Crowningshield, G.R. : Cost accounting : Principles and managerial applications. Houghton Mifflin Co., Boston, 1962, p.13).

Historiese koste besit heelwat tekortkominge naamlik:

- (i) Historiese koste voorsien geen basis waarvolgens die werkverrigting van 'n onderneming gemeet kan word nie.
- (ii) Historiese koste is beskikbaar wanneer dit te laat is om regstellings aan te bring om die koste te verminder - die skade is dus reeds gedoen.
- .
- (iii) Historiese koste dien ook nie as basis vir kosprysbepaling en verkoopsprysbepaling nie, aangesien die historiese koste eers beskikbaar is wanneer 'n deel van die produksie reeds verkoop behoort te wees. (Vergelyk Crowningshield, op. cit., p.258 en 259).

Historiese koste voorsien in 'n noodsaaklike behoefte aangesien elke onderneming wil weet

wat gebeur het. Historiese koste is ook gebaseer op akkurate gegewens en gaan met 'n minimum papierwerk en administratiewe koste gepaard.

Daar is gepoog om die nadele verbonde aan historiese koste tot 'n minimum te beperk deur die bepaling van voorafbepaalde koste wat as vergelykingsbasis dien tussen historiese- en voorafbepaalde koste. Voorafbepaalde koste word verkry deur gebruikmaking van 'n begrotingstelsel.

Historiese koste en vervangingswaarde verteenwoordig verskillende sieninge om werkverrigting binne die onderneming te meet. Die interpretasie en bruikbaarheid van historiese kostesifers in die balansstaat van 'n onderneming word betwyfel ten tye van prysstygings of prysdalings. Die saldo's in die balansstaat verteenwoordig nie die bedrae wat die onderneming kan verkry indien hy sy bates realiseer nie, en is nie 'n ware en getroue weergawe van die posisie van die onderneming nie. Die balansstaatsifers verteenwoordig ook nie die winsmoontlikheid van die bates van 'n onderneming nie, en besit 'n balansstaatanalise gebaseer op

historiese koste, gevolglik geen waarde in tye van inflasie of deflasie nie.

Die winssyfer wat in die inkomstestaat van 'n onderneming verkry word, en wat gebaseer is op historiese koste kan misleidend wees. In tye van inflasie en ander pryspeilverandering sal 'n gedeelte van die wins wat bereken is volgens historiese koste opsygesit moet word vir herbelegging in die onderneming om sy aktiwiteite of produksiekapasiteit op dieselfde peil te handhaaf as aan die begin van die periode waarvoor wins bepaal is. In tye van deflasie en ander prysdalings daarenteen, sal die winssyfer weer te laag wees. Die redes vir die foutiewe winssyfer is die verhoogde afskrywing op bates in tye van inflasie en ander pryspeilverandering en die verminderde afskrywing op bates ten tye van deflasie en ander prysdalings, wat 'n noodsaaklikheid is om die produksievermoë van die onderneming te handhaaf. Die koste verbonde aan die vergoeding van al die ander produksiemiddele sal in tye van inflasie/deflasie ver van die ekonomiese koste af wees.

Die winssyfer gebaseer op historiese koste sal 'n onbevredigende basis verskaf vir die

dividend beleid van die onderneming en sal die likiditeits- sowel as solvabiliteits= posisie van die onderneming nadelig beïnvloed.

"With high rates of inflation and traditional accounting methods based on historical costs, companies show fictitious profits. Plant and machinery is written off on the basis of original cost even although the replacement cost is many times greater. Trading profits are calculated on the basis of historical cost and selling price, despite escalations of replacement costs."
(Vergelyk Knox, Joan : How to live with inflation; in Supplement to Barclays National Review, December 1974, p.14).

'n Aantal eksterne verslagdoeningsmodelle is egter by historiese koste geïnkorporeer om sodoende die meeste nadele van historiese koste te bowe te kom naamlik:

(1) Edwards en Bell (vergelijk Edwards, E.O. en Bell, P.W. : The theory and measurement of business income, The University of California Press, Los Angeles, 1961) het 'n

stelsel voorgestel waarvolgens die waarde van bates getoon word volgens hul huidige vervangingskoste.

(ii) Hälbich en Van Eck (vergelyk Hälbich, H.W.W. en Van Eck, E.A. : "The effect of inflation on the earnings of listed South African companies", in "The South African Chartered Accountant, January 1975, p.14) het die CPP (Current Purchasing Power) metode gebruik in 'n poging om die effek van inflasie op die finale syfers van 'n onderneming aan te toon. Hierdie metode van Hälbich en Van Eck is gebaseer op die Cutler en Westwiche model, en slegs 'n paar veranderinge is aan hierdie model aangebring. Die model van Cutler en Westwick (vergelyk Cutler, R.S. en Westwick, C.A. : "The impact of inflation accounting on the stock market, Accountancy, March 1973) word opgestel vanaf gegewens wat in die jaarverslag van 'n onderneming verskyn en word daar dus gebruik gemaak van beramings ten opsigte van die gemiddelde ouderdom van vaste bates en die gemiddelde aanskafdatums van begin- en eindvoorrade.

Die probleme by die Hälbich/Van Eck en Cutler en Westwick modelle is dat die fiskus die

voorraadwins kan belas, terwyl hy die addisionele depresiasie-afskrywing nie as 'n aftrekking kan toelaat nie. Hierdie belasting aspek kan die likiditeits- en solvabiliteitsposisie van ondernemings nadelig beïnvloed in tye van prysstygings. Vir 'n uitgewerkte voorbeeld van die Hälbich/Van Eckmodel raadpleeg aanhangsel A1.

(iii) Koppeling met indeksyfers

Hierdie metode maak 'n aansuiwering ten opsigte van historiese koste deur gebruikmaking van een of ander indeks. Dit beteken dat die huidige monetêre eenheid as maatstaf gebruik word, en slegs aangepas word vir veranderinge in koopkrag deur middel van 'n indeks. (Vergelyk Knox, J. : "How to live with inflation": in Barclays National Review; "Looks at inflation", Supplement to Barclays National Review, Desember 1974, p.12).

(b) Die teorie van die ystervoorraad

Die ystervoorraadteorie het sy ontstaan te danke aan Volmer in Nederland en Schmalenbach in Duitsland. (Vergelyk Bakker, O. : Deel III, op. cit., p.66).

Volmer en Schmalenbach gaan uit van die

standpunt dat die onderneming nie sonder 'n sekere hoeveelheid voorraad sy produksie kan handhaaf nie. Vir die onderneming is die hou van voorraad 'n voorvereiste vir reëlmatige of ekonomiese produksie. Daar bestaan dus in enige onderneming 'n sekere hoeveelheid voorraad waarsonder die onderneming nie sy produksievolume kan handhaaf nie. Hierdie minimum of buffervoorraad word die ystervoorraad genoem. Die verandering in dié waarde van die ystervoorraad mag nie winste of verliese vir die onderneming veroorsaak nie. Die ystervoorraad bly ook van jaar tot jaar dieselfde, tensy daar 'n doelbewuste toe- of afname in produksievolume nagestreef word. In hierdie gevalle word die ystervoorraad aangepas by die veranderde produksiebehoeftes en die daarmee gepaardgaande voorraadbehoeftes.

'n Vermeerdering in die hoeveelheid ystervoorraad word bereken teen 'n prys wat bepaal word op die aankoopdatum van die verhoogde voorraad. By 'n vermindering in die hoeveelheid ystervoorraad vind daar geen prysaanpassing plaas nie. Al wat gebeur is die realisering van 'n wins sodra die voorrade verkoop word, hetsy deur direkte verkoop of deur indirekte verkoop. Onder in=

direkte verkoop word verstaan die verkoop van voorrade deur middel van 'n voltooide produk wat uit die voorraad vervaardig is. Onder direkte verkoop word verstaan die verkoop van die voorrade sonder verdere verwerking.

Die prys waarteen die ystervoorraad gewaardeer word is die historiese kosprys en die voorraadwaarde wat in die balansstaat opgeneem word, sal dus van jaar tot jaar dieselfde bly met geen invloed op die wins of verlies van die onderneming nie.

Schmalenbach huldig die standpunt dat die dinamiese balansstaat geen vermoënsstaat is nie maar slegs 'n tweede berekening van die wins. (Vergelyk Meij, J.L. : Leerboek der bedrijfseconomie, negende druk, Deel I; G. Delwel, Den Haag, 1960, p.308). Dit verklaar ook die feit dat geen wins of verlies op die ystervoorraad aangeteken word nie.

Die ystervoorraad veronderstel nie dat die tegniese voorrade altyd identies aanwesig moet wees nie. Die ystervoorraad bly ekonomies dieselfde voorraad, dit wil sê, die

ystervoorraad kan telkens uit nuwe voorrade opgebou word. Hier word veral gedink aan voorrade bederfbare produkte of voorrade wat onderhewig is aan verdamping. Die afwyking tussen ystervoorraad en werklike voorraad moet afsonderlik gewaardeer word. Indien die werklike voorraad laer is as die yster=voorraad, ontstaan daar 'n tekort. Indien die werklike voorraad meer is as die yster=voorraad ontstaan daar 'n surplus.

Soos reeds genoem, is die prys waarteen die ystervoorraad getoon word, volgens Schmalenbach, nie van belang nie, aangesien die balansstaat volgens hom slegs vir winsbepaling gebruik word. Schmalenbach maak egter voorsiening vir 'n daling in die markprys. Die verlies wat volgens hom gely word as gevolg van die afwaardering van pryse is 'n afsonderlike verlies en moet in die inkomstestaat aangetoon word. By 'n styging in die markprys van voorrade word die historiese koste steeds as basis gebruik vir die waardering van voorraad. Die ystervoorraadstelsel gaan dus uit van die standpunt dat die laagste van historiese koste of markprys as basis geld vir die waardering van die ystervoorraad.

Die voorraadtekort wat ontstaan deurdat die werklike voorraad minder is as die yster= voorraad word gewaardeer teen vervangings= waarde op die balansstaatdatum terwyl die surplus voorraad gewaardeer word teen die prys van die aankope wat die werklike voorraad bo die ystervoorraad laat styg het. (Vergelyk Bakker, O., Deel III, op. cit., p.83-86). Vir die bepaling van die eindvoorraad volgens die ystervoorraad= metode onder die verskillende omstandighede, raadpleeg aanhangsel A2.

Die ystervoorraadteorie sowel as die ver= vangingswaardeteorie beskou die waardever= anderings in die ystervoorraad nie as wins nie.

Hamman (vergelyk Hamman, W.D., Proefskrif, op. cit., p.48) skenk aandag aan die kwali= tatiewe afwykings van die ystervoorraad naamlik:

- (1) Waar die ystervoorraad kwalitatief on= veranderd bly, maar waar daar weens beskadiging, verandering of weens smaakveranderings minderwaardige ar= tikels voor hande is, en

(ii) waar die ystervoorraad self kwalitatiewe veranderings ondergaan.

Wat (i) betref sê Hamman dat sulke "beskdigde" goedere nie deel van die ystervoorraad of gebonde voorraad uitmaak nie, daarom word hulle waarde bepaal volgens hulle markwaarde. Hiermee moet met hom saamgestem word, maar die behandeling van die verskil tussen die markwaarde van hierdie voorrade en hul vervangingswaarde moet in ag geneem word naamlik, as 'n afskrywing teen die wins van die periode, of as 'n verhoging van die produksiekoste, dit wil sê, van die produkte reeds vervaardig of verkoop. Hierdie verlies kan of teen die inkomstestaat geboek word, of daar kan deur middel van bokoste voorsiening hiervoor gemaak word in die voorafbepaalde bokostekoers.

Wat (ii) betref, bestaan daar geen probleem nie, aangesien die kwaliteitsverandering ten opsigte van grondstowwe feitlik afwesig is, en indien dit wel aanwesig is, dit geen wesenlike invloed op die prys van voorrade en dus op die voorraadwaarde sal uitoefen nie. Ten opsigte van die toepassing van die ystervoorraadteorie op die voorraad duursame

produksiemiddele, kan egter nie saamgestem word nie. By duursame produksiemiddele is heelwat faktore soos oorkapasiteit, slytasie ensovoorts, aanwesig om die ystervoorraad=teorie eniginsins van waarde te laat wees indien dit toegepas word op die voorrade duursame produksiemiddele.

Volgens die voorstanders van die ystervoorraad=teorie moet die verskil tussen die werklike voorraad en die ystervoorraad dadelik aangevul word. Volgens berekening van die waarde van die eindvoorraad waar die werklike voorraad minder is as die ystervoorraad, word die waarde van die eindvoorraad verminder met die vervangings=waarde van die voorraadverskil tussen die ystervoorraad en die werklike voorraad. Hierdie handelswyse is dieselfde as die in aanhangsel 2(ii) gebruik.

'n Vermindering in die waarde van eindvoorraad is dieselfde as 'n vermindering van die wins. Schmalenbach wat die balansstaat as winsbepalingsbalansstaat gebruik, maak gebruik van die vermindering van die waarde van eindvoorraad vir sy winsbepalingsdoel=eindes, wat niks anders is as om die verskil as 'n verlies aan te merk nie.

Die doel van die ystervoorraadteorie is om skynwinste gedurende 'n tydperk van inflasie en ander pryspeilveranderinge buite rekening te laat. In hierdie doel word nie heeltemal geslaag nie, veral as gelet word op die beperkte praktiese toepassing van hierdie teorie.

(c) Die vervangingskoopstelsel

Die grondlegger van die vervangingskoopstelsel is die Nederlander, N.J. Polak. Net soos Schmalenbach huldig ook Polak die siening dat die balansstaat as winsbalansstaat beskou moet word.

Polak verskil van Schmalenbach in dié sin dat die balansstaat, volgens Polak, nie net winsbalansstaat is nie, maar ook winsverdelingsbalansstaat. Die doel met die vervangingskoopstelsel is om die materiële bates van 'n onderneming in stand te hou. Vir 'n bate om te kwalifiseer vir verskyning in die winsverdelingsbalansstaat moet so 'n bate nou en in die toekoms oorbodig wees om die produksiekapasiteit van die onderneming op dieselfde vlak te hou. (Vergelyk Bakker, O. : Deel III, op. cit., p.121). Voordat die bates van 'n onderneming dus uitgekeer word

in die vorm van wins, moet so 'n bate eers sy ekonomiese voordeel vir die onderneming verloor.

Die vervangingskoopstelsel gaan uit van die standpunt dat daar 'n verband tussen die verkoopte goedere en die goedere wat nog vervang moet word bestaan. Wins, volgens die vervangingskoopstelsel, word dus bepaal deur die verskil tussen verkope en die koste van die vervangende inkope. Die wins kan egter per transaksie of vir 'n aantal transaksies in totaal bepaal word.

Die berekening van die kosprys van 'n produk ten opsigte van sy materiaalkoste kan soos volg geïllustreer word:

VOORBEELD

VOORRAADGROOTBOEKKAART VOLGENS VERVANGINGSKOOP=STELSEL

DATUM	ONTVANGSTES	UITREIKINGS	SALDO
Jan. 1			<u>100 @ R1</u>
10	200 @ R2		100 @ R1
			<u>200 @ R2</u>
12		100 @ R3	100 @ R1
			<u>100 @ R2</u>
15	100 @ R3		100 @ R1
			100 @ R2
			<u>100 @ R3</u>
18		200 @ R4	<u>100 @ R1</u>

VOORRAADGROOTBOEKKAART VOLGENS L.I.F.O.

DATUM	ONTVANGSTES	UITREIKINGS	SALDO
Jan. 1			<u>100 @ R1</u>
10	200 @ R2		100 @ R1
			<u>200 @ R2</u>
12		100 @ R2	100 @ R1
			<u>100 @ R2</u>
15	100 @ R3		100 @ R1
			100 @ R2
			<u>100 @ R3</u>
18		100 @ R3	
		100 @ R2	<u>100 @ R1</u>

Die vervangingskoopstelsel verskil van die L.I.F.O.-stelsel in dié opsig dat die waarde van uitreikings volgens die vervangingskoopstelsel nader aan die huidige ekonomiese waarde van voorraad is, dit wil sê, teen huidige vervangingswaarde alhoewel vervanging nie noodwendig onmiddellik moet plaasvind nie.

Die nadeel van die vervangingskoopstelsel is dat dit moeilik is om altyd op hoogte te wees van wat die vervangingskoopprys is, op die moment van prysvasstelling, deurdat die vervangingskoopstelsel nie soos die vervangingswaardestelsel uitgaan van die vervanging en daar dus 'n prys bekend is nie.

Die vervangingskoopstelsel van N.J. Polak herinner baie aan die N.I.F.O.-stelsel wat deur J.W. McEachren in die V.S.A. ontwikkel is. (Vergelyk Van der Schroeff, sewende druk, 1970, op. cit., p.164).

(d) Die laaste-in-eerste-uit-metode

Die L.I.F.O.-metode van voorraadwaardering hetsy vir uitreikingsdoeleindes of vir die waardasie van eindvoorraad, het sy ontstaan en ontwikkeling in die V.S.A. gehad, en

staan ook bekend as die vervangingsprys.
(Vergelyk Neuner, J.J.W., op. cit. en
Harper, W.M., op. cit.).

Die L.I.F.O.-metode gebruik die prys van die laaste ontvange voorraad vir die uitreikingsprys van die goedere, dit wil sê, die goedere wat laaste aangekoop is, word weer eerste deur die magasyn uitgereik. Dit is nie die fisiese voorraad wat laaste ontvang is wat weer eerste uitgereik word nie, maar slegs die prys van die laaste aankope word gebruik vir die bedryfsrekeningkundige bepaling van die materiaalkoste wat teen 'n taak, kosteplek of departement geboek word.

Die belangrikste voordele verbonde aan die L.I.F.O.-metode is:

- (a) Dat dit die waarde van uitreikings na aan die huidige ekonomiese of markwaarde hou. Dit veroorsaak dan dat die materiaalkoste van 'n taak naby die huidige of vervangingskoste daarvan is, veral in groot ondernemings waar baie voorraad aangekoop en verbruik word in die produksieproses.

- (b) Dat die waarde van eindvoorraad baie konserwatief is. Eindvoorraad word volgens die L.I.F.O.-metode gewaardeer teen die oudste pryse, dit wil sê, in 'n mark met stygende pryse sal die waarde van eindvoorraad laag wees in vergelyking met die vervangingswaarde van daardie voorraad. Dit voorkom dat voorraadwinste as dividend uitbetaal word en hou dus die koopkrag van die geld wat in voorraad belê is tot 'n mate dieselfde.

Die L.I.F.O.-metode van voorraadwaardering besit definitiewe voordele vir die kosprysbepaling van 'n produk ten tye van inflasie en ander pryspeilveranderings. Die grootste nadeel verbonde aan die L.I.F.O.-metode is ten opsigte van eindvoorraadwaardering. Ten tye van inflasie waar pryse gedurig styg sal die eindvoorraad te laag gewaardeer word. 'n Oplossing hiervoor is om, soos Hamman (vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif, op. cit., p.38) dit stel, die waardasie van voorrade op die balansstaatdatum na vervangingskoste te verhoog en die surplus wat sodoende ontstaan na 'n kapitaalreserwe te krediteer. So 'n inskrywing het geen invloed op die periodewins nie, en beïnvloed ook

nie die belasbare inkomste nie.

(e) Rekeningkundige metodes vir inflasie
'n Rekeningkundige metode hoef nie ook as
'n bedryfsrekeningkundige metode van waarde
te wees nie. Sekere van die rekeningkundige
metodes (vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif,
op. cit., p.38) bied egter oplossings vir
sommige bedryfsrekeningkundige probleme.
Daarom sal na 'n paar van die belangrikste
rekenkundige metodes kortliks gekyk word.

By die rekeningkundige metodes vir inflasie
word hoofsaaklik aandag geskenk aan die
items in die balansstaat. Die inkomstestaat,
waar die koste van verkope in 'n vervaardi=
gingsonderneming die belangrikste item is,
word grotendeels agterweë gelaat.

(i) Huidige koopkragmetode

Die huidige koopkragmetode het sy ontstaan
hoofsaaklik aan die "Accounting Standards
Steering Committee" te danke wat in 'n kon=
sep-artikel (ED8) 'n standaardmetode daarge=
stel het waardeur die uitwerking van veran=
derings in die koopkrag van geld op die
konvensioneel opgestelde state gemeet kan
word.

Die huidige koopkragmetode poog dus om die historiese geldwaarde uit te druk in terme van huidige koopkrag. Die netto wins word dan bepaal deur die inkomste te neem en dit te verminder met die koste om die koopkrag van die kapitaal konstant te hou. Die bruto wins word bepaal deur die verkope te neem, die historiese koste van verkope daarvan af te trek nadat albei aangesuiwer is vir die veranderinge in die algemene koopkrag. Die aansuiwering na die huidige koopkrag geskied deur middel van een of ander verbruikers=prysindeks.

Die huidige koopkragmetode besit weinig voordeel vir 'n bedryfsrekeningkundige stelsel aangesien dit die historiese koste aansuiwer na huidige koopkrag wanneer produkte reeds verkoop is. Om dus van indeksyfers gebruik te maak om die historiese koste aan te suiwer na vervangingskoste of na huidige koopkrag, geskied te laat om van enige bedryfsrekeningkundige betekenis in die kosprysbepalingsmetode te wees.

(ii) Vervangingskostemetode

Volgens die vervangingskostemetode word die koste bepaal by die moment van ruil en wel

deur die vervangingswaarde van die produk wat by die ruil aangebied word. Hierdie metode bepaal die bruto wins dan as verkope min vervangingskoste van die verkope op datum van verkoop.

Die vervangingskostemetode hou wel voordeel in vir die kosprysbepaling, maar in 'n mark met stygende pryse sal die verkoopspryse van produkte van week tot week wissel. Die bepaling van die vervangingswaarde bring ook heelwat administratiewe koste te weeg om altyd op hoogte van die vervangingswaarde van die produkte te wees.

(iii) Huidige waardeteorie

Die huidige waardeteorie is geen nuwe teorie nie, slegs 'n nuwe benaming vir 'n ou teorie naamlik, die vervangingswaardeteorie of vervangingskostemetode. Die term huidige waarde word verkies bo die term vervangingswaarde as gevolg van 'n misopvatting wat bestaan naamlik, dat vervanging beteken die vervanging van goedere met tegnies identiese goedere. Hamman (vergelyk Hamman, W.D. : Proefskrif, op. cit., p.87) gaan egter nog verder en vervang die terms vervangingswaarde

en huidige waarde met aktuele waarde, dit wil sê, die koste of waarde wat werklik van belang is naamlik, die huidige of vervangings= koste. Met hierdie nuwe term het Hamman die werklike koste in vergelyking gestel met aktuele koste en sodoende die weg gebaan vir verdere denkrigtings in die vervangings= waardeleer. Die term aktuele koste is meer beskrywend as vervangingskoste en heelwat besware teen vervangingswaarde word deur die term aktuele koste uit die weg geruim.

(f) Standaardkoste

Standaardkoste is voorafbepaalde koste en verteenwoordig die bedrae wat koste moet wees, teenoor historiese koste wat aantoon wat die koste was. Voorstanders van die standaard= kostestelsel sien standaardkoste as die werklike koste van produksie-aktiwiteite, terwyl historiese koste die werklike koste plus verliese as gevolg van ondoeltreffend= heid, foutiewe werkverrigting en onvoldoende kontrole aantoon. Vir doeleindes van hierdie studie sal slegs kortliks na die standaard= kostestelsel gekyk word. Die belangstellende word verwys na die twee volledige proefskrif= te oor standaardkoste naamlik, Batty, J. : The application of standard costing as a tool of management in certain British manufacturing

industries, Potchefstroom, 1967, en Els, J.H. : The application of standard costs in certain South African industries, Potchefstroom, 1964.

(i) Die ontstaan en ontwikkeling van
standaardkoste

Baie jare voor die ontstaan van die standaardkostegedagte is daar al geworstel met vervaardigings- en winsprobleme. Kosteberekening is reeds in die jaar 1750 in Engeland aangepak toe ene James Dodson getoon het hoe 'n skoenmaker sy boeke saamgestel het. (Vergelyk Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.14).

Die tydperk 1880 tot 1910 toon 'n geleidelike ontwikkeling van kostebeginsels. Ongeveer 1900 verskyn 'n boek van L.C. Headly (vergeelyk Headly, L.C. : Boot and shoe costings, Gee, London, 1908) waarin hy ses beginsels noem wat in gedagte gehou moet word indien koste gekontroleer wil word naamlik:

- (a) Die koste verbonde aan 'n taak nie die grense van billikheid moet oorskry nie.
- (b) Dat dit nie 'n invloed moet uitoefen op

die werkverrigting van die fabriek of werkswinkel nie.

- (c) Dat dit eenvoudig moet wees.
- (d) Dat dit betroubaar is en die resultate bevestig.
- (e) Dat dit outomaties is en die resultate beskikbaar is soos verlang.
- (f) Dit 'n eenvormige stelsel moet wees wat deurgaans gebruik moet word.

Die eerste kosteberekening uitgangspunt het dus te doen gehad met kontrole.

Gedurende 1912 verskyn 'n boek van Emerson (vergelyk Emerson, H. : Efficiency as a basis for operation and wages, New York, 1912. In Bennett, C.W. : Standard costs - How they serve modern management, Prentice-Hall Inc. Englewood Cliffs, N.J., 1957, p.3) waarin hy sê dat daar twee metodes bestaan waarvolgens koste bepaal kan word naamlik, historiese gegewens, dit wil sê, bepaling van die koste na produksie voltooi is, of om die koste te bepaal voor produksie plaasvind. Hy lewer self kritiek teen die eerste metode. Daar

moet op gelet word dat sy belangstelling in die daarstelling van standarde was, om verspillings te elimineer. Die uitwerking van die standaardkostegedagte deur hom gestel, is eers later in verband gebring met die kosprysprobleem.

Gedurende 1920 het die "Institute of Cost and Works Accountants" die bestaan van standaardkoste erken. (The Cost Accountant - Institute of cost and works accountants, London, Augustus 1923, p.103).

Die periode 1920 tot 1930 word gekenmerk deur 'n klem verskuiwing in die standaardkoste na geskatte koste. Gedurende hierdie periode word aan standaardkoste nog 'n funksie toegevoeg naamlik as maatstaf vir doeltreffendheidsbeoordeling. Die bepaling van variasies of afwykings wat 'n aanduiding is van die doeltreffendheid kom na vore waar die standaardkoste vergelyk word met die werklike koste.

In die boek van Lawrence (vergelyk Lawrence, W.B. : Cost accounting, Prentice Hall, New York, 1926) wat in 1926 verskyn het, word die daarstelling van standaardkoste en die gebruik daarvan oorweeg. Hy tref ook onder=

skeid tussen geskatte koste en die daarstelling van ware standarde.

Die belangstelling in standaardkoste gedurende die periode 1930 tot 1946 het afgeneem, moontlik as gevolg van die depressietoestande wat in die begin van die dertigerjare ondervind is en as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog.

Vanaf 1947 het daar heelwat boeke verskyn wat standaardkoste volledig bespreek het hoewel daar nog heelwat kritiek teen die verskillende definisies van standaardkoste gelewer is.

Gillespie het sy idees van standaardkoste die lig laat sien in twee verskillende boeke naamlik, "Accounting rocedure for standard costs", New York, 1952, en "Cost accounting and control", Englewood Cliffs, 1957. In hierdie twee werke van Gillespie vind ons drie verskillende definisies van standaardkoste naamlik:

- (a) "In general, it may be said that standard costs are scientifically determined costs, often representing a considered judgement of what costs

should be under good performance."
(Vergelyk Gillespie, C. : Cost accounting and control, op. cit., p.377).

- (b) "A standard product cost is a predetermined product cost based upon quantity standards and predetermined prices and rates, called standard prices and rates." (Vergelyk Gillespie, C. : Cost accounting and control, op. cit., p.403).
- (c) "Standard costs, as usually employed are predetermined operation costs computed to reflect specified quantities, prices and level of operation." (Vergelyk Gillespie, C. : Accounting procedure for standard costs, op. cit., p.15).

In kommentaar hierop sê Els (vergelyk Els, J.H. : Proefskrif, op. cit., p.43) tereg dat as een persoon nie eers standaardkoste op verskillende plekke dieselfde kan definieer nie, hoe kan verskillende skrywers dan daaroor saamstem.

Henrici (vergelyk Henrici, C.B. : Standard Costs for manufacturing, Pittsburgh, 1953, p.4) gee 'n ander definisie van standaard=

koste naamlik, "Fundamentally, a standard cost is a bench mark. The amount of variation between the actual cost and this bench mark is an index of waste or, to put it another way, of potential savings. Standard costs foster an optimistic attitude. The state that better performance is attainable. They constantly emphasize what should be. They encourage a striving for perfection."

Hierdie definisie gee slegs 'n beskrywing van die tegniek en gebruik van standaardkos=te asook van die doeleindes van standaardkos=te en lê geen klem op die koste-elemente van kapasiteit, hoeveelheid en tyd nie.

Die volledige definisie van standaardkoste word gevind in die proefskrif van Batty (vergelyk Batty, J. : Proefskrif, op. cit., p.101) naamlik, "Standard costing is a system of cost accounting which is designed to show in detail how much each product should cost to produce and sell when a business is operating at a stated level of efficiency and for a given volume of output. Through carefully planned and organised accounting procedures the differences between actual and standard costs (the cost variances) are

analysed and then promptly reported upon to managers. The latter, in turn, take corrective and preventive action, as well as employing the data for planning, co-ordination and control. An important feature of the system should be the measurement and attainment of a high level of efficiency and a constant review of methods employed in production. When necessary the standard costs should be amended so that they reflect current realistic conditions and practices. A further essential characteristic of a standard costing system is that it should be forward looking and, since it is intended to be a tool of management, the system should be part of a fully co-ordinated management accounting system."

In sy studie oor standaardkoste kom Batty (vergelyk Batty, J., op. cit., p.100) tot die gevolgtrekking dat die belangrikste kenmerke van standaardkoste die volgende is:

- (a) Standaardkoste word voorafbepaal en geïmplementeer.
- (b) Standaardkoste verteenwoordig wat koste moet wees en nie wat dit verwag om te wees nie.

- (c) Verantwoordelikhede word gedefinieer en gereflekteer in die organisasie- en kostestruktuur van die onderneming.
- (d) Variasies - verskille tussen werklike koste en standaardkoste - word geneem as die variasies van die verwagte doeltreffendheidsvlakke.
- (e) Korrektiewe maatreëls word so gou moontlik getref om nadelige tendense stop te sit.
- (f) Die stelsel moet veranderlik wees en moet die standaardkoste toelaat om met gereelde tussenposes aangepas te word.
- (g) Die resultaat van standaardkoste moet hoër doeltreffendheid in bestuursbeplanning, koördinasie en kontrole wees.

Die afgelope aantal jare het heelwat werke die lig gesien wat handel oor standaardkoste en hoewel die definisies vir standaardkoste van skrywer tot skrywer verskil, stem hulle almal ooreen dat die hoofdoel van standaardkoste is, die bepaling van wat koste behoort te wees en nie wat koste verwag is om te wees nie.

(ii) Die bepaling van standaarde

Die ontwikkeling van standaarde is nie slegs die taak van een departement nie. Fisiese standaarde word normaalweg deur die ingeniëursdepartement ontwikkel. Dit is egter die bedryfsrekeningkunde departement se verantwoordelikheid om die taak te voltooi deur aan die fisiese standaard 'n geldwaarde toe te ken.

Volgens Sorgdrager (vergelyk Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.294) moet standaarde gebaseer word op die huidige organisasie van die onderneming en die beskikbare doeltreffendheidsgraad moet gesien word in die lig van die gunstigste proporsionaliteit. Volgens Harper (vergelyk Harper, W.M. : Management accounting, Macdonald and Evans Ltd., London, 1969, p.152) weer moet 'n standaard gebaseer word op 'n versigtige inagneming van alle ekonomiese faktore en pryse van die faktore wat benodig word om een eenheid van 'n produk te vervaardig.

Hierdie twee uitgangspunte is slegs gedeeltelik korrek, hulle laat egter albei die vervangingswaarde, wat die basis van enige berekening moet wees, buite rekening.

Batty (vergelyk Batty, J. : Proefskrif, op. cit., p.155) en Els (vergelyk Els, J.H. : Proefskrif, op. cit., p.327) het in Suid-Afrika baanbrekerswerk gedoen in hierdie opsig deur die vervangingswaarde nie slegs van toepassing te maak op prys en waarde nie maar ook op hoeveelhede en tyd. Albei die skrywers gee aan die vervangingswaarde 'n plek in die standaardkostestelsel deurdat hulle die vervangingswaarde sien as basis vir enige berekening. Hierdie twee skrywers het dus reeds die moontlikheid ingesien om die standaardkoste aan te pas, al was dit nog maar net genoem, om ook toegepas te kan word ten tye van algemene pryspeilveranderinge.

Fremgen weer lê klem op die bepaling van die standaard self. Sy definisie (vergelyk Fremgen, J.M. : Accounting for managerial analysis, Richard D. Irwin, Homewood, Illinois, 1972) van standarde is dat standarde meetbare hoeveelhede is wat bereik moet word in verband met 'n taak of aktiwiteit. Standaardkoste volgens Fremgen is hoeveelhede in verband met eenhede van uitset (produksie) terwyl standarde maatstawwe is in verband met eenhede van inset (materiaal en arbeid).

Die standaard direkte materiaalkoste van 'n produk, sowel as die direkte arbeidskoste van 'n produk word gebaseer op prys- en hoeveelheidstandaarde. Hulle word bereken deur prysstandaarde te vermenigvuldig met hoeveelheidstandaarde.

Die standaard materiaal- en arbeidskoste van 'n produk word gebaseer op prys en hoeveelheidstandaarde. Dit is moontlik aangesien daar 'n funksionele verwantskap bestaan tussen die aantal eenhede geproduseer en die hoeveelheid materiaal en arbeid benodig, en omdat elke materiaal-item sy eie standaardprys besit en elke werker sy standaardloonkoers. So 'n funksionele verwantskap bestaan egter nie tussen die eenhede geproduseer en die totale bokoste nie. Selfs die gedeelte van die bokoste wat direk verander met 'n verandering in die produksievolume kan nie so direk na die produk herlei word soos byvoorbeeld materiaal en arbeid nie. Standaardkoste vir bokoste word om bogenoemde redes gebaseer op begrotings en nie op standaarde nie.

Veranderlike bokoste word voor begroot per eenheid volume gebaseer op die ondervinding uit die verlede, en aangepas by geprojek=

teerde toekomstige veranderde omstandighede. Die begrote veranderlike bokoste per eenheid word dus die standaard veranderlike bokoste= koers.

Vaste bokoste word voor begroot in totaal vir 'n begrotingsperiode of rekenpligtige tyd= perk. Die standaard vaste bokostekoers word dan bereken deur die totale begrote vaste bokoste te deel deur die begrote produksie= volume vir die periode.

Daar bestaan in die literatuur verskeie tipes standaarde waarvan die volgende die belangrikste is: (Vergelyk:

- (i) Sorgdrager, A.J.E., op. cit., p.295.
- (ii) Harper, W.M. : Cost accountancy, op. cit., p.200.
- (iii) Neuner, J.J.W., op. cit., p.598).

(a) Gemiddelde standaardverhoudings - dit is standarde wat gebaseer is op die gemiddelde prestasies of dienste. Hier= die tipe standaard kan nie as basis vir die verkoopprijs dien nie aangesien dit verspillings by die kosprys inreken.

(b) Ideale standarde - dit is standarde wat gebaseer is op perfekte werkverrig=

ting. Geen voorsiening word gemaak vir ondoeltreffendheid en verliese nie. Die standaard gee 'n aanduiding van wat moontlik is indien alle aktiviteite teen 100% doeltreffendheid uitgevoer word. Hierdie standaard is geensins geskik vir kosprysbepaling nie aangesien dit van 'n veronderstelling uitgaan wat nie in die praktyk moontlik is nie.

- (c) Verwagte standarde - dit is standarde gebaseer op verwagte werkverrigting, dit wil sê, die werklike verwagte toekomstige gebeure. Hierdie standaard kan gebruik word vir kosprysbepaling en ook vir verkoopsprysbepaling indien die verkoopsprys gebaseer is op die standaardkosprys.

(iii) Doelstellings van standaardkoste

Die belangrikste doelstellings van standaardkoste is die volgende: (Vergelyk Fremgen, J.M., op. cit., p.136).

- (a) Die bepaling van die kosprys en verkoopsprys.
- (b) As hulpmiddel vir beplanning en kontrole.

(c) As hulpmiddel vir besluitneming.

Die belangrikste doel van standaardkoste is om die koste per eenheid van 'n produk te bepaal. Die werklike kosprys van 'n produk is eers aan die einde van die rekenpligtige tydperk beskikbaar. Hierdie kostebepaling aan die einde van die produksieperiode is van geen waarde vir die vasstelling van die kosprys en ook die verkoopsprys van die produk nie, aangesien dit eers bekend is wanneer 'n groot deel van die produksie reeds verkoop behoort te wees. Hierdie kosprysbepaling staan in die Engel-Saksiese literatuur bekend as na-kalkulasie. Bedryfsrekeningkunde stel belang in wat die kosprys gaan of behoort te wees, d.w.s. 'n voorafbepaling of ook genoem voor-kalkulasie. Standaardkoste voorsien 'n basis vir die bepaling van die kosprys en verkoopsprys voordat produksie in aanvang neem.

As hulpmiddel vir beplanning en kontrole voorsien standaardkoste 'n basis vir die evaluering van werklike gegewens. Die verskille tussen werklike koste en standaardkoste kan deur bestuur geanaliseer word in 'n poging om sulke verskille in die toekoms te verminder. Materiaalhoeveelheidstandaarde tesame

met volume vooruitskattings, voorsien bvvoor= beeld 'n basis vir die beplanning van aankope. Indiensneming kan ook beter gereël word in= dien volume vooruitskattings gekoppel word aan standaardkoste. Sorgdrager en Tromp (vergelyk Sorgdrager, A.J.E. en Tromp, D. : Kosprysbeleid en beoordeling, Pro-Rege, Potchefstroom, 1975, p.97) beweer dat stan= daardkoste nie by die opstelling van voor= uitskattings gebruik kan word nie omrede standaardkoste nie toon wat die verwagte koste sal wees nie, maar toon wat die koste sal wees indien die gewenste werkverrigting verkry word. Hieruit kan geen afleiding gemaak word dat standaardkoste nie gebruik kan word vir vooruitskattings nie. Op p.99 van hulle boek stel dieselfde outeurs dit, dat indien die standaard of norm bekend is, die begrote koste verkry word deur slegs verhoudings toe te pas.

Sover dit kostekontrolle aangaan, is die be= langrikste konsep van standaardkoste die gebruik van variasies, d.w.s., die verskil tussen werklike- en standaardkoste. Variasies word uitgedruk in geld, en is gunstig indien die werklike koste minder is as die stan= daardkoste, en is ongunstig indien die werk= like koste meer is as die standaard. Die

terme gunstig en ongunstig moet geïnterpreteer word as 'n aanduiding van die rigting van variasies van standaardkoste en nie as goeie of slegte resultate nie. Berekenings van variasies verskaf 'n antwoord op die vraag, met hoeveel die werklike koste van standaardkoste verskil.

Om enigsins van waarde te wees vir kontrole-doeleindes, moet die oorsake vir variasies nagegaan word, en terug herlei word na die verantwoordelikeheidsplek en persoon.

Standaardkoste dien ook as hulpmiddel vir besluitneming. Batty (vergelyk Batty, J. : Managerial standard costing, Macdonald and Evans, London, 1970, p.196) het in sy studie oor standaardkoste in sekere Britse nywerhede die volgende gebiede in die bedryfsrekeningkundige struktuur bepaal waarvoor ondernemings gebruik maak van standaardkoste:

- (a) Vooruitbeplanning.
- (b) Behulpzaam te wees by begrotingskontrole.
- (c) Winsbeplanning.
- (d) Prysvasstelling voordat produksie begin.
- (e) Kostevermindering.

- (f) Rasionalisasie.
- (g) Beplanning van nuwe produkte.
- (h) Besluitneming.
- (i) Kostekontrole.
- (j) Eliminering van nie-winsgewende produkte.
- (k) Vermindering in verlore tyd, materiaal=verliese, ens.

Standaardkoste kan dus gesien word as 'n volledige bedryfsrekeningkundige stelsel wat ook saam met ander bedryfsrekeningkundige stelsels op tegnieke met vrug gebruik kan word soos byvoorbeeld, gelykbrekingsanalise, begrotings, absorpsiekoste, marginale koste, kontrakkoste en proseskoste.

(g) Begrotings

1. Inleiding

Die ondernemingsbegroting het voortgespruit uit die staatsbegroting. Die gedagte van 'n ondernemingsbegroting het sy ontstaan in die V.S.A. waar die ondernemingsbegroting toegepas is kort nadat die staatsbegroting vir die eerste keer gebruik is. Vanaf die V.S.A. het die gedagte aan 'n ondernemingsbegroting versprei na Europa en ander vastelande.

Hieruit moet nie afgelei word dat alle ondernemings, begrotings op 'n uitgebreide basis toepas nie. Soms word begrotings onbewus toegepas.

In 1870 het die Britse minister van finansies vir die eerste keer die jaarlikse staatsbegroting in 'n tas gedra en sedertdien staan die begroting as 'n "budget" bekend (afgelei van "bougette", die Franse woord vir tas). (Vergelyk Sorgdrager en Tromp, op. cit., p.90)

Dit is egter van belang om daarop te wys dat die uitgangspunt van die staatsbegroting verskil van die uitgangspunt van die ondernemingsbegroting. Die staatsbegroting weer=spieël 'n bepaalde beleid terwyl die ondernemingsbegroting daarenteen 'n sekere beleid skep.

By die bepaling van wat 'n begroting is word eerstens gekyk na die verskillende definisies wat in die literatuur bestaan. Harper (vergeelyk Cost accountancy, op. cit., p.184) definieer 'n begroting as 'n kosteplan wat in verband staan met 'n sekere tydperiode. Harper lê dus in sy definisie hoofsaaklik klem op die tydsfaktor van 'n begroting. Die ander faktore sien Harper as ondergeskik aan

die tydsfaktor.

H.P. Court (Budgetary Control; Macdonald and Evans Ltd., London, 1951, p.7) lê in sy definisie van 'n ondernemingsbegroting klem op die beplannings- en koördinasie funksies van begrotings om die maksimum wins en hoogste doeltreffendheid te bereik.

A.W. Willsmore (Business budgets and budgetary control; Pitman and Sons Ltd., London, 1960, p.17) definieer 'n begroting soos volg:

"The budget involves the statements of plans, the co-ordination of these plans into well balanced programmes and the constant watching of actual operations to ensure that they are kept in line with the predetermined plans."

Willsmore lê hoofsaaklik klem op die kontroleerbare aspek van begrotings.

A. Mey (op. cit., p.357) beweer dat die sluitstuk van 'n begrotingstelsel die prognose van die ondernemingsresultaat is. In hierdie begrotingstelsel word alles wat in die komende periode moet geskied in onder=

linge verband gebring.

In samevatting van die verskillende definisies van begrotings kan 'n begroting gedefinieer word as die formulering van planne vir toekomstige aktiwiteite, en die omrekening van hierdie planne in syfers. Die ondernemingsbegroting word gebruik om al die fases van die onderneming vooruit te beplan en daarna die plan aan die behaalde resultate te toets. Die begroting kan dus ook gesien word as 'n finansieringsplan wat as voorskrif moet dien om die toekomstige handeling van 'n onderneming te bepaal en te beheer en om sodoende die doelmatig aangewende offers te kan bepaal.

2. Doelstellings van begrotings

Die belangrikste doelstellings van 'n begrotingstelsel in die literatuur en praktyk kan soos volg saamgevat word:

- (a) Om op hoogte te bly van die bedryfskapitaalposisie van 'n onderneming.
- (b) Om koördinasie te verkry tussen produksie en verkope.

(c) Om daarmee beheer uit te oefen en so-
doende die wins van 'n onderneming te
beskerm.

Die belangrikste doelstelling van 'n onder-
nemingsbegroting volgens die bedryfsrekening=
kunde is egter om die doelmatig aangewende
offers te kan bepaal. In die definisie van
koste is klem gelê op die begrip doelmatig
aangewende offers. Sonder 'n begroting, wat
as maatstaf moet dien waaraan die werklike
resultate gemeet kan word, kan die doelmatig
aangewende offers nie bepaal word nie.

Om die doelmatig aangewende offers te kan
bepaal moet begrote- sowel as werklike koste
verdeel word in kontroleerbare koste en on-
kontroleerbare koste. Koste waarvoor 'n
persoon verantwoordelik gehou kan word, word
kontroleerbare koste genoem, die koste waar-
voor 'n persoon nie verantwoordelik gehou
kan word nie word onkontroleerbare koste ge-
noem (vergelyk Horngren, C.T., op. cit.,
p.163).

Die kontroleerbare en onkontroleerbare koste
kan bepaal word deur totale koste in vaste-
en veranderlike koste te verdeel. Vaste
koste is koste wat vas is vir 'n sekere

periode, gewoonlik die begrotingsperiode of rekenpligtige tydperk, dit wil sê, koste wat in totaal nie verander met 'n verandering in produksievolume nie. Onder veranderlike koste word verstaan koste wat in totaal verander met 'n verandering in produksievolume. Vaste koste is dus vas in totaal maar veranderlik per eenheidproduk, terwyl veranderlike koste vas is per eenheidproduk maar veranderlik in totaal.

Die grootste praktiese probleem by die opstel van begrotings om die doelmatig aangewende offers te kan bepaal is die verdeling van totale koste in vaste- en veranderlike koste. Daar bestaan 'n aantal wetenskaplike metodes waarvan gebruik gemaak kan word om totale koste te verdeel in vaste- en veranderlike koste naamlik:

- (a) Analitiese metode.
- (b) Hoog-laagmetode.
- (c) Regressielynmetode.
- (d) Minste-vierkante metode.

Op hierdie vier metodes sal nie ingegaan word nie, die belangstellende leser word verwys na Nickerson, C.B. (op. cit., p.371).

Onder kontroleerbare koste word hoofsaaklik die veranderlike koste bedoel, terwyl vaste koste as onkontroleerbaar beskou word.

Hierdie feit verklaar ook die rede waarom voorstanders van die direkte-kostemetode vaste koste as 'n periodekoste beskou en nie inbring by die bepaling van die vervaardigingskoste van 'n produk nie.

Die doelmatig aangewende offers sal verkry kan word indien die begrotingstelsel voorsiening maak vir veranderlike- sowel as vaste koste vooruitskattings.

Deur gebruik te maak van 'n begrotingstelsel waar totale koste verdeel is in vaste- en veranderlike koste, kan die bedrag van wat koste moet wees, vir 'n sekere periode vooruitbepaal word. Deur middel van die veranderlike begrotingstelsel kan die bedrag wat koste moes gewees het vir die aktiwiteitsvlak wat werklik bereik is, bepaal word. Die doelmatig aangewende offers kan dan bepaal word deur die werklike offers te vergelyk met wat die koste volgens die begroting moes gewees het. Die nadelige verskil hier tussen is die ondoelmatige offers. Soos reeds voorgeen genoem, vorm die ondoelmatige offers nie deel van die kosprys van 'n produk nie,

en word dus direk teen die wins van die periode afgetrek.

Die verskil tussen die werklike offers en die begrote koste wys ook nog op 'n hoër doeltreffendheid as wat beplan is. Hierdie hoër doeltreffendheid word weerspieël deur die gunstige verskil tussen werklike offers en begrote koste. Dit is egter nie nodig om hierdie voordeel ten opsigte van die hoër doeltreffendheid by die kosprys van die produk te voeg nie, aangesien dit reeds in die kosprys weerspieël is, deur 'n vermindering van die kosprys. Die vermindering van die koste per eenheid met 'n konstante verkoopsprys veroorsaak in elk geval 'n hoër wins. Die gunstige verskille tussen werklike offers en begrote koste word dus ook direk na die wins van die periode oorgeplaas.

3. Die kontrole funksie van begrotings

Om aan die primêre doel van begrotings te kan voldoen, naamlik die bepaling van die doelmatig aangewende offers, moet gebruik gemaak word van begrotingskontrole. Begrotingskontrole word verkry deur die bepaling van afwykings tussen werklike resultate en begrote doelstellings, sowel as 'n ondersoek deur bestuur na die oorsake van die afwykings of

variasies.

In die evaluering en ondersoek van 'n variasie om die oorsake daarvan te bepaal, moet die volgende moontlikhede oorweeg word: (Vergelyk Neuner, J.J.W., op.cit.; Nickerson, C.B., op. cit.; Horngren, C.T., op. cit.; Batty, J., op. cit.).

- (a) Dat die variasie betekenisvol is - beide ongunstige sowel as gunstige variasies moet ondersoek word om hulle belangrikheid te bepaal.
- (b) Dat die variasie nie die gevolg is van verslagdoeningsfoute nie - gegewens moet altyd nagegaan word vir klerikale foute.
- (c) Dat die variasie die gevolg is van 'n spesifieke bestuursbesluit.
- (d) Dat baie variasies verduidelik kan word in terme van die effek van onkontroleerbare faktore wat identifiseerbaar is.
- (e) Dat die variasies waarvan die grondliggende oorsake nie bepaal kan word nie, verder ondersoek moet word.

Die analise van begrotingsvariasies sal nie in hierdie hoofstuk bespreek word nie, aangesien variasie-analise volledig in hoofstuk 7 behandel word. Daar moet egter op gewys word dat variasie-analise 'n wye toepassingsveld in die verslagdoening van 'n onderneming besit. Variasie-analise word in die volgende situasies toegepas naamlik:

- (a) Bepaling van variasies tussen werklike resultate van die huidige periode met die werklike resultate van 'n vorige periode. Die vorige periode word as die basis geneem, byvoorbeeld, die bepaling van indeksyfers.
- (b) Bepaling van variasies tussen werklike resultate en standaardkoste. Hier word standaardkoste as die basis aanvaar.
- (c) Bepaling van variasies tussen werklike resultate en begrote oogmerke. Hier word die begroting as die basis aanvaar.

Die faktor wat bestuur wil kontroleer is die wins, en om wins te kontroleer moet by koste begin word. Daarom kry ons by begrotingskontrole variasies tussen begrote koste en werklike offers.

Begrotings op sigself bied slegs die helfte van die voordele wat 'n begrotingstelsel gebaseer op standaardkoste bied. Die twee is feitlik onlosmaaklik aan mekaar verbonde. Bakker, P. (Bedryfsbeleid en budgettering; Stenfert Kroese, Leiden, 1971, p.69) stel dit soos volg: "Om deze redenen verdient het o.i. de voorkeur de kostenbudgetten ten alle tijde te baseren op de standaardkosten."

4. Die ooreenkomste tussen begrotings en standaarde

Standaarde en begrotings toon 'n ooreenkoms in hulle metode van meting, want indien die standaard bekend is, kan die begrote koste verkry word deur slegs die standaard te vermenigvuldig met die hoeveelheid.

Begrotings en standaarde word albei bepaal vanaf gegewens wat gebaseer is op ondervinding uit die verlede, en met inagneming van wat in die toekoms mag plaasvind.

Albei maak gebruik van variasie-analise vir kontrole doeleindes. Begrotings bepaal variasies tussen werklike offers en begrote koste terwyl standaardkoste variasies bepaal tussen standaardkoste en werklike offers.

Begrotings en standarde moet nooit op iemand afgedruk word nie, dit moet aanvaar word deur die persoon op wie kontrole uitgeoefen wil word. 'n Goeie metode om persone sover te kry om begrotings en standarde te aanvaar is om die betrokke persone die geleenthede te bied om behulpsaam te wees by die opstelling van begrotings en die daarstelling van standarde.

5. Verskille tussen begrotings en standarde
Begrotings is verantwoordelikeidsplek gerig, terwyl standarde produk gerig is. Dit is die enigste wesentlike verskil tussen begrotings en standarde. In die literatuur word daar 'n aantal verskille aangedui wat nie werklike verskille is nie. Sorgdrager en Tromp (Kosprysbeleid en -beoordeling; Pro-Rege Pers Beperk, Potchefstroom, 1975, p.97) wys op die volgende verskille:

- (a) Die eerste verskil is geleë in die doeleindes van begrotingsbeheer en standaardkoste. Begrotings verstrek daardie gegewens wat die verwagte koste behoort te wees, terwyl standaardkoste nie aantoon wat die verwagte koste sal wees nie, maar toon wat die koste sal wees indien die gewenste werkverrigtingstoel

stande verkry word. Om hierdie rede word die afleiding gemaak dat standaard= koste nie by die opstelling van vooruit= skattings gebruik kan word nie. Hiermee kan nie saamgestem word nie, aangesien albei aantoon wat die koste behoort te wees. Sonder standarde kan begrotings ook nie opgestel word met die doel om die doelmatig aangewende offers te bepaal nie.

- (b) Begrotings word opgestel vir alle departemente in 'n onderneming terwyl standarde net opgestel word vir die produksie-afdeling van 'n onderneming. Hiermee kan ook nie saamgestem word nie, aangesien produksie- of vervaardigings= koste alleen nie die kosprys van 'n produk bepaal nie. Die begrip doelmatige offers moet dus ook uitgebrei word na die verkoops- en administratiewe koste van 'n onderneming. Standarde sal dus nie slegs vir die produksiedepartemente bepaal moet word nie, maar ook vir die diensdepartemente van 'n onderneming.

Een van die hoofprobleme by die instelling en ontwikkeling van 'n effektiewe winsbeplanning en kontrole program is die keuse van 'n toepaslike tegniek volgens die karaktertrekke

van die ondernemingsituasie.

Stelselinstallering kan moeilik geskied om die volgende redes:

- (a) Daar bestaan 'n natuurlike neiging by mense om enige tipe verandering teë te staan, ongeag hul posisie in die onderneming. Hierdie teenstand kan wees as gevolg van konserwatisme, onsekerheid, oningeligtheid en die vrees vir die onbekende.
- (b) Aangesien begrotings en standaarde soms misbruik word, bestaan daar 'n antagonisme teen begrotings en standaarde by sekere persone.

Daar word gesê dat die installering van begrotings 25% tegniek en 75% opvoeding vereis. Die belangrikheid van menslike verhoudinge kan dus geensins uit die oog verloor word, by winsbeplanning en kontrole nie. Baie van die tekortkominge van begrotings en standaarde is direk identifiseerbaar met foutiewe bestuursverhoudinge en ander gedragfoute (vergelyk Welsch, G.A. : Budgeting : Profit planning and control; 3rd Edition; Prentice-Hall, New Jersey, 1971, p.608).

6.	VEREISTES WAARAAN 'N BEDRYFSREKENINGKUNDIGE STELSEL MOET VOLDOEN	
6.1	INLEIDING	269
6.2	VEREISTES WAT AAN 'N BEDRYFSREKENING= KUNDIGE STELSEL GESTEL WORD	270
a.	Kosprijsbepaling.	273
b.	Verkoopsprijsbepaling.	276
c.	Doeltreffendheidsbeoordeling.	277
d.	As hulpmiddel vir beleidsvorming en kontrole.	278

6. VEREISTES WAARAAN 'N BEDRYFSREKENINGKUNDIGE STELSEL MOET VOLDOEN

6.1 INLEIDING

Vir bedryfsrekeningkunde is die voor-kalkulasie net so belangrik as die na-kalkulasie, indien nie belangriker nie. (Vergelyk Van der Schroeff, H.J., agste druk, op. cit., p.78).

Die verskil tussen die voorafbepaling van koste (voor-kalkulasie) en die agterna-bepaling (na-kalkulasie) van koste lê in die tydstip waarop die bepaling of berekening van die koste geskied. By die voorafbepaling van koste geskied die berekening voordat met produksie begin word, by die agterna-bepaling van koste geskied die berekening nadat die produk of produksieperiode voltooi is.

In die literatuur val die klem hoofsaaklik op die agterna-bepaling van koste (vergelyk Neuner, J.J.W. : Cost accounting : Principles and practice; Richard D. Irwin, sesde uitgawe, Illinois, 1962, en Horngren, C.T. : Cost accounting a managerial emphasis, derde uitgawe, Prentice-Hall, New Jersey, 1972).

Van der Schroeff, H.J. (agste druk, op. cit., p.82) verwerp die agterna-bepaling van koste op

grond daarvan dat koste die doelmatige offers is wat die onderneming by die ruil van die goedere bring, terwyl die agterna-bepaling van koste gebaseer is op die offers waarmee die produksie gepaard gegaan het.

Aangesien die voorafbepaling van koste op beraamings gegrond word en daar afwykings tussen voorafbepaalde koste en agterna-bepaalde koste ontstaan, moet die agterna-bepaalde koste aan die voorafbepaalde koste getoets word om sodoende die afwykings te kan bepaal.

6.2 VEREISTES WAT AAN 'N BEDRYFSREKENINGKUNDIGE STELSEL GESTEL WORD

Om tot 'n bedryfsrekeningkundige stelsel te kan kom wat tot voordeel van 'n onderneming ingestel kan word, moet eerstens gekyk word na die vereistes wat aan 'n bedryfsrekeningkundige stelsel gestel word.

Sorgdrager (Kosprysberekening en -tegniek, op. cit., p.59) stel die volgende as doelstellings van die kosprysberekening en -tegniek:

- (a) As primêre doel moet dit as basis dien vir die ondernemer se prysskatting van die produk wat hy op die mark plaas.
- (b) Om die doeltreffendheid van die produksie en die doeltreffendheid van die

onderneming in sy geheel te bepaal.

- (c) As basis van 'n gesonde en doeltreffende produksiebeleid.

Van der Schroeff (op. cit., p.37-52) stel die volgende as doelstellings van die bedryfsrekeningkunde:

- (a) Kosprysbepaling.
- (b) Verkoopsprysbepaling.
- (c) Doeltreffendheidsbeoordeling.
- (d) Beleidsvorming.

Batty (op. cit., p.1) stel die volgende as doelstellings van die bedryfsrekeningkunde:

- (a) Beplanning.
- (b) Organisasie.
- (c) Motivering.
- (d) Koördinasie.
- (e) Kontrolering.
- (f) Kommunikasie.

Harper, W.M. (Management Accounting, op. cit., p. 12) stel die volgende doelstellings voorop:

- (a) Besluitneming.
- (b) Beplanning.
- (c) Kontrole.

Hierdie vier outeurs stem tot 'n groot mate saam, sommige verdeel net sekere doelstellings in meer as een doelstelling. As samevatting kan die volgende as die belangrikste vereistes of doelstellings van 'n bedryfsrekeningkundige stelsel gestel word:

- (a) Kosprysbepaling.
- (b) Verkoopsprysbepaling indien die verkoopsprys gebaseer is op die kosprys.
- (c) Doeltreffendheidsbeoordeling.
- (d) As hulpmiddel vir beleidsvorming en kontrole.

Die primêre vereiste wat aan 'n bedryfsrekeningkundige stelsel gestel word, is om die ware offers wat vir 'n sekere produksie of produksieperiode gebring is aan te toon, en teen daardie produksie in berekening te bring.

Indien die offers in 'n onderneming nie hiervolgens aangeteken word nie, kan dit tot gevolg hê dat 'n onderneming se wins nie 'n ware redelike weergawe van die aktiwiteite van 'n onderneming weerspieël nie. Deurdat wins foutief bereken word, kan dit beteken dat wins wat nie werklik wins is nie, maar 'n intering van kapitaal verteenwoordig, uitbetaal kan word aan die aandeelhouders of eienaars van 'n onderneming.

Om aan die primêre vereiste te kan voldoen sal in die bedryfsrekeningkunde aandag geskenk moet word aan die huidige of aktuele waardes van die offers wat vir die produksie gebring moet word of gebring is (voorafbepaalde- en agterna-bepaalde offers). Aan hierdie primêre vereiste sal in die slothoofstuk volledig aandag geskenk word. In hierdie hoofstuk sal slegs gelet word op die sekondêre vereistes wat aan 'n bedryfsrekeningkundige stelsel gestel word (soos reeds genoem).

(a) Kosprysbepaling

Koste word deur Van der Schroeff (agste druk, op. cit., p.36) gedefinieer as die in geld uitgedrukte doelmatige offers wat die onderneming bring by die ruil van die goedere.

In hierdie definisie lê daar vier belangrike punte opgesluit naamlik:

(i) Die-in-geld-uitgedrukte-waarde

Die vraag ontstaan watter waarde van geld as maatstaf moet dien om die kosprys van 'n produk in uit te druk. Soos reeds voorheen genoem, verander die waarde van geld gedurig deurdat die koopkrag daarvan verander. Die reël hier is om die waarde van geld op die moment van die ruil as maatstaf te neem vir die bepaling van koste.

(ii) Doelmatige offers

Slegs die offers wat doelmatig in die aktiwiteite van 'n onderneming aangewend is, kan as koste beskou word. Hier word gebruik gemaak van die variasie-analise tussen voorafbepaalde koste en agterna-bepaalde koste om die doelmatige offers te kan bepaal. Verspillings moet dus nie as koste gereken word nie, en vorm in geen stadium van 'n onderneming se aktiwiteite deel van die koste verbonde aan daardie aktiwiteite nie.

(iii) Wat die onderneming bring

Hiermee word nie bedoel die offers wat reeds gebring is vir die voortbrenging van die produksie nie, maar die offers wat die onderneming bring op die moment van die ruil. Hiermee word dus bedoel die vervangingswaarde van die doelmatige offers wat gebring word op die moment van die ruil.

(iv) Moment van die ruil

Hiermee word bedoel die moment wat verkope in ekonomiese sin plaasvind, dit wil sê, die moment waarop die oordragprys bepaal word.

Die moment van die ruil is by die voorafbepaling van koste 'n uitgestelde handeling, en berus dus op 'n skatting van wat die verwagte

vervangingswaarde van die koste op die moment van ruil sal wees. Die moment van die ruil is dus 'n kritiese moment by die kosprys=bepaling van 'n produk.

Hierdie moment van ruil sal verskillend wees vir verskillende ondernemings, afhangende of daar op voorraad of op bestelling geproduseer word. Indien daar op voorraad geproduseer word, sal die moment van ruil ontstaan wanneer die produkte verkoop word. In hierdie geval kan van die voorafbepaling of agterna=bepaling van koste gebruik gemaak word.

Indien 'n onderneming op bestelling produseer sal die moment van ruil die moment wees waarop die oordragsprys bepaal word. Indien die oordragsprys bepaal word op die moment wanneer die bestelling geplaas word, sal hierdie tydstip die moment van die ruil wees, en sal dus van die voorafbepaling van koste gebruik gemaak moet word. Indien die oordragsprys vasgestel word op die tydstip wat die bestelling uitgevoer word, sal dit die moment van ruil wees, en sal in hierdie geval van die agterna=bepaling van koste gebruik gemaak moet word.

Die vraag ontstaan egter hoedat 'n mens die verwagte doelmatige offers kan bepaal of be=

reken en daaraan 'n waarde kan toeken wat eers in die toekoms bepaal kan word.

Indien 'n ondernemer berekenings ten opsigte van die toekoms wil of moet maak, sal dit nooit anders kan as om 'n mate van afwiking van die werklike resultate te verwag nie. Geen mens kan die toekoms korrek voorspel nie. Om op 'n wetenskaplike wyse hierdie verwagte doelmatige offers op die moment van ruil te bepaal sal alle faktore wat die toekomsverwagtinge kan beïnvloed, in aanmerking geneem moet word.

(b) Verkoopsprysbepaling

Alle ondernemings behoort die kosprys as basis te neem vir die verkoopsprysbepaling, ook die ondernemings soos byvoorbeeld die landbou-ondernemings wat aan prysbeheer onderworpe is. Geen ondernemer wat nie eers sy kosprys of verwagte kosprys vergelyk met 'n moontlike of vasgestelde verkoopsprys tree ekonomies rasioneel op nie.

Hiermee word geensins bedoel dat die verkoopsprys gevind word deur die kosprys met 'n winsopslag te verhoog nie. Van der Schroeff (agste druk, op. cit., p.38) noem hierdie wyse van verkoopsprysbepaling, 'n ekonomiese wyse van voorstelling.

Met die stelling dat die kosprys as basis van die verkoopsprys moet dien word bedoel dat die onderneming by die bedinging van 'n verkoopsprys sy kosprys as basis moet gebruik. Voordat 'n onderneming tot produksie oorgaan moet hy eers sy verwagte koste met die verwagte verkoopsprys vergelyk om so=doende die verwagte opbrengs op sy belegging te bereken en daaruit af te lei of die onderneming ekonomies sal kan produseer.

(c) Doeltreffendheidsbeoordeling

Geen bedryfsrekeningkundige stelsel wat nie die doeltreffendheid van 'n onderneming bepaal, kan tot 'n korrekte koste- en kosprysbepaling kom nie. Om die doelmatige offers te kan bepaal moet alle ondoelmatige offers buite rekening gelaat word. 'n Skeiding van offers in doelmatige en ondoelmatige offers is dus noodsaaklik vir koste- en kosprysbepaling. Die ondoeltreffendheid van die onderneming vorm geensins deel van die koste en kosprys van 'n produk nie.

Hamman, W.D. (proefskrif, op. cit., p.305) kom dan ook tereg tot die gevolgtrekking dat gedurende inflasionistiese toestande die ondoeltreffendhede van bestuur verdoesels kan word deur tydwinst met transaksiewinst te vermeng en veral deur die koste van verkope

en die depresiasie van vaste bates te laag te waardeer. Rentabiliteitsyfers kan ook die uitwerking hê dat ondoeltreffende bestuur nie aan die kaak gestel word indien daar nie van aktuele kostesyfers gebruik gemaak word nie.

Deur koste van verkope en die depresiasie van vaste bates as twee koste-items te sien, is egter foutief. In die bedryfsrekening= kunde word die depresiasie van vaste bates as deel van die vervaardigingskoste gereken en wel as bokoste wat dan weer opgeneem word in die koste van verkope-syfer.

(d) As hulpmiddel vir beleidsvorming en kontrole

'n Bedryfsrekeningkundige stelsel moet die nodige syferbesonderhede aan die bestuur verskaf vir die vorming van 'n onderneming se kort- sowel as langtermynbeleid.

Dit is belangrik om te onthou dat alle besluite in verband staan met die toekoms, dit wil sê, gegewens van die verlede word aangepas vir toekomstige periodes. Koste van die verlede moet dus geïgnoreer word en slegs koste wat in die toekoms 'n invloed op die wins van 'n onderneming gaan uitoefen, moet in berekening gebring word.

Boekwaardes is nie toepaslik by besluitneming nie, slegs huidige- of aktuele waardes en toekomstige ekonomiese waardes moet gebruik word.

By besluitneming moet die bedryfsrekenmeester in gedagte hou dat die bestuur belangstel in winsgewendheid en nie in wins nie.

Vandag se besluite word gebaseer op mōre se moontlikhede - en nie op gister se flaters nie.

Kontrole in 'n onderneming is gemik op winskontrole en om wins te kan kontroleer moet by koste begin word. Daarom staan kontrole in die bedryfsrekeningkunde bekend as kostekontrole.

By die toepassing van kostekontrole moet die volgende stappe geneem word:

- (i) Kostebeplanning.
- (ii) Vergelyking tussen voorafbepaalde koste en aktuele koste.
- (iii) Terugkoppeling en die korrektiewe maatreëls daaraan verbonde.

Kostebeplanning kan op twee wyse voorberei word, naamlik: koste met betrekking tot 'n sekere periode of koste met betrekking tot 'n koste-eenheid. Eersgenoemde staan bekend as begrotings terwyl laasgenoemde bekend staan as standaardkoste.

Kostekontrolle is 'n noodsaaklike bestuurs= tegniek. Die bedryfsrekenmeester is verant= woordelik vir die vergelykings en die bepa= ling van die afwykings tussen voorafbepaalde en aktuele koste, maar die bestuur is verant= woordelik vir die beplannings- en aksie funksies.

Slegs bestuur wat verantwoordelik is vir die verbruik van ekonomiese bronne kan die hoe= veelhede beplan, en slegs bestuur wat onder= vinding het in die handel van bronne kan die pryse beplan.

Kontrolle word verkry deur die aksie van die bestuurders. Daarom moet onderskei word tussen koste, waarvoor 'n spesifieke persoon verantwoordelik gehou kan word uit die aard van sy posisie, en vir watter koste hy nie verantwoordelik gehou kan word nie. Koste waarvoor 'n persoon verantwoordelik gehou kan word, word kontroleerbare koste genoem, die

koste waarvoor 'n persoon nie verantwoordelik gehou kan word nie, word onkontroleerbare koste genoem. (Vergelyk Batty, J. : Management accountancy, op. cit., p.334 en Horngren, C.T., op. cit., p.273).

Batty (op. cit., p.333) stel as voorvereiste vir doeltreffende kontrole, die volgende:

- (i) "All aspects of producing, selling, administration, and other functions should be examined and made as efficient as possible. Obviously, if management does not commence being efficient it cannot hope to achieve a high standard of control."
- (ii) "Plans should be made and all segments should be co-ordinated."
- (iii) "Actual performances and costs are compared with predetermined performances and costs and any variances are isolated."
- (iv) "Variances are analysed - divided into their existence - so that management can take corrective action, thereby maintaining a state which will bring about what has been planned."

Om kontrole uit te oefen oor historiese koste is tot voordeel van die onderneming indien die bestuur korrektiewe maatreëls instel vir die gebiede of kosteplekke waar kontroleerbare koste-afwykings bestaan tussen werklike werkverrigting en voorafbeplande werkverrigting, asook tussen werklike koste (historiese koste) en voorafbepaalde koste.

Onder inflasionistiese toestande bly die korrektiewe maatreëls wat die bestuur instel om die afwykings ten opsigte van kontroleerbare koste reg te stel, altyd ondoeltreffend. Die rede hiervoor is dat daar gebruik gemaak word van historiese koste wat alreeds verouderd is. Korrektiewe maatreëls word dus geneem met verouderde koste as basis.

Om dus vir kontroledoeleindes afwykings tussen voorafbepaalde koste en werklike agterna-bepaalde koste te analiseer, bied geen basis vir kontrole nie, aangesien albei verskillende geldwaardes as maatstaf neem.

Die voorafbepaalde koste gebruik die historiese koste as basis met aanpassings vir toekomsverwagtinge en kan dus gesien word as voorafbepaalde koste gebaseer op verwagte aktuele koste.

Agterna-bepaalde koste gebruik die historiese koste as basis, dit wil sê, die koste wat werklik voorgekom het by die vervaardiging en verkoop van die produksie.

Die voorafbepaalde koste en agterna-bepaalde koste sal dus omgerekend moet word met dieselfde geldwaarde as basis. Die voorafbepaalde koste is soos reeds genoem, gebaseer op verwagte aktuele of vervangingswaarde van die koste. Die agterna-bepaling van koste sal ook vervangingswaarde as basis moet gebruik vir die bepaling van koste.

Die kontrole oor werkverrigting binne die onderneming moet gebaseer word op verwagte werkverrigting en werklike werkverrigting om die doelmatige offers te bepaal. Kontrole oor koste moet gebaseer word op verwagte aktuele koste en werklike aktuele koste. Deur middel van die gegewens so verkry, kan die ondernemingsbestuur 'n doeltreffende kort- sowel as langtermynbeleid vir die onderneming daarstel.

Die belangrikste oogmerk van 'n bedryfsrekeningkundige stelsel moet wees om die optimum doeltreffendheid van 'n onderneming te bewerkstellig. Om hierdie oogmerk te bereik

moet 'n bedryfsrekeningkundige stelsel die volgende doelstellings nastreef:

- (i) Om die ekonomiese gebruik van beskikbare bronne te verbeter - dit word verkry deur beplanning, beheer, koördinasie en kontrole.
- (ii) Om aan die bestuur gegewens te voorsien wat bruikbaar, akkuraat en op datum is.
- (iii) Om prosedures te standaardiseer en te vereenvoudig om sodoende die koste te verminder.

Slegs deur middel van 'n doeltreffende bedryfsrekeningkundige stelsel kan 'n onderneming sy einddoel bereik naamlik, om die gemeenskap wat dit bedien se behoeftes teen die laags moontlike pryse te bevredig.

7.	GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE OPLOSSING	
7.1	INLEIDING	286
7.2	DIE STANDAARD AKTUELE KOSTESTELSEL	292
	a. Standaard aktuele koste vir materiaal.	293
	b. Die standaard aktuele arbeidskoste.	302
	c. Die standaard aktuele bokoste.	306
7.3	SLOT	315

7. GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE OPLOSSING

7.1 INLEIDING

Om tot 'n moontlike oplossing vir die probleemstelling, soos in die inleiding van die studie gestel, te kom kom naamlik om 'n metode of metodes te ontwikkel waarby die bedryfsrekeningkunde aangepas kan word sodat die resultate van die aktiwiteite van 'n onderneming gemeet kan word in eenhede van gelyke koopkrag, moet aanvaar word dat veranderde pryspeile deel vorm van die werklikheid. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die bedryfsrekeningkunde hierby sal moet aanpas.

Historiese koste kan nie meer as basis dien vir kosprys- en winsbepaling nie, aangesien die uitgaafprys of soos ook genoem, historiese koste, baie van die werklike of aktuele koste verskil, en derhalwe geen aanvaarbare basis vorm vir besluitneming nie.

In teenstelling met Limperg en Van der Schroeff se vervangingswaardeleer, dat vir vervangingswaarde moet geld die waarde op die moment van ruil, en die vervangingsprys op die moment van effektiewe vervanging, is 'n meer dinamiese praktyk wenslik. Met die hoë eise wat ondernemingsbestuur huidige aan die bedryfsrekeningkunde stel naamlik om die kosprys- en winsbepaling vooruit te bereken, dit wil sê,

voordat met die aktiwiteite van 'n sekere rekeningpligtige tydperk begin is, moet vir kosprysberekening, winsbepaling en doeltreffendheidsbeoordeling, aandag geskenk word aan die verwagte vervangingswaarde.

Die vooruitskatting en in berekening bring van toekomsverwagtinge, dateer reeds vanaf die jare voor Christus. Uit die verlede word slegs sekere lesse geleer, dit is egter die toekoms wat van belang is.

"But the past is of no importance. The present is of no importance. It is with the future that we have to deal."

(Oscar Wilde in Ossip K. Flechtheim : History and futurology; Verlag Anton Hain - Meisenheim am Glan, 1966, p.62).

Toekomskunde is die welgeordende kennis van 'n wetenskap in die toekoms. Dit is nie slegs die sosiale ekonomie as vakwetenskap wat hom met die toekoms besig hou nie, maar ook die bedryfsrekeningkunde het belang by die toekoms. Die onderneming wil weet wat sy toekomsverwagtinge is en ook sy beplanning daarvolgens aanpas, sodat sy voortbestaan hierdeur verseker kan word.

Flechtheim (op. cit., p.96) stel dit soos volg:

"A study of the future, if properly conducted, should reaffirm the significance of human endeavor and, by redefining the area of choices, should enable man to act more intelligently and purposefully."

Dit is derhalwe duidelik dat die bedryfsrekeningkunde in die toekoms heelwat meer aandag aan die futurologie sal moet skenk as wat tot dusver die geval was. Dit val egter buite die bestek van hierdie studie en word net terloops genoem.

Uit die studie blyk dat die vervangingswaardeleer nie 'n stelsel of tegniek is nie, maar 'n metode van koste- en winsbepaling wat tesame met bestaande bedryfsrekeningkundige stelsels en -tegnieke, tot voordeel van ondernemings toegepas kan word ten tye van pryspeilveranderinge, hetsy algemene- of spesifieke pryspeilveranderinge.

Sorgdrager (op. cit., p.64) stel dit soos volg:

"Die vervangingswaarde is in wese 'n beleids-teorie. Dit verskaf bestuurlike inligting op vergelykbare syfers wat in die bedryfsrekeningkundige boekhouding maklik geïnkorporeer kan word. Die vervangingswaarde is sekerlik geen dogma nie."

Vir die voorafbepaling van die kosprys moet gebruik gemaak word van standaardvervangingskoste (vergelyk Batty, Management accountancy, op. cit., p.633, Els, op. cit., p.328, Sorgdrager, op. cit., p.64 en Van Straaten, H.C. : Inhoud en grenze van het Winstbegrip, H.E. Stenfert Kroese N.V., Leiden, 1957, p.132) indien aan die definisie van die begrip kosprys soos deur Van der Schroeff gestel, voldoen wil word. (Vergelyk Van der Schroeff, agste druk, op. cit., p.36) naamlik:

"Onder het begrip kostprijs valt te verstaan de som van de doelmatige offers, die voor de eenheid van de door het bedrijf voortgebrachte goederen, dan wel verleende diensten, moeten worden gebracht om deze in de staat en op de plaats te brengen nodig voor de vervulling van hun functie in het betreffende bedrijf."

'n Onderneming wat die kosprys van sy produk of diens wil bereken moet slegs die doelmatig aangewende offers as koste reken, ondoelmatig aangewende offers is 'n verlies vir 'n onderneming en kan nie as koste beskou word nie. Els (op. cit., p.324) stel dit so:

"The manufacturer cannot expect the consumer to pay for the manufacturers own inefficiencies, and he will find that his prices are

out of line with those of his competitors who are not prepared to cost inefficiencies in the cost of their products."

'n Voorvereiste vir die bepaling van die offers wat doelmatig in die produksie- of diensverlenings aktiwiteite van 'n onderneming aangewend is, is dat ondernemings gebruik moet maak van die bedryfsrekeningkundige tegnieke, standarde en begrotings.

Die standaardkosteberekeningtegniek bied heelwat voordele vir 'n onderneming om veranderde pryspeile te huisves.

Daar word met Van der Schroeff (agste druk, op. cit., p.68) saamgestem waar hy die volgende beweer:

"De standaardkosten kunnen daardoor worden gezien als een consequente, logische voortzetting van de vervangingsgedachte."

Standaardkoste en begrotings gaan egter hand aan hand. Standaardkoste is die enger begrip en is toegespits op die koste van die produk, terwyl begrotings die wyer begrip is en toegespits is op die koste van die verantwoordelikeheidsplek. Standaardkoste kan dus gesien word as produkgerigte koste terwyl begrotings daarenteen verantwoordelik=

heidsplekgerigte koste is.

Sorgdrager (op. cit., p.273) noem dat dit 'n feit is dat begrotingsbeheer en standaardkoste aanvullend gebruik kan word, terwyl Van der Schroeff (agste druk, op. cit., p.70) dit nog skerp stel naamlik, dat 'n doelmatige begrotingstelsel nie denkbaar is sonder toepassing van standaardkoste nie.

Om tot 'n doeltreffende bedryfsrekeningkundige stelsel te kan kom, sal aan die vereistes soos aan 'n bedryfsrekeningkundige stelsel in hoofstuk 6 gestel, voldoen moet word. Om egter aan al die gestelde vereistes te kan voldoen deur slegs gebruik te maak van 'n enkele stelsel is onmoontlik. Vir doeleindes van 'n stelsel wat die aktuele koste prys en die korrekte wins van 'n onderneming bepaal ten tye van pryspeilveranderinge en ook nog kontrole binne die onderneming uitoefen, val die keuse op 'n standaardkosteberekeningstelsel wat aangepas is by veranderde pryspeile, tesame met 'n begrotingstelsel.

Van die aangepaste standaardkosteberekeningstelsel sal gepraat word as die standaard aktuelekoste-stelsel.

7.2 DIE STANDAARD AKTUELEKOSTE-STELSEL

Die standaard aktuelekoste-stelsel is niks meer of niks minder as 'n standaardkostestelsel waarby die grondslae van die vervangingswaardeleer geïnkorporeer is, om sodoende tot voordeel van ondernemings te wees ten tye van pryspeilveranderinge. Nie slegs ten opsigte van prysstygings nie, maar ook ten opsigte van prysdalings.

Die standaard aktuelekoste-stelsel kan soos volg uiteengesit en verduidelik word:

Standaard aktuelekoste is voorafbepaalde, verwagte aktuelekoste en word vasgestel volgens die gunstigste proporsionaliteit van die onderneming, wat beteken dat daar 'n wisselwerking tussen hoeveelheid, prys, verkope, produksie en die kwantitatiewe verhoudings van produksiemiddele bestaan. (Vergelyk

- 1) Van der Schroeff : Kwantitatiewe verhoudings en kosten en ekonomiese proportionaliteit; Tweede Druk, Kosmos Amsterdam, 1967.
- 2) Sorgdrager, op. cit., p.65.
- 3) Meij, J.L. : Beschouwingen over aard en omvang van de winst. Bedrijfseconomische verkenningen. N.V. Uitgeversmaatschappij, Den Haag, 1965, p.4).
- 4) Kleerekoper, S. : Vergelykend leerboek der bedrijfseconomie, Deel II. Noordhof, Groningen, 1956, p.77 en verder aan).

Standaard aktuelekoste word bepaal vir materiaal, arbeid en bokoste of kan vir elke individuele koste-item daargestel word. Die standaard aktuelekostespesifikasies moet egter ontwikkel word om by elke onderneming se individuele omstandighede aan te pas.

Standaard aktuelekoste kan gedefinieer word as meetbare koste en hoeveelhede wat, indien doelmatig aangewend, opgeoffer moet word vir die vervanging.

Standaard aktuelekoste kan in 'n groot verskeidenheid ondernemings toegepas word, maar veral in vervaardigingsondernemings. Standaard aktuelekoste is voorafbepaalde koste en verteenwoordig die bedrag wat koste moet wees, en kan gesien word as die aktuele koste verbonde aan die produksie-aktiwiteite van 'n onderneming.

(a) Standaard aktuele koste vir materiaal

Vir elke tipe materiaal wat vir die kosteenheid gebruik word moet die volgende standarde daargestel word:

- (i) Standaard vervangingsverbruik.
- (ii) Standaard aktuele prys.

Die standaard aktuele koste van materiaal is dan die standaard vervangingsverbruik vermen-

nigvuldig met die standaard aktuele prys.

(i) Die standaard vervangingsverbruik

Die vervangingsgedagte is ook vir die kwantitatiewe bepaling van die verbruik toepaslik (vergelyk Van der Schroeff, agste druk, op. cit., p.67). Die standaard vervangingshoeveelheid is nie gerig op die hoeveelheid wat in die verlede verbruik is nie, maar is gerig op die hoeveelheid wat vir die vervanging gebring moet word, nadat alle vermybare verliese uitgeskakel is.

Die standaard vervangingsverbruik van materiaal word gebaseer op die basis van inset-uitsetverhoudings tussen materiaal en voltooi-de produkte asook op die basis van ondervinding uit die verlede sowel as toekomstige verwagtinge.

Hierdie standaard vervangingsverbruik van materiaal verteenwoordig nie die verwagte minimum verbruik van materiaal in die produksieproses nie, maar die maksimum doeltreffende gebruik van materiaal as gevolg van byvoorbeeld, afval, verdamping, normale breekskade ensovoorts.

Nadat die standaard vervangingsverbruik bepaal is word die materiaalhoeveelhede wat vir die produksieproses benodig word bepaal en daarna beheer deur middel van voorraadvlakke.

(ii) Die standaard aktuele prys

Die prys wat vir die vervanging van ru-materiaal opgeoffer moet word, vorm 'n belangrike deel van die totale produksiekoste van 'n produk. Normaalweg beslaan ru-materiaalkoste 50% van die totale produksiekoste van 'n produk soos dit in Brittanje voorkom. (Vergelyk Harper, W.M. : Cost accountancy, Tweede druk, Macdonald and Evans Ltd., London, 1974, p.29).

In die studie word aanvaar, soos reeds eerder genoem, dat vervanging organies met die produksieproses verbind is. Die noodsaak tot vervanging staan nêrens geskrywe nie, en die dogma-begrip word hiermee vir eens en vir altyd van die hand gewys.

Deel van die kontrole oor materiaalkoste berus op doeltreffende aankope asook die verkryging van materiaal teen die mees gunstige pryse, met inagneming van die behoeftes van die produksieproses wat op die kontinue-begrip gebaseer is.

Die standaard aktuele prys van materiaal is die prys wat betaal moet word om 'n spesifieke materiaal-item onder die mees gunstige omstandighede te vervang.

By die daarstelling van die materiaalprysstandaard moet die kwaliteit van materiaal sowel as die betroubaarheid van die verskaffer ook in gedagte gehou word. (Vergelyk Harper, *ibid.*). Die uitdrukking, goedkoop koop is duur koop, geld ook by die aankoop van ru-materiaal.

Ru-materiaalvoorraad moet gehou word onder die stelsel van standaard aktuele waarde.

By die aankoop van ru-materiaal en ander materiaalvoorraad, word die volgende inskrywings in die hoofgrootboek van 'n onderneming gemaak. Die voorraadkontrolerekening word gedebiteer met die werklike hoeveelheid materiaal aangekoop en vermenigvuldig met die standaard aktuele waarde van die materiaal. Die rekening Krediteure Kontrole, word gekrediteer met die werklike hoeveelheid materiaal aangekoop. Vermenigvuldig met die prys wat vir die materiaal by aankope betaal is.

Die verskil tussen die debietinskrywing in die voorraadkontrolerekening en die krediet=

inskrywing in die krediteurekontrolerekening word gedebiteer of gekrediteer na 'n materiaalprysvariasie, afhangende of die variasie gunstig of ongunstig is.

By die uitreiking van direkte materiaal aan die produksieproses word die voorraadkontrolerekening gekrediteer met die werklike hoeveelheid direkte materiaal wat uit die magasyn uitgereik word, en die rekening onvoltooide-werkkontrole word gedebiteer met die standaard vervangingsverbruik vermenigvuldig met die standaard aktuele waarde. Die verskil tussen die debiet na onvoltooide-werkkontrole en krediet na voorraadkontrole word gedebiteer of gekrediteer na 'n materiaalhoeveelheidsvariasie afhangende van of die variasie gunstig of ongunstig is.

Onder 'n stelsel van standaard aktuele koste word die gewone variasie rekeninge slegs behou vir kontrole doeleindes deur die loop van die rekenpligtige periode. Deur middel van die tradisionele variasies word gepoog om die doeltreffendheid van die onderneming te verhoog en om die begrote wins van die onderneming te beskerm deur ondoeltreffendhede en verspillings tot 'n minimum te beperk.

By 'n stelsel van standaard aktuele koste moet daar egter aan die einde van die rekenpligtige periode twee aansuiwerings gemaak word naamlik, een ten opsigte van die koste van verkope en een ten opsigte van die voorraadwaardasies. Die rekenpligtige tydperk word dus as 'n tydsgebonde periode beskou.

Die aansuiwering ten opsigte van die koste van verkope word gemaak, om uit die wins voorsiening te maak vir die vervanging van die materiaal wat in die vorm van voltooide produkte verkoop is.

Hierdie aansuiwering word gemaak deur die verskil te bepaal tussen die standaard aktuele prys van materiaal en die aktuele prys van materiaal aan die einde van die rekenpligtige periode. Die prysverskil word dan vermenigvuldig met die standaard hoeveelheid materiaal wat by die verkoop van produkte opgeoffer is.

Die verskil, so verkry, word bygevoeg by die standaard aktuele koste van verkope om die koste van verkope aan te suiwer na aktuele koste van verkope.

Die aansuiwering ten opsigte van die voorraadwaardasies word gedoen om die voorrade aan die

einde van die rekenpligtige periode teen aktuele koste te waardeer om sodoende die verhoudingsyfers op aktuele waardes te kan bereken.

Die eindvoorraad materiaal, onvoltooide werk en voltooide werk word dus teen aktuele pryse gewaardeer. Die inskrywings is:

Koste van verkope Dt
aan kapitale reserwe.

Vir 'n volledige voorbeeld raadpleeg ahangsel A3.

Uit voorgaande kan afgelei word dat gedeeltelik afgewyk word van die vervangingswaardeleerbeginsel wat wins as die transaksiewins beskou. Om praktiese redes is dit onmoontlik om die wins op elke transaksie te bepaal (veral waar daar heelwat transaksies per dag plaasvind). Ondernemings poog nie om net op elke transaksie wins te maak nie, maar poog om wins op alle transaksies gesamentlik te maak. Onder wins word dus verstaan die wins vir die rekenpligtige tydperk, en staan as periodewins bekend. Die periodewins word opgebou uit die transaksie winste wat gedurende die rekenpligtige tydperk voorgekom het.

Die standaard aktuele kostestelsel gaan uit van die kontinuïteit van die onderneming, dit wil sê, die instandhouding van die wins=bron. As wins word dus slegs gereken die verteerbare inkome (vergelyk Van Straaten, op. cit., p.154).

Indien meer voorraad in die onderneming gehou word as die normale voorraad wat vir die produksie benodig word as gevolg van byvoorbeeld spekulatiewe oogmerke kan 'n verhoging in die prys van voorrade nie as verteerbare inkomste beskou word alvorens die spekulatiewe voorraad nie verkoop is nie. 'n Daling in die prys van spekulatiewe voorraad moet egter as 'n verlies gesien word en moet aan die einde van die rekenpligtige tydperk teen die wins afgeskryf word, indien daar geen reserwes op herwaardering bestaan nie.

Onder normale voorraad word nie 'n spesifieke hoeveelheid voorraad bedoel nie, maar die hoeveelheid voorraad wat in die onderneming aanwezig behoort te wees indien van voorraadvlakke gebruik gemaak word. Indien voorraad dus buite die minimumvlak en maksimumvlak van voorrade gaan, val dit buite die normale voorraad.

Die behandeling van agio en disagio (vergelyk

Klaassen, J. : De vervangingswaarde; Teorie en toepassing in de jaarrekening. Samson Uitgeverij, Alphen aan den Rijn, 1975, p.177) kan soos volg verduidelik word:

Onder agio word verstaan die styging in die waarde van voorrade tussen die moment van aankoop en die moment van verkoop. Volgens die tradisionele vervangingswaardeleer word agio nie as wins beskou nie, as gevolg van die verteerbaarheid van die agio sonder om die winsbron nadelig te beïnvloed.

Agio kan slegs as wins gesien word indien dit gerealiseer word, ongeag of die agio met vreemde of eie kapitaal gefinansier is, en of die agio betrekking het op normale- of spekulatiewe voorraad. Die beginsel, geen wins sonder ruil nie, word dus gehandhaaf (vergeelyk Ankum en Van der Schroeff se siening dat die gedeelte van die agio wat met vreemde kapitaal gefinansier word as wins beskou kan word).

Onder disagio word verstaan die prysdaling van voorraad tussen die moment van aankoop en die moment van verkoop. Disagio moet vir sover dit betrekking het op normale voorraad as 'n verlies beskou word en teen die kapitale

reserwe afgeskryf word. Indien die reserwe= fonds uitgeput is, moet die disagio as 'n verlies teen die wins van die rekenpligtige tydperk in berekening gebring word.

Indien die koste van verkope korrek bepaal is, dit wil sê, indien daar in die koste van ver= kope voorsiening gemaak is vir die vervanging van die voorraad wat by verkoop opgeoffer is, kan agio as wins beskou word sodra die voor= raad geruil word. Die wins wat uit die agio vrykom, sal in die volgende rekenpligtige tyd= perk tot die wins gereken word. (Vergelyk die siening van Van der Schroeff, J.L. Meij en Sorgdrager en tot 'n mindere mate K. Käfer in Standardkostenrechnung. Tweede druk, Zürich, 1964, p.390-445).

(b) Die standaard aktuele arbeidskoste

(i) Die standaard arbeidstyd

By produksie vorm tyd 'n kostefaktor. (Verge= lyk Van der Schroeff, agste druk, op. cit., p.75).

Die bepaling van die standaard arbeidstyd het as oogmerk die in berekening bring van slegs die doelmatig aangewende arbeidstyd. (Verge= lyk Milward, G.E. : Applications of O. & M.,

Macdonald and Evans Ltd., London, 1964, p.75/76 en Milward, G.E. and Wroe, P.H.S. : Further applications of O. & M., Macdonald and Evans Ltd., London, 1966, p.35-42).

Die arbeidstydstandaard vir 'n produk is die totale tydstandaarde vir alle produksie-aktiwiteite wat nodig is vir die vervanging van die produk.

Arbeidstydstandaarde word normaalweg vasgestel op basis van waarneming van werklike aktiwiteite en 'n kritiese evaluering van die aktiwiteite om te bepaal of hulle met die hoogs moontlike doeltreffendheid uitgevoer is. Arbeidstydstandaarde sluit 'n redelike mate van verlies aan tyd in, wat onder normale omstandighede by enige menslike arbeid voorkom. Abnormale tydsverspillings word egter as ondoeltreffendheid beskou en word nie ingereken by die tydstandaard vir arbeid nie.

Sorgdrager en Tromp (Kosprysbeleid en beoordeling, op. cit., p.99) stel dit soos volg:

"Elke ondoelmatige aanwending van die middele wat vir die bereiking van die doel vermy kon gewees het, vorm 'n ekonomiese verlies. Gevolglik moet die

doelmatigheid van die aanwending van die middele aan die ekonomiese en nie aan die tegniese resultaat gemeet word nie."

Vir 'n volledige behandeling van die daarstelling van standarde word die belangstellende leser verwys na die literatuur oor standaardkoste. Vir doeleindes van hierdie studie word hoofsaaklik klem gelê op die belangrikste beginsels waarop die standaard aktuele waardes gebaseer word.

(ii) Standaard aktuele arbeidskoers

Die standaard aktuele arbeidskoers is die arbeidskoers wat verwag word om opgeoffer te word vir die produksie, en word uitgedruk in loonkoers per uur of loonkoers per eenheid van produksie of as 'n daaglikse of weeklikse loon.

By die aantekening van die arbeidskoste in die hoofgrootboek van 'n onderneming word die loonstaatskontrolerekening gedebiteer met die werklike tyd gewerk of werklike produksie gelewer vermenigvuldig met die werklike arbeidskoers wat betaal is. Die rekening krediteure-lone tesame met die verskillende aftrekkings word gekrediteer met hul onderskeie bedrae.

Die toedeling van direkte arbeidskoste na produksie geskied deur middel van 'n krediet op die loonstaatskontrolerekening wat die uitgaafprys verbonde aan die direkte arbeidskoste vir 'n periode verteenwoordig, en 'n debiet na die rekening onvoltooide-werkkontrole wat bestaan uit die standaard arbeidstyd vermenigvuldig met die standaard aktuele arbeidskoers.

Die verskil tussen hierdie debiet en krediet inskrywing verteenwoordig die totale arbeidsvariasie en kan verdeel word in 'n arbeidskoersvariasie en 'n arbeidsdoeltreffendheidsvariasie.

Net soos by materiaal word die arbeidstandaarde aan die begin van 'n rekenpligtige tydperk bepaal, en word slegs onder buitengewone omstandighede gedurende die rekenpligtige tydperk verander. Die standarde kan egter maandeliks, kwartaalliks of ses-maandeliks aangepas word, maar hierdie prosedure word om praktiese redes nie aanbeveel nie.

Aan die einde van die rekenpligtige tydperk moet die koste van verkope aangesuiwer word na aktuele koste. Die aansuiwering geskied op basis van die verskil tussen standaard aktuele

koers en aktuele koers, vermenigvuldig met die standaard arbeidstyd vir verkope. Die aansuiwering geskied deur die koste van verkoperekening te debiteer en die kapitaal reserwerekening te krediteer, of omgekeerd.

(c) Die standaard aktuele bokoste

Vervaardigingsbokoste sluit alle koste in wat nie direk toegedeel kan word na 'n produk of taak nie. Hieronder val items soos huur, krag, water, waardevermindering ensovoorts.

Die gewone bokoste-items skep geen probleme ten opsigte van die bepaling van hul onderskeie aktuele waardes nie. Die enigste bokoste-item wat wel probleme skep is waardevermindering.

Waardevermindering, of ook genoem depresiasie, is 'n rekeningkundige sisteem met die oogmerk om die koste of ander basiese waarde van tasbare of vaste kapitale bates, min skrotwaarde, oor die verwagte ekonomiese leeftyd van die bate op 'n sistematiese en rasonale wyse te verdeel. (Vergelyk Brown, E.C. : Depreciation adjustments for price changes; The Riverside Press, Cambridge, Massachusetts, Boston, 1952, p.2).

Die gebondenheid van die werkeenhede van die duursame produksiemiddel het egter tot gevolg dat die opoffering van bepaalde werkeenhede nie onmiddellik tot vervanging aanleiding gee nie. Daar bestaan dus 'n vervangingsverpligting tussen die tydstip van vervanging en aanskaf, wat op sy beurt weer tot gevolg het dat die waarde van die reeds verbruikte werkeenhede styg met 'n styging in die prys van duursame produksiemiddele. Hierdie styging in die prys van die reeds verbruikte werkeenhede word afgeskryf deur middel van die sogenaamde inhaalafskrywing (vergelyk Hamman, W.D. op. cit., p.132 en Klaassen, J., op. cit., p.95).

Aangesien die reeds verbruikte werkeenhede onder die vervangingsverpligting staan en gebonde is aan die oorblywende werkeenhede van die duursame produksiemiddel, moet die gedeelte van die depresiasie wat deur middel van inhaalafskrywing verhaal word, as 'n verlies gesien word en direk teen die inkomstestaat in berekening gebring word. Scheffer, C.F. (Vervangingswaardeleer en finansiering in M.A.B., 33e jaargang nr. 11, Desember 1959, p.550) sien die ekstra afskrywing nie as 'n finansieringsvraagstuk nie, maar as 'n waarderingsvraagstuk wat 'n las op die aanwesige reserwes lê.

Weens die feit dat die werkeenhede van duur=
same produksiemiddele gebonde is, kan die
moment van vervanging gesien word as die
moment waarop die duursame produksiemiddel
in sy geheel vervang moet word. Dit wil sê,
aan die einde van sy ekonomiese lewe.

Vir kosprysbepalingsdoeleindes word die opge=
offerde werkeenhede van die duursame produk=
siemiddele deur middel van depresiasie bepaal.
In hierdie geval kan die tekort op vorige jare
se afskrywing oor die oorblywende leeftyd van
die bate afgeskryf word.

In die praktyk word die verskynsel soms aange=
tref, dat wanneer die vervangingsprys van
duursame produksiemiddele styg, die pryse van
gedeeltelik verbruikte produksiemiddele ook
styg.

Dit het tot gevolg dat die direkte opbrengs=
waarde van die produksiemiddel aan die einde
van sy ekonomiese leeftyd somtyds hoër is as
verwag, en waarop depresiasie gebaseer is.
Hierdie styging in die skrotwaarde van duur=
same produksiemiddele kan dan as 'n verhaling
van die inhaalafskrywing gesien word, en ver=
minder dus die bedrag van inhaalafskrywing.

. In die geval van 'n kompleks van duursame produksiemiddele wat nie gelyktydig aangeskaf is nie, maar wat 'n eweredig verspreide leefs-tyd het, (ideaalkompleks, vergelyk Pruijt, B.: Subjectiewe schattingen en beleidselementen bij winstbepaling en winstbestemming; Tweede druk, Haarlem, 1964, p.14) hoef daar nie met verliese weens inhaalafskrywing rekening gehou word nie, aangesien die vervangingsverplichting in hierdie geval geminimaliseer word. (Vergelyk voorbeeld volgens Hamman, op. cit., p.134 en 135).

By prysdalings daarenteen word herwaarderingsverliese aangetref wat as 'n verlies beskou moet word, indien dit te wyte is aan vraag- en aanbodfaktore (dit wil sê, ekonomiese veroudering). In die geval van alle ander pryssdalings moet herwaarderingsverliese slegs as 'n verlies beskou word indien daar geen krediete op herwaarderings bestaan nie.

Vir bokoste moet vooraf begroot word, van wat die verwagte aktuele koste verbonde aan bokoste aan die einde van die rekenpligtige tydperk gaan wees. Hierdie begrote bokoste word dan verdeel deur die begrote volume wat in produksie-eenhede, arbeidsure, masjienure, direkte materiaal-koste, direkte arbeidskoste of pri-

mêre koste uitgedruk kan word. Die vooraf= bepaalde bokostekoers wat sodoende verkry word vorm dan die standaard aktuele bokoste en kan verdeel word in vaste bokoste en ver= anderlike bokoste.

By die vergoeding van die werklike bokoste volgens uitgaafprys, word die bokoste-item gedebiteer en bank gekrediteer. Die toedeling van bokoste na produksie geskied teen die standaard aktuele koers vir bokoste. By die toedeling van bokoste na produksie word die onvoltooide-werkkontrolerekening gedebiteer met die standaard volume en die toegedeelde bokosterekening word met dieselfde bedrag gekrediteer. Aan die einde van die rekenplig= tige periode word die individuele bokoste= rekening gekrediteer om hulle af te sluit, en die bokostekontrolerekening word gedebiteer met die onderskeie bedrae.

Die bedrag wat op die bokostekontrolerekening gedebiteer word verteenwoordig die uitgaaf= prys van bokoste. Die toegedeelde bokoste= rekening word daarna gedebiteer om hom af te sluit en gekrediteer na bokostekontrolereke= ning. Hierdie krediet op die bokostekontrolere= rekening verteenwoordig die standaard aktuele koste verbonde aan bokoste. Die verskil op

die rekening bokostekontrolle verteenwoordig die verskil tussen die uitgaafprys van bokoste en die standaard aktuele bokoste, en ontstaan as gevolg van bokoste-afwykings.

Aan die einde van die rekenpligtige tydperk moet 'n aansuiwering gemaak word om die standaard aktuele bokoste na aktuele bokoste te herlei. Dit word gedoen deur die bokostekontrolerekening te debiteer of te krediteer met die verskil tussen die uitgaafprys verbonde aan bokoste en die bedrag benodig vir die verwanging van bokoste wat by die ruil opgeoffer is. Hierdie bedrag word dan oorgeplaas na 'n kapitale reserwerekening.

Voorafgaande bespreking kan aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word. Raadpleeg aanhangsel A4.

Indien die koste van verkope korrek bepaal is, dit wil sê, volgens aktuele koste, kan die wins wat in die inkomstestaat bepaal word, net so aan die belanghebbendes uitgekeer word, nadat daar voorsiening vir belasting gemaak is.

Onderskeid word dus getref tussen verteerbare en nie-verteerbare wins of soos Meij (op. cit.,

p.42) dit stel "te reserveren winst en uit te keren winst". Die nie-verteerbare wins word dus in die variasierekening opgevang terwyl die verteerbare wins deur die inkomstestaat aangedui word.

Winsbepaling is nie soos sommiges meen 'n vraagstuk van finansiering nie, maar 'n vraagstuk van rasionele en irrasionele vertering. Die vraagstuk van vertering raak egter ook die finansiering, maar so kan alle probleme van koste- en winsbepaling finansieringsprobleme wees. (Vergelyk Limperg, T.H. jr. : Bedrijfseconomie : Verzameld werk, Deel 6, E.E. Kluwer, Deventer, 1965, p.314).

Die vervangingswaardeleer handel oor 'n waarde-vraagstuk en nie oor 'n finansieringsvraagstuk nie. Die toepassing van die vervangingswaardeleer in 'n onderneming gaan egter met finansieringseffekte gepaard. (Vergelyk Scheffer, op. cit., p.550). Deur byvoorbeeld by die periodieke winsbepaling die aanwesige voorrade teen aktuele waarde te waardeer, word voorkom dat geen vermoë aan die onderneming onttrek word wat vir die finansiering van die vervanging van voorrade nodig kan wees nie. Hier besit die waardering teen aktuele waarde wel 'n finansieringseffek.

Wat die verkoops- en administratiewe koste betref, moet hulle ook aangepas word na aktuele koste. Wat die verkoopskoste betref moet die volle bedrag in die inkomstestaat in berekening gebring word, aangesien dit slegs betrekking het op die verkope gedurende die rekenpligtige tydperk.

Die administratiewe koste teen aktuele waardes kan in totaal teen die inkomstestaat geboek word, of verdeel word tussen koste van verkope, voltooide-werkvoorraad en onvoltooide-werkvoorraad, afhangende van die ondernemingsbeleid.

Die verskil tussen die verkoops- en administratiewe koste teen aktuele koste en teen uitgaafprys word gekrediteer na 'n kapitale reserwerekening en gedebiteer na koste van verkope.

Om praktiese redes en weens die feit dat die verkoops- en administratiewe koste van 'n onderneming 'n klein persentasie van die totale koste uitmaak, en normaalweg nie so aan pryspeilveranderings onderhewig is soos vervaardigingskoste nie, kan hierdie koste-items teen hulle uitgaafprys in die inkomstestaat in berekening gebring word. Hierdie metode word egter nie aanbeveel nie.

Die voorraad ru-materiaal bly onder 'n standaard aktuele kostestelsel in die boeke teen standaard aktuele waarde. Die voorraadwaarde sal outomaties in die volgende rekenpligtige periode regkom, wanneer die vervangingsaankope geskied en die standaard aktuele waarde van voorraad vir die volgende rekenpligtige periode bepaal is.

Die rekening kapitalereserwe sal in tye van prysdalings weer verminder met debiete op die kapitale reserwe en krediete op koste van verkope.

By die opstel van begrotings moet die standaard aktuele waardes toegepas word. Van der Schroeff (agste druk, op. cit., p.70) stel dit soos volg:

"Een doelmatig budgetsysteem is niet wel denkbaar zonder de toepassing van standaardkosten."

Geen kostestelsel wat nie gebruik maak van 'n standaardkostestelsel wat geïntegreerd is met 'n begrotingstelsel, kan tot 'n korrekte kosteprysbepaling kom nie, aangesien dit nie slegs die doelmatig aangewende offers as koste reken nie, maar ook die verspillings.

As voorvereiste vir 'n korrekte winsbepaling geld egter ook 'n korrekte kosprysbepaling, terwyl winsbestemming weer op sy beurt kan plaasvind nadat die korrekte wins bereken is. (Vergelyk Kreiken, J. : Objectiewe winstberekening en de gevaren van de vervangingswaarde teorieën voor onderneming en maatschappij; De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1957, p.26).

7.3 SLOT

Die leerlinge van Limperg naamlik Van der Schroeff en A. Mey het hoofsaaklik die gedagtes van Limperg met betrekking tot die vervangingswaarde uitgedra. Hulle het die klem laat val op die kostebepaling op die moment van ruil. J.L. Meij, wat ook 'n leerling van Limperg was, het weer meer klem gelê op die vervangingsprys. Kleerekoper daarenteen het weer meer aandag aan die verskillende arbeidsteorieë geskenk en dus weg beweeg van die vervangingswaardegedagtes van sy leermeester.

Wat die ontwikkeling en uitbouing van die vervangingswaardeleer in Suid-Afrika aanbetref het dit hoofsaaklik geskied deur Sorgdrager, Van der Meulen, Joubert en Hamman. Sorgdrager het die vervangingswaardeleer soos deur Van der Schroeff aan hom voorgehou, aangepas om hoofsaaklik by sy Angel-Saksiese denke in te pas.

Van der Meulen daarenteen wat sy opleiding te Rotterdam ontvang het, lê veral klem op die finansierings en winsbepalingsprobleme by veranderde pryspeile, terwyl weinig aandag aan die kostebepaling geskenk word. Van der Meulen se voorbeeld word dan ook deur sy studente Joubert en Hamman uitgedra en uitgebou.

Die oplossing vir die toekoms lê in die opleiding van bedryfsrekenmeesters aan universiteite sodat die kosprysbepaling van ondernemings teen aktuele waardes kan geskied, sowel as die opleiding van rekenmeesters wat finansiële jaarstate slegs sal goedkeur indien dit volgens aktuele waardes opgestel word.

Die maatskappywet moet ook aangepas word sodat dit 'n duidelike omskrywing gee van wat onder koste en wins verstaan word.

Laastens sal die Ontvanger van Binnelandse Inkomste oorreed moet word om slegs belasting te hef op verteerbare inkomste.

A1

INFLATION ADJUSTMENTS TO EARNINGS OF SOUTH AFRICAN COMPANIES

Column 1	=	Company
2	=	Year end
3	=	Historical EPS
4	=	Current Purchasing Power EPS
5	=	Total Decrease or Increase
6	=	Depreciation (Loss)
7	=	Stock Profit (Loss)
8	=	Cash flow (Gain)
9	=	Short money (Gain)
10	=	Long money (Gain)

5-10 represents the change expressed as a % of Historical earnings (No. 3)

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Fin. Ind									
Abercom	6.1974	41,10	41,10	-0	11	16	3	3	22
Barlow	9.1973	37,80	33,17	-12	6	24	2	4	12
Calan	6.1973	44,90	38,48	-14	15	9	2	-14	21
Fincoinh	6.1974	11,10	14,44	30	0	0	-58	38	49
Hippo	6.1974	28,70	25,59	-11	42	11	11	-1	31
Uclef	9.1973	20,00	57,28	186	211	0	40	54	304
Malbak	3.1974	21,20	16,13	-24	11	26	1	-5	18
Mitcot	6.1973	23,80	13,01	-45	10	43	2	-7	11
Natair	6.1974	18,10	14,32	-21	4	58	8	28	5
Primrose	6.1974	36,70	42,04	15	13	3	7	1	23
Sagind	6.1974	16,00	10,97	-31	9	40	4	14	0
Smiths	3.1974	40,30	41,42	3	13	17	5	8	20
Suiderld	12.1973	3,89	4,70	21	4	4	5	12	12
Banks									
Nedbank	9.1973	55,10	25,08	-54	0	0	4	-64	6
Stanbic	3.1974	38,40	38,71	1	0	0	6	-28	23
Volkskas	3.1974	62,90	57,69	-8	0	0	6	-111	97
Property									
Fedprops	2.1974	25,10	36,23	44	0	0	5	-2	41
Glenanil	6.1974	74,90	111,57	49	1	0	-9	-120	179
Norbank	2.1974	8,24	23,82	189	7	0	7	69	121
Rapmais	2.1974	12,70	20,18	59	0	0	5	-19	73
Retco	2.1974	4,50	6,83	52	2	0	5	-15	64
Beverage									
Sabrews	3.1974	17,60	21,17	20	10	7	-7	5	39
Sadist	3.1974	118,00	140,73	19	0	0	4	12	4
Stelwine	3.1974	45,30	39,99	-12	10	25	5	9	9
Building									
Angalpa	6.1973	15,40	32,36	110	0	8	7	6	105
Blajohn	6.1974	29,40	24,74	-16	5	21	-1	3	8
Boumat	3.1974	48,40	43,51	-10	3	19	-2	8	5
Capecent	6.1974	64,20	76,34	19	42	9	11	16	42
Everite	6.1973	19,00	16,80	-12	9	25	6	4	13
Bruply	12.1973	18,70	18,56	-1	21	17	4	8	25
Buffalo	6.1974	24,00	21,69	-10	3	33	-1	5	23
Johnstn	6.1974	86,40	70,71	-18	5	21	-1	3	6
Plevans	6.1973	15,40	13,05	-15	4	23	6	3	3

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Building									
SA Quarry	6.1974	18,40	30,65	67	0	3	11	-8	66
Whites	11.1973	15,10	16,89	12	31	8	8	-15	59
Chemical									
AE & CI	12.1973	33,40	30,07	-10	24	12	6	-1	20
Chemhold	6.1974	35,30	30,58	-13	10	27	-14	18	19
Senchem	6.1973	10,40	8,08	-22	40	48	7	14	45
Triomf	12.1973	41,10	45,15	10	7	26	2	16	25
Clothing									
Charmfit	6.1974	21,80	25,36	16	0	41	-7	37	27
Desiree	6.1973	48,40	51,36	6	10	74	13	2	75
Rextrufm	6.1974	77,00	67,91	-12	5	0	-1	-15	9
Safnit	6.1973	45,20	46,72	3	14	50	3	30	35
SA Cloth	12.1973	39,90	34,24	-14	7	42	-4	13	26
Furniture									
Afcol	3.1974	32,90	29,68	-10	8	16	2	-15	27
Bradlows	2.1974	61,50	37,25	-39	2	18	1	-49	29
Ellerine	6.1974	44,20	30,79	-30	3	6	5	-75	48
Lewis Ap	2.1974	12,30	13,02	6	23	86	-11	107	19
Russell	2.1974	26,40	21,17	-20	2	11	2	-35	26
Steelbar	6.1973	31,30	17,24	-45	7	46	8	-57	57
Fishing									
Lamberts	12.1973	40,20	36,00	-10	10	6	4	-1	2
Marinepr	12.1973	55,10	50,77	-8	7	5	3	1	0
Seaswa	12.1973	70,20	66,27	-6	2	0	5	-13	5
SWA fish	12.1973	91,40	79,50	-13	2	1	5	-16	0
Food									
Asokor	6.1973	18,90	19,76	5	10	9	2	8	13
Bakers	6.1974	35,20	21,71	-38	38	31	5	-5	31
Bechmalt	2.1974	42,00	37,51	-11	10	18	0	1	16
Becketts	6.1974	29,80	28,18	-5	7	21	2	11	10
Csdbury	12.1973	20,20	9,39	-53	29	46	3	-8	26
Imperial	12.1973	24,30	16,97	-30	22	18	4	0	5
I & J	6.1973	8,86	4,29	-52	47	32	5	-10	33
Monif	1.1974	24,80	17,83	-28	23	29	5	16	3
Premill	3.1974	45,30	41,51	-8	21	26	7	10	21
Stein Br	9.1973	18,98	11,89	-37	17	17	4	-12	4
Tiger Oa	6.1973	60,30	54,64	-9	10	16	3	7	7
Footwear									
Eddels	6.1974	17,30	3,07	-82	27	58	1	-11	12
Silv In	6.1973	34,00	26,90	-21	8	26	5	3	5
Iron, Steel									
Aberdare	12.1973	50,00	36,82	-26	7	16	4	-9	1
Af Cable	6.1973	58,90	44,40	-25	11	15	4	-2	0
Afrox	9.1973	14,10	8,05	-43	30	53	6	4	30
Cullhldg	6.1974	26,50	25,71	-3	27	12	8	-7	34
Elginfir	6.1974	43,30	47,31	9	6	-3	-13	15	19
Field	12.1973	11,10	8,45	-24	9	29	3	8	3
Globe	6.1973	60,30	43,67	-28	8	9	5	-17	2
Hiveld	6.1974	17,50	24,69	41	26	9	11	25	39
Hudaco	10.1973	16,40	5,85	-64	19	109	18	15	31
Hulamin	12.1973	33,00	25,55	-23	24	31	9	3	21

	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Iron, Steel										
Ical	12.1973	34,10	6,95	-80	13	47	5	-43	18	
Jbhamer	6.1974	22,60	19,01	-16	25	6	1	-8	22	
Masferg	10.1973	66,30	26,19	-61	12	59	7	-0	4	
Natbolt	6.1974	22,90	12,32	-46	40	35	0	19	10	
Oldham	3.1974	29,20	26,02	-11	11	17	4	13	0	
Otis	9.1973	37,40	27,22	-27	3	27	9	-12	5	
Reunerts	6.1974	67,80	52,76	-22	4	24	6	-5	4	
Scottish	12.1973	20,20	16,87	-16	6	8	3	-6	0	
Steelmet	6.1974	58,00	54,68	-6	2	54	-4	53	1	
Stewll	9.1973	22,60	7,11	-69	15	56	3	-20	19	
Union St	12.1973	2,85	-0,12	-104	164	195	8	-52	299	
Motors										
Alderson	6.1973	11,40	9,38	-18	1	45	3	1	25	
Asseng	9.1973	41,30	15,33	-63	21	62	5	9	6	
Autolec	6.1973	17,00	18,97	12	2	13	5	9	12	
Capcar	6.1973	14,50	9,06	-38	6	66	-3	-4	41	
Currie	6.1973	58,90	37,47	-36	2	28	6	-52	40	
Datsun	9.1973	106,00	112,70	6	17	65	9	43	36	
Dunlop	12.1973	13,10	13,31	2	59	61	1	-1	121	
Eriksen	7.1973	37,60	29,91	-20	4	85	2	9	58	
Leyland	9.1973	25,40	1,10	-96	9	143	22	26	8	
Lindsay	3.1974	15,30	10,08	-34	8	59	6	-10	36	
Mcrowdway	6.1974	20,70	16,85	-19	3	46	1	-0	29	
Nfs.motor	6.1974	52,90	51,39	-3	7	43	3	9	35	
Robbs	6.1973	15,90	9,96	-37	11	47	5	-7	24	
Tollgate	6.1973	31,80	35,79	13	25	3	9	11	21	
Toyota	12.1973	108,00	91,16	-16	5	44	6	19	9	
Volswag	12.1973	51,00	69,09	35	97	169	-23	262	62	
Safmarin	6.1973	50,30	65,17	30	18	0	8	3	38	
Paper										
Conglass	6.1973	29,20	23,90	-18	33	47	11	5	46	
Kohler	6.1973	46,40	44,06	-5	17	22	4	-1	31	
Metalbox	3.1974	40,90	40,20	-2	22	27	2	17	27	
Metalclo	12.1973	25,40	19,53	-23	21	20	6	-5	16	
Nampak	4.1974	38,50	28,94	-25	12	17	3	-3	3	
Prempap	6.1974	74,20	87,03	17	23	16	8	16	32	
Sappi	12.1973	22,20	16,58	-25	52	20	9	3	36	
Pharmaceutical										
Propan	3.1974	27,80	19,28	-31	10	75	2	43	9	
Sadrug	8.1973	13,20	9,42	-29	4	59	1	8	25	
Printing										
Argus	12.1973	376,00	349,97	-7	9	2	6	-8	7	
Caxton	2.1974	22,50	26,40	17	5	7	6	1	22	
CNA	2.1974	57,20	55,05	-4	12	63	8	30	33	
Epnews	12.1973	25,60	20,87	-18	16	1	5	-12	5	
Saan	12.1973	127,00	110,23	-13	10	2	5	-14	7	
Wsale & Retailers										
Frasers	6.1973	37,30	22,74	-39	5	61	-4	29	2	
Glolec	6.1973	19,70	14,98	-24	4	64	1	12	32	
Gresham	6.1974	58,60	62,18	6	7	28	-2	17	25	
Metrocsh	2.1974	32,90	34,87	6	4	24	-14	48	0	

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
Stores									
Edgars	6.1974	381,00	291,11	-24	1	22	2	-21	19
Garlicks	6.1974	55,60	45,34	-18	9	32	5	-5	23
Grandbz	2.1974	13,50	11,41	-15	12	66	-5	68	0
John Orr	2.1974	36,90	40,77	10	8	22	2	14	24
Pep	2.1974	67,60	63,33	-6	1	31	-6	30	1
Pick & Pay	2.1974	76,60	82,26	7	8	32	-1	49	0
Stutfd	2.1974	42,20	24,64	-42	30	29	6	-13	25
Truwrths	6.1974	392,00	352,50	-10	8	20	4	-4	17
Wolwrths	5.1974	26,70	27,31	2	5	13	1	10	9
Sugar									
Huletts	3.1974	48,80	57,11	17	12	12	7	4	30
Illovo	4.1974	28,00	29,22	4	30	39	9	-5	69
Tongaat	3.1974	27,30	29,55	8	32	18	9	10	40
Swazisug	3.1974	23,30	26,02	12	34	2	4	12	32
Textiles									
Ropemat	6.1974	54,10	58,07	7	17	9	-8	17	24
Tobacco & Match									
Lionmatch	12.1973	26,30	22,97	-13	14	15	4	4	8
Untobac	9.1973	40,10	13,20	-67	12	62	5	-2	5

A2(1)

Werklike voorraad identies met ystervoorraad.

Besonderhede vir 1975

Beginsaldo 500 eenhede teen R1 per eenheid.

Aankope 5 000 eenhede teen R2 per eenheid.

Uitreikings 5 000 eenhede.

Ystervoorraad 500 eenhede.

1) Ystervoorraad

Voorraadkontrolerekening

Beginsaldo	R500	Uitreikings	R10 000
Aankope	10 000	Saldo	500
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

2) F.I.F.O.

Voorraadkontrolerekening

Saldo	R500	Uitreikings	R9 500
Aankope	10 000	Saldo	1 000
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

3) L.I.F.O.

Voorraadkontrolerekening

Saldo	R500	Uitreikings	R10 000
Aankope	10 000	Saldo	500
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

A2(ii)

Die werklike voorraad is minder as die ystervoorraad.

Besonderhede vir 1975

Beginvoorraad 500 eenhede teen R1 per eenheid.

Aankope 5 000 eenhede teen R2 per eenheid.

Uitreikings 5 200 eenhede.

Eindvoorraad 300 eenhede.

Vervangingswaarde R2 per eenheid.

1) Ystervoorraad

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R10 200
Aankope	10 000	Inkomstestaat	400
Aankope	400	Saldo	300
	<u>R10 900</u>		<u>R10 900</u>

Ystervoorraad 500 teen R1 = R500

Tekort 200 teen R2 = 400

Eindvoorraad = R100 volgens yster=
voorraad

2) F.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R9 900
Aankope	10 000	Saldo	600
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

3) L.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R10 200
Aankope	10 000	Saldo	300
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

A2(iii)

Werklike voorraad is meer as die ystervoorraad.

Besonderhede vir 1975

Beginvoorraad 500 eenhede teen R1 per eenheid.
Aankope 5 000 eenhede teen R2 per eenheid.
Uitreikings 4 000 eenhede.
Eindvoorraad 1 500 eenhede.

1) Ystervoorraad

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R8 000
Aankope	10 000	Saldo	2 500
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

2) F.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R8 500
Aankope	10 000	Saldo	2 000
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

3) L.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R8 000
Aankope	10 000	Saldo	2 500
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

A2(iv)

Waar daar 'n permanente daling in die ystervoorraad voorkom.

Besonderhede vir 1975

Beginvoorraad 500 eenhede teen R1 per eenheid.

Aankope 5 000 eenhede teen R2 per eenheid.

Uitreikings 5 200 eenhede.

Eindvoorraad 300 eenhede.

Ystervoorraad aan die einde van die jaar 300 eenhede.

1) Ystervoorraad

Voorraadkontrolerekening

Saldo	R500	Uitreikings	R10 400
Aankope	10 000	Saldo	300
Inkomstestaat	200		
	<u>R10 700</u>		<u>R10 700</u>

Voorraadwins is $(R2 - R1) \times 200$ eenhede = R200.

2) F.I.F.O.

Voorraadkontrolerekening

Saldo	R500	Uitreikings	R9 900
Aankope	10 000	Saldo	600
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

3) L.I.F.O.

Voorraadkontrolerekening

Saldo	R500	Uitreikings	P10 200
Aankope	10 000	Saldo	300
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

A2(v)

Waar daar 'n permanente styging in die ystervoorraad voorkom.

Besonderhede vir 1975

Beginvoorraad 500 eenhede teen R1 per eenheid.

Aankope 5 000 eenhede teen R2 per eenheid.

Uitreikings 4 800 eenhede.

Eindvoorraad 700 eenhede.

Ystervoorraad aan die einde van 1975 is 700 eenhede.

1) Ystervoorraad

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R9 600
Aankope	10 000	Saldo	900
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>
Eindvoorraad : 500 teen R1 = R500			
200 teen R2 = 400			
<u>R900</u>			

2) F.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R9 100
Aankope	10 000	Saldo	1 400
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

3) L.I.F.O.

<u>Voorraadkontrolerekening</u>			
Saldo	R500	Uitreikings	R9 600
Aankope	10 000	Saldo	900
	<u>R10 500</u>		<u>R10 500</u>

onderstel die volgende geval.

100 kg. materiaal is gedurende die rekenpligtige tydperk aangekoop.

100 kg. materiaal is uitgereik aan die produksieafdelinge.

Standaard aktuele prys van materiaal is R1,50 per

kg. materiaal aan die einde van die rekenpligtige tydperk is R2,00 per kg. (vervangingsprys).

100 eenhede produkte is gedurende die rekenpligtige tydperk voltooi, terwyl 300 eenhede van die produksie gedurende die rekenpligtige tydperk verkoop is teen R20,00 per eenheid.

Standaardverbruik van materiaal is 2 kg. per eenheid.

Standaard aktuele prys vir die volgende rekenpligtige tydperk is R2,00 per kg.

Voorraadkontrole

1000 kg. teen R1,50	R1 500	800 teen R1,50	R1 200
---------------------	--------	----------------	--------

Onvoltooide-werkkontrole

200 teen R1,50	R1 200	800 teen R1,50	R1 200
----------------	--------	----------------	--------

Voltooide-werkkontrole

100 teen R1,50	R1 200	600 teen R1,50	R900
----------------	--------	----------------	------

Koste van verkope

100 teen R1,50	R900
----------------	------

Aansuiwerings:

(1) Standaard aktuele prys	R1,50
Aktuele prys	2,00
Verskil	R0,50

Standaard hoeveelheid materiaal verkoop 600 kg
